Ander Aardes in die Universum 1-50 (Afr)

Emanuel Swedenborg – 1688-1772

Arcana Coelestia – Geheime van die Hemele.

1. Deur die Goddelike genade van die Meester is die innerlikes, wat van my gees is, vir my oopgemaak, en daarby is dit aan my toegestaan om te spreek met geeste en engele, nie net slegs met hulle wat naby ons Aarde is nie, maar ook met hulle wat naby ander Aardes is, omdat ek `n begeerte gehad het om te weet of daar ander Aardes is, en wat hulle gesteldheid is, en die kwaliteit van hulle inwoners, daarom is dit deur die Meester toegestaan om met geeste en engele van ander Aardes te praat en omgang met hulle te hê, met sommiges vir `n dag, met sommiges vir `n week, en met sommiges vir maande; en om deur hulle onderrig te word aangaande die Aardes, waar hulle die naaste aan was; en betreffende die lewens, gebruike, en aanbidding van die inwoners daarvan, en oor verskeie ander dinge wat geskik is om te vertel; en omdat dit op hierdie manier aan my toegestaan is om hierdie dinge te weet, is dit ook toegelaat om hulle te beskryf uit dit wat ek gehoor en gesien het. Dit is ook nodig om te weet dat alle geeste en engele van die menslike ras is; 1.1 en dat hulle naby hulle eie Aardes is; 1.2 en dat hulle weet wat is daar, en dat deur hulle kan die mens onderrig word, as sy innerlikes so ver oopgemaak is dat hy met hulle kan praat en met hulle verkeer; want die mens is in sy wese `n gees, 1.3 en hy is met sy innerlikes saam met die geeste, 1.4 daarom, hy wie se innerlikes deur die Meester oopgemaak is, mag met hulle spreek soos mens teenoor mens, 1.5 wat aan my toegestaan is nou al vir twaalf jaar. Uit die Arcana Coelestia; waar hierdie en die opvolgende notas verduidelik en gewys word.

2. Dat daar baie aardes is, en mense op hulle, as geeste en engele, is goed bekend in die ander lewe, want dit is daar toegestaan aan elkeen wat dit begeer uit liefde vir die waarheid, om te praat met geeste van ander Aardes, en daardeur bevestig dat daar `n meerfoudigheid van wêrelde is, en om ingelig te wees dat die menslike ras is nie slegs van een Aarde nie, maar van ontelbare Aardes; en om bowendien ingelig te word wat hulle geestelike ingesteldheid is, die manier van lewe, en hulle Goddelike aanbidding.

3. Ek het af en toe gepraat oor hierdie onderwerp met die geeste van ons aarde en dit was gesê dat enige man met `n skerp intelligensie mag tot `n slotsom van baie dinge kom dat hy weet dat daar baie Aardes is, en dat daar mense op is; want dit mag tot `n gevolgtrekking kom uit die rede dat sulke groot massas van planete, sommiges baie baie groter as die Aarde, nie leë massas kan wees nie, en slegs gemaak is om eindeloos om hulle sonne te draai! En om te skyn met hulle karige lig vir een Aarde, maar dat hulle gebruik vir `n groter doel is wat uitnemend moet wees. Hy wat glo, en elkeen behoort te glo, dat die Goddelikheid die universum geskep het vir geen ander rede as dat die menslike ras moet bestaan nie, en daaruit die hemel, want die menslike ras is die 'kweekskool' van die hemel, en moet ook glo dat waar daar `n Aarde is, is daar ook mense. Dat die planete wat vir ons oë sigbaar is, en wat binne die grense van hierdie son-sisteem is, is inderdaad Aardes, en mag aangetoon word dat hulle liggame van aardse materiaal het, omdat hulle die lig van die son reflekteer, en wanneer gesien word deur

optiese glase, kom hulle voor, nie net as sterre wat glinster as gevolg van hul vlamme nie, maar as Aardes wat varieër met donkerder gedeeltes. Dieselfde mag voorkom hieruit, dat hulle, net soos ons aarde, vervoer word deur `n vooruitgaande beweging rondom die son, in die manier van die sodiak, daarom het hulle jare, en seisoene van die jaar, soos lente, somer, herfs en winter, en net soos ons aarde draai hulle om hulle eie as, daarom het hulle dae, soos oggend, middag, en nag. Bowendien het sommiges ook nog mane, wat satelliete genoem word, en wat rondom hulle sfere draai op vasgestelde tye, soos wat ons maan maak om die Aarde. Ook het die planeet Saturnus `n baie groot verligte belt om hom, omdat hy baie ver van die son af is, en daardie belt verskaf aan hom die nodige lig, alhoewel dit van `n weerkaatsing af is. Hoe kan hy wat hierdie dinge weet en uit sy rede dink daaraan, dan kan sê dat hierdie leë liggame is?

4. Bowendien, wanneer ek met geeste praat, het ek gesê dat die mens mag glo dat in die universum is daar meer Aardes as een, uit dit, dat die sterbelaaide hemel is so yslik groot, en die sterre daarin is ontelbaar, elkeen op sy eie plek, of in sy eie wêreld, en hulle is `n son, soos ons son, met hulle eie grootsheid. Wie nou ookal daaraan dink, moet tot `n slotsom kom dat so `n immense grootsheid moet een of ander doel hê, wat die uiteinde van die skepping is, en daardie einde is die Koninkryk van die Hemele, waarin die Goddelike kan woon met Sy engele en mense, want die sigbare universum, of die hemel, skitterend met sterre so ontelbaar, wat soveel sonne is, is slegs `n rede vir die bestaan van Aardes, en van mense daarop, waaruit `n Hemelse Koninkryk gevorm kan word. Uit hierdie dinge moet `n rasionele mens gelei word om te aanvaar, dat so `n immense skepping, aangepas tot so `n groot doel, was nie saamgestel vir `n ras van mense en vir die hemel slegs ontleen van een aarde nie, want wat sal dit wees vir die Goddelike, wat oneindig is, en vir wie duisende, ja, tien duisende van Aardes, almal vol inwoners, sal klein wees en skaars enigiets.

5. Bowendien, die engele hemel is so immens, dat dit korrespondeer met al die besonderhede van die mens, ontelbare, tallose dinge korrespondeer met elke lit, orgaan, en ingewande, en tot elke emosie van elkeen, en dit is gegee om te weet dat hierdie hemel, tot al sy korrespondensies, kan hoegenaamd nie bestaan, behalwe uit die inwoners van die baie Aardes nie. 5.1

6. Daar is geeste wie se totale studie is om kennis vir hulself te vergader, omdat hulle `n genot daarin het om kennis te versamel. Daarom word hierdie geeste toegelaat om rond te swerf, en selfs om uit hulle sonnestelsel te gaan in die van ander, en om sodoende kennis te verkry. Hulle het verklaar dat daar Aardes is wat bewoon word deur mense, nie net in hierdie sonnestelsel nie, maar ook buite dit en ver in die sterrehemel, tot `n ontelbare totaal. Hierdie geeste is van die planeet Mercurius.

7. Wat betref die algemene Goddelike aanbidding van die bewoners van ander Aardes, diegene van hulle wat nie afgods-aanbidders is nie, erken almal die Meester as die enigste God, want hulle aanbid die Goddelike nie as `n onsigbare nie, maar as `n sigbare, ook vir die rede dat as die Goddelike aan hulle verskyn, verskyn Hy in die menslike vorm, soos Hy ook voorheen aan Abraham en ander verskyn het op hierdie aarde; 7.1 en hulle wat die Goddelike aanbid onder `n menslike vorm, word almal aanvaar. 7.2 Hulle sê ook nie

een kan na regte die Goddelike aanbid as hy nie met Hom verenig is nie, tensy hy hom verstaan onder een of ander idee, en dat God nie verstaan kan word behalwe in Sy menslike vorm nie, en as Hy nie so verstaan word nie, sal die innerlike sig, wat van die denke betreffende die Godheid is, verstrooi word, en ook die sig van die oog wanneer daar gekyk word na die grenslose universum, en in hierdie geval kan die denke nie anders as om in die natuur weg te sink nie, en die natuur sal aanbid word as God.

8. Dan word hulle vertel dat die Meester op ons Aarde `n Menslike liggaam aangeneem het, hulle het vir `n oomblik gepeins, en uiteindelik gesê dat dit gedoen was vir die redding van die menslike ras.

9. Die Aarde of Planeet Mercurius, sy geeste en Inwoners.
Dat die hele hemel `n oer-mens voorstel, wat daarom die Grootste Mens genoem word, en dat alle dinge van die mens, beide sy innerlikes en uiterlikes, korrespondeer met daardie mens of hemel, is `n Arcanum (geheim) wat nog nie aan die wêreld bekend is nie, maar dat dit so is, was oorvloedig lik getoon. 9.1 Om die Grootste Mens saam te stel word geeste van baie ander Aardes benodig, want hulle wat van ons aarde afkomstig is, is nie genoeg vir hierdie doel nie, en omdat hulle respektiewelik te min is, word die ander deur die Meester voorsien, dat wanneer daar `n tekort op enige plek ontstaan soos in kwaliteit en kwantiteit van die korrespondensie, word onmiddelik vanaf die ander planete aangevra wat die tekorte kan aanvul, dat die verhouding behoue kan bly, en so word die ewewig van die hemel konstant gehou.

10. Dit is ook uit die hemel aan my bekend gemaak in watter verhouding die geeste van die planeet Mercurius teenoor die Groot Kosmiese Mens staan, naamlik, dat hulle `n verhouding tot sy geheue het, maar tot die geheue van dinge wat onttrek is uit aardse en meer materieële voorwerpe. Aangesien dit aan my toegestaan is om met hulle te praat, en dit gedurende baie weke, en om te leer wat hulle natuur en kwaliteit is, en om na te vors hoe die omstandighede van daardie inwoners van daardie aarde in die besonder daar uitsien, sal ek nou my ervaringe hier meedeel.

11. Sommige geeste het na my toe gekom, en dit was vanuit die hemel verklaar dat hulle van die aarde was die naaste aan die son, en wat op ons aarde genoem word met die naam Mercurius. Onmiddelik by hul aankoms ondersoek hulle my geheue on te sien wat ek alles weet. Geeste kan dit baie behendig doen, want wanneer hulle by `n mens kom, sien hulle in sy geheue al die dinge wat daarin gestoor is. 11.1 Gedurende hulle soeke na verskeie dinge, en tussen alle dinge veral, vir die stede en plekke wat ek besoek het, ek neem waar dat hulle geen wens het om te weet van tempels, paleise, huise, of strate nie, maar slegs daardie dinge wat ek weet wat verrig is in daardie plekke, ook of dit verband hou met die regering daarin, en tot die gees en gewoontes van daardie inwoners, en soortgelyke dinge: want sulke dinge hang saam met die plekke in `n mens se geheue, daarom, wanneer so `n plek opgeroep word uit die geheue, dan word hierdie sake ook opgehaal. Ek het gewonder oor hierdie ingesteldheid van hulle, waarop ek hulle gevra het waarom hulle die wonderbaarlike plekke dan verontagsaam, en slegs aandag gee aan dinge en dade wat daar gedoen is. Hulle sê dat hulle geen genot daarin het om te kyk na dinge wat materieël, liggaamlik of aards is nie, maar slegs dinge wat werklik is. Daarom

was dit bevestig dat die geeste van daardie aarde, in die Groot Kosmiese Man, `n verhouding het tot die geheue van dinge abstrak van dit wat materieël en aards is.

12. Ek was so vertel dat dit is hoe die lewe van die inwoners van daardie aarde is, naamlik dat hulle geen besorgdheid het aangaande dinge wat aards en liggaamlik is nie, maar slegs na die statute, wette, en vorms van regerings van die nasies daarin, ook oor die dinge van die hemel, wat ontelbaar is. En ek was verder ingelig dat baie van daardie mense van daardie aarde spreek met geeste en dat hulle daardeur kennis het van geestelike dinge, en van die status van die lewe na die dood, en dan ook hulle weersin in dinge liggaamlik en aards. Want hulle wat vir `n sekerheid weet, en glo in `n lewe na die dood, is besorg oor die hemelse dinge, dat dit ewig en gelukkig is, maar nie aangaande wêreldse dinge nie, en slegs net so ver as wat dit die nodigste vir die lewe aanbetref. Omdat die inwoners van Mercurius so is, is die geeste wat daarvandaan is ook net so. 12.1

13. Met watter gretigheid hulle navraag doen en die kennis van dinge indrink wat aan die geheue behoort styg uit bokant die sensuele dinge van die liggaam, en was aan my duidelik gemaak uit die feit dat hulle in hierdie dinge kyk wat ek weet met betrekking tot hemelse dinge, dat hulle baie haastig deur alles gaan en voortdurend sê dat dit so en so is. Want as geeste by die mens kom, gaan hulle sy geheue binne en raak gaande oor dit wat hulle pas: ja, wat ek opgemerk het; hulle lees die dinge wat daarin bevat is soos uit `n boek. 13.1 Hierdie geeste doen dit met groot bekwaamheid en vlugheid want hulle word nie gestop deur dinge wat swaar of traag is wat die interne sig kan beperk of vertraag, soos alle aardse en liggaamlike dinge doen nie, want hulle kyk self na dinge wat nie verstop is met dinge wat aards is nie en wat die denke opwaarts neem, dus in `n breër veld, waar die materieële dinge die denke ondertoe neem, en terselfdertyd dit beperk en afsluit. Hulle gretigheid om kennis te bekom en om die geheue te verryk, was ook duidelik uit die volgende ervaring. Toe ek op `n tydstip iets neerskryf aangaande dinge wat moet kom, en hulle was op `n afstand, sodat hulle nie kan kyk in die dinge van my geheue nie, omdat ek nie gewillig was om dit vir hulle te lees in hulle teenwoordigheid nie, was hulle baie verontwaardig, en in teenstelling met hulle gewone optrede, was hulle gereed om op my te skel, en sê dat ek een van die slegste mense was, en al sulke dinge, hulle veroorsaak `n tipe van sametrekking gepaardgaande met pyn aan die regterkant van my kop tot by die oor. Maar hierdie dinge het my nie seergemaak nie. Nietemin, omdat ek gevolglik die bose gedoen het, verwyder hulle hulself op nog `n groter afstand, maar uiteindlik gaan staan hulle weer stil met `n begeerte om te weet wat ek geskryf het, so groot is hul begeerte na kennis.

14. Die geeste van Mercurius, bokant alle ander geeste, besit die kennis van dinge, en respekteer ook hierdie sonnestelsel, asook die aardes wat in die sterrehemel is, en wat hulle eens vir hulleself verkry het, dit behou hulle, en herinner so dikwels as wat enigiets wat dieselfde is gebeur. Gevolglik mag dit duidelik voorkom dat geeste `n geheue het, en dat dit baie meer perfek is as die geheue van die mens, en verder, dat wanneer hulle sien, hoor en appersepsie (bewustelike waarneming), behou hulle dit, en veral sulke dinge waarin hulle `n genot in het, want hierdie geeste het `n genot in kennis van dinge. Want watter dinge ookal genot verskaf, en wat die liefde affekteer, dit vloei in asof dit spontaan

gebeur, en dit bly; ander dinge kom nie in nie, maar skraap net die oppervlakte en gaan verby.

15. Wanneer die geeste van Mercurius by ander gemeenskappe kom, ondersoek hulle alles en versamel van hulle wat hulle weet, en dan gee hulle pad, want sulke kommunikasie word onder geeste en veral onder engele toegelaat, dit is as hulle in `n gemeenskap is, en wanneer hulle gerespekteer word en liefde betoon, sal alle dinge wat hulle weet oor gekommunikeer word. 15.1

16. As gevolg van hulle kennis, is die geeste van Mercurius meer trots as ander, waardeur hulle vertel was, alhoewel hulle ontelbare dinge weet, is daar tog oneindige dinge wat hulle nie weet nie, en as hulle kennis sou vergroot tot in alle ewigheid, sal die kennis van alle algemene dinge tog onbereikbaar wees. En so was hulle ook vertel oor hulle trots en verblyding van die denke en dat dit onbetaamlik is, maar hulle antwoord, dit is nie trots nie, maar slegs `n verheerliking deur die rede van die aanlegte van die geheue, dus was hulle in staat om `n verskoning te vind vir hulle tekortkominge.

17. Hulle is afkerig tot vokale spraak, omdat dit materieël is; daarom, toe ek met hulle spreek sonder die intermediêre geeste, kon ek dit slegs doen deur `n aksie van aktiewe denke. Hulle geheue, bestaande uit dinge nie uit beelde van suiwer materie nie, voorsien voorwerpe wat nader aan die denke is, wat bokant die verbeelding is en vra voorwerpe wat onttrek is van die materie. Maar nieteenstaande dit, die geeste van Mercurius is nie uitnemend vir hul oordeel nie, en het geen genot in die uitvoering van daardie aanleg nie, en die afleiding van gevolgtrekkings van daardie kennis; want suiwer kennis is genotvol vir hulle.

18. Hulle was gevra of hulle wens om enige gebruik van hul kennis te maak, want dit is nie genoeg om net `n genot in die kennis te hê nie, omdat kennis betrekking het op werke wat dienste behels, en werke of dienste behoort die einddoel van kennis te wees; van kennis alleen is daar geen werke of dienste nie, maar na ander wat soos hulle geaard is om hulle kennis na te kommunikeer, en dit is onraadsaam vir enigeen wat wens om wys te wees, as om te berus in suiwer kennis, en dit is slegs administratiewe oorsake, wat bedoel is om dienstig te wees aan die ondersoeking van dinge wat behoort aan die lewe; maar hulle antwoord dat hulle tevrede is met kennis, en dat kennis vir hulle is soos werke en dienste.

19. Van hulle is ook onwillig om te verskyn as mense, soos ander geeste van ander aardes, en sal eerder verskyn as gekristalliseerde sfere. Die rede hoekom hulle so wil verskyn, alhoewl hulle nie so verskyn nie, is omdat die kennis van dinge immaterieël in die ander lewe voorgestel word as kristalle.

20. Die geeste van Mercurius verskil totaal van die geeste van ons aarde, want die geeste van ons aarde gee nie soveel om oor realiteite nie, maar oor die wêreldlike, liggaamlike, stoflike, en aardse dinge, wat materieël is, daarom kan die geeste van Mercurius nie tesame met die geeste van ons aarde wees nie, daarom, wanneer dit gebeur dat hulle dalk ontmoed, vlug hulle weg, want die geestelike sfeer wat hulle uitasem, is die

teenoorgestelde van mekaar. Die geeste van Mercurius het `n algemene gesegde, dat hulle wens om nie te kyk na `n skede nie, maar na die dinge wat ontbloot en gestroop is van hulle skede, dit is, na innerlike dinge.

21. Daar verskyn `n witterige vlam, en brand lewendig, en dit vir amper `n uur. Dit dui op die naderkom van geeste vanaf Mercurius, wat vir penetrasie, denke, en spraak meer pront was as die vorige geeste. Toe hulle hier by my kom, het hulle onmiddelik deur die dinge gegaan wat in my geheue opgegaar was, maar ek kon nie gewaar word wat hulle opgemerk het as gevolg van die spoed waarteen hulle daar deur is nie. Ek hoor hulle agterna sê dat die saak wel so staan, ten opsigte van wat ek gesien het in die hemele en in die wêreld van die geeste, hulle sê dat hulle hierdie dinge al van tevore geweet het. Ek neem waar dat `n menigte van geeste hier aan die agterkant assosieer met hulle, `n bietjie na links in die vlak van die agterkop.

22. Op `n ander keer het ek `n menigte van sulke geeste gesien op `n afstand, reg voor my en `n bietjie na die regterkant en daarvandaan het hulle `n redevoering met my gehad, maar deur bemiddelaar geeste; want hulle spraak was so vinnig as wat hulle dink, wat nie in die kategorie van die menslike spraak val nie, maar deur middel van ander geeste. En wat my verbaas, hulle spreek in volumes, (klank) en tog geredelik maklik en baie vinnig. Hulle spraak word ontvang as golwend, omrede daar so baie bymekaar is, en wat merkwaardig was, dit was oorgebring na my linker oog, alhoewel hulle na die regterkant was. Die rede was omdat die die linkeroog korrespondeer met die kennis van dinge wat abstrak van die materieële is, gevolglik na dinge wat behoort aan die intelligensie; waar die regteroog korrespondeer met die dinge wat behoort aan die wysheid. 22.1 Net so word hulle dinge gewaar en beoordeel dit, van wat hulle hoor met dieselfde spoed waarmee hulle gesprek voer, en van so `n ding dat dit so is, of, van so `n ding dat dit nie so is nie, hulle oordeel is asof dit onmiddelik is.

23. Daar was `n gees van `n ander aarde, wat vaardig met hulle kan spreek, omdat hy pront en vinnig praat, maar wat elegansie vertoon in sy voordrag. Hulle het onmiddelik besluit, waaroor hy ookal praat, en sê van dit, dat dit te elegant was, of van dat, dat dit te gepoleer was; sodat die hele ding waaraan hulle aandag gee, of hulle enigiets kan hoor van hom wat hulle nie al voorheen gehoor het nie, en verwerp dus die dinge wat onduidelikheid veroorsaak, wat veral aanstellerigheid van elegansie van die voordrag en geleerdheid betref, want die spreker hou die aandag op hom gevestig, en is begerig dat sy uitdrukkings beskou moet word meer as net die bedoeling van dit, waarby die ore meer geaffekteer word as die denke.

24. Die geeste van Mercurius vertoef nie lank in een plek nie, of in geselskappe van die geeste van een wêreld nie, maar swerwe deur die universum. Die rede is dat hulle `n verhouding het met die geheue van dinge, waar die geheue voortdurend verryk moet word. Daarom is dit aan hulle toegestaan om rond te swerwe, en om vir hulleself kennis bymekaar te maak in elke plek. Gedurende hulle rondswerwery op hierdie manier, as hulle geeste ontmoed wat die materiële dinge liefhet, dit is, dinge liggaamlik, stoflik, en aards, vermy hulle hul, en wend hulle na `n plek waar hulle nie so-iets hoor nie. Daarom mag dit voorkom dat hulle denke verhoog is bokant die dinge van die sinne, en dus dat

hulle in die innerlike lig is. Dit was ook werklik aan my gegee om waar te neem, terwyl hulle naby my was, en om met hulle `n voordrag te hê. Ek het waargeneem dat ek op sulke tye, heeltemal weggetrek is van die dinge van die sinne, in sover dat die lig van my oë begin om dowwer en donker te word.

25. Die geeste van daardie aarde gaan in geselskappe en slagordes, en wanneer saam gegroepeer, vorm hulle `n sfeer. Dus is hulle deur die Meester verenig, sodat hulle as `n eenheid kan handel, en dat die kennis van die een gekommunikeer word na almal, en die kennis van almal aan elkeen, soos wat dit is in die hemel. 25.1 Dat hulle deur die universum omswerwe om kennis van dinge te verkry, het ook uit dit geblyk, dat eers, wanneer hulle baie ver van my verskyn, dat hulle met my spreek, en sê dat hulle bymekaar gekom het, en reis uit die sfeer van hierdie wêreld binne in die sterrehemel, waar hulle weet sulke geeste bestaan wat geen besorgdheid het oor aardse en liggaamlike dinge nie, maar slegs met dinge wat bokant hulle verhewe is, met wie hulle wens om te wees. Dit was gesê dat hulle self nie weet waarheen hulle gaan nie, maar dat hulle gelei word deur die Goddelike voortekens na daardie plekke waar hulle onderrig kan kry betreffende daardie dinge wat hulle nie alreeds weet nie, en wat ooreenkom met die kennis wat hulle alreeds het. Dit was ook gesê dat hulle nie weet hoe om die geselskappe te vind met wie hulle verenig is nie, en dat dit ook gedoen is deur die voorsienigheid van die Meester.

26. Omdat hulle so deur die universum swerf, en daarby in staat is om meer te weet as ander met betrekking tot die wêrelde en aardes uit die sfeer van ons sonnestelsel, het ek ook met hulle gepraat oor hierdie onderwerp. Hulle sê dat in die universum is daar baie aardes wat bewoon word deur mense, en dat hulle wonder hoe enigiemand kan veronderstel, wat hulle mense met baie min oordeel noem, dat die hemel van die alomteenwoordige God slegs kan bestaan uit geeste en engele wat van een aarde afkomstig is, wanneer hulle vergelykenderwys so min is dat hulle in die opsig van die alomteenwoordigende God hulle skaars iets is, selfs al is daar miljarde van ontelbare wêrelde en aardes is. Hulle sê, bowendien dat hulle weet dat daar aardes is wat bestaan in die universum van honderde duisende en opwaarts, en tog, wat is dit teenoor die Goddelike, wat onbeperk is?

27. Die geeste van Mercurius, wat met my was terwyl ek geskrywe het, en die Woord verduidelik het in sy innerlike sin, en wat waargeneem het wat ek geskrywe het; sê dat die dinge wat ek geskrywe het, baie grof was, en dat ongeveer al die uitdrukkings wat daar verskyn materieël is, maar dit was as antwoord gegee, dat vir die mens van ons aarde vir wie dit geskryf is, sien dit subtiel, verfyn en verhoog daaruit, en ook baie dinge onverstaanbaar. Ek voeg by, dat baie op hierdie aarde weet nie dat dit die innerlike mens is wat handel in die eksterne, en wat veroorsaak dat die eksterne lewe, en dat hulle hulself oortuig dat uit dwaalbegrippe van die sinne dat die liggaam lewe het, en as gevolg daarvan, soos wat die bose is, die twyfel onderhou betreffende die lewe na die dood, ook, dat dié deel van die mens wat lewe na die dood, word nie deur hulle gees genoem die, maar siel, en dat hulle verskil oor wat, die siel is en waar dit inwoon, en glo dat die meterieële liggaam, alhoewel dit verstrooi is na die vier windstreke, wel later saamgevoeg sal word met die siel, sodat die mens weer kan lewe; met baie ander

soortgelyke dinge. Die geeste van Mercurius, toe hulle hierdie dinge hoor, vra of sulke mense engele sal word; en dit was as antwoord gegee, dat slegs hulle engele word wat in die goeie van die geloof en naasteliefde geleef het, en dat hulle nie meer langer in die eksterne en materiële dinge is nie, maar in interne en geestelike dinge, en dat hulle in daardie staat kom, dat hulle in die lig is wat meer voortreflik is as waarin die geeste van Mercurius is. Dat hulle mag weet dat dit so is, was `n engel toegelaat om met hulle te spreek, wat in die hemel gekom het vanaf ons aarde, wat so was toe hy in die wêreld gelewe het, waaroor meer later gesê sal word.

28. Agterna het die geeste van Mercurius aan my `n lang stuk papier gestuur, van `n onreëlmatige vorm, bestaande uit verskeie stukke wat aanmekaar gelym was, wat voorkom asof dit gedruk was met setsels, soos op die aarde. Ek vra of hulle die drukkuns tussen hulle het maar hulle sê hulle het nie, nietemin, hulle weet dat ons op ons aarde sulke gedrukte papiere het. Hulle verkies om nie meer te sê nie, maar ek het waargeneem dat hulle dink dat kennis op ons aarde op papier was, en nie soseer in die mens nie, en dus insinueer dat die papiere weet wat die mens nie weet nie. Maar hulle was onderrig hoe dit regtig was. Na `n tydjie het hulle teruggekeer, en aan my `n ander papier gestuur, wat blyk dat daar ook op gedruk is soos op die vorige een, maar nie so aanmekaar geplak en onreëlmatig nie, maar netjies en aansienlik. Hulle sê dat hulle ingelig is dat op ons aarde daar sulke papiere was, en dat boeke daarvan gemaak was.

29. Van wat nou gesê was, mag dit klaarblyklik voorkom, dat geeste behou in hulle geheue wat hulle sien en hoor in die ander lewe, en dat hulle in staat is om onderrig te word soos wat die mens onderrig word in die wêreld, gevolglik, om onderrig te word in die dinge van die geloof, en om daardeur perfek te word. Hoe meer innerlik geeste en engele is, in dieselfde mate wat hulle geredelik onderrig ontvang, en in `n groter volheid, en behou dit meer perfek; soveel te meer vertoef hierdie aanlegte verewig, en is dit dan duidelik dat hulle meer toeneem in wysheid. Met die geeste van Mercuriue is daar `n konstante groei in die wetenskappe van dinge, maar nie in wysheid wat daarvan afgelei word nie, omdat hulle kennis liefhet, wat die metode is, maar nie werke wat die einde is nie.

30. Die geeste of ‘genii’ van die wat van die planeet Mercurius is, kan uit die volgende geidentifiseer word. Eerstens moet dit geweet word dat alle geeste en engele, wat ookal, was eens van die menslike ras, wat die ‘kweekskool’ van die hemele is; en dat die geeste so is in sy emosies en neigings, soos wat hulle was in hulle lewe toe hulle op die aarde was as mens, want elke mens se lewe volg hom tot in alle ewigheid. 30.1 Siende dat dit die geval is, kan die gees van elke mens vandaar onderskei word van elke ander gees van enige ander aarde.

31. Siende dat die geeste van Mercurius in die Grootste Mens `n verhouding het tot die geheue van dinge abstrak van dit wat materieël is, is dit daarom so dat as enigiemand `n gesprek met hulle het oor dit wat materieël is, of aards, of liggaamlik-natuurlik, of slegs net wêrelds, is hulle almal onwillig om dit te hoor, en as hulle gedwing word om dit te hoor, dan verander hulle dit waaroor gepraat word na ander dinge, en vir die grootste deel in dinge wat teenstrydig is, sodat hulle dit kan vermy.

32. Dat ek dit verseker mag weet, dat hulle geestesingesteldheid so is, was dit toegelaat om aan hulle te bied die beskrywing van braaklande, woude, tuine, en riviere; om sulke dinge aan te bied is soos in `n denkbeeld wat jy voor ander uitstal, waarin in hierdie geval in `n ander wêreld, dit voor die sig verskyn; maar hulle het dit onmiddelik oorgeplaas na iets anders, en verduister die braaklande en vleie, en met verteenwoordiging vul hulle dit met slange. Die riviere maak hulle swart, sodat die water nie meer langer helder en deurskynend is nie. Toe ek hulle vra hoekom hulle dit doen, sê hulle dat hulle wens om nie daaraan te dink nie, maar oor dinge wat waar is, wat die kennis van dinge wat abstrak is van dit wat materieël is, veral oor dinge wat in die hemele bestaan.

33. Agterna bied ek aan hulle voëls van verskillende grootes, beide groot en klein, soos wat op ons aarde bestaan; want in die ander lewe mag sulke dinge die lewe verteenwoordig. Toe hulle die aangebode voëls sien, wil hulle ten eerste dit verander, maar agterna was hulle verruk deur hulle en was tevrede. Die rede was, omdat voëls dui op die kennis van dinge, en die gewaarwording daarvan vloei dan in ook. 33.1 Dus weerhou hulle hul om ook hierdie voëls te verander, en daarby die afwending van hulle idees van hulle geheue. Agtena was dit toegelaat om aan hulle te bied die mees lieflikste tuin vol lampe en ligte; hulle weifel eers, maar hulle aandag was nou vasgevang, vir die rede dat lampe met ligte verteenwoordig waarhede wat skyn uit die goeie. 33.2 Daarom was dit duidelik gemaak dat hulle aandag vasgevang kan word deur dinge wat materieël is, deur terselfdertyd daardie geestelike dinge te insinueer; want die dinge van die geestelike sin is nie so abstrak van die dinge in die materie nie, siende dat dit verteenwoordigers daarvan is.

34. Bowendien het ek met hulle gespreek oor skape en lammers, maar hulle was nie gewillig om van sulke dinge te hoor nie, omdat dit deur hulle as aards ervaar word, die rede was omdat hulle nie verstaan wat onskuld is nie, wat deur die lam voorgestel word, wat hieruit waarneembaar was, dat wanneer ek hulle vertel dat die lam, verteenwoordigend in die hemel, dui op onskuld, 34.1 het hulle onmiddelik gesê dat hulle nie geweet het wat onskuld is nie, maar weet dit slegs by die naam, omdat hulle geaffekteer word slegs deur kennis, en nie deur werke nie, wat die eindoel van die kennis is, gevolglik kan hulle nie van die interne gewaarwording agterkom wat onskuld is nie.

35. Sommige van die geeste van die aarde Mercurius het na my toe gekom, wat deur ander gestuur is, om uit te vind waarmee ek besig is. Een van die geeste van ons aarde sê aan hulle, dat hulle die ander wat hulle gestuur het, moet vertel om nie enigiets te spreek wat nie die waarheid is nie, maar net dit wat waar is, in ooreenstemming met die gewoonte, om dinge te suggereer wat die teenoorgestelde is van hulle wat hulle ondervra; want as enige van ons geeste van ons aarde so maak, sal hy gestraf word. Maar onmiddelik antwoord die geeste uit die groep wat op `n afstand is, waaruit hulle gestuur is, dat as hulle op grond daarvan gestraf moet word, dan moet almal gestraf word, siende dat deur oorsaak van die verkreë gewoonte kan hulle nie anders doen nie. Hulle sê as hulle met die mense van hulle eie aarde spreek, doen hulle ook so, maar nie met enige bedoelling om te mislei nie, maar om die begeerte om te weet te inspireer, want wanneer hulle dinge suggereer wat die teenoorgestelde is, en dinge op `n sekere manier verberg,

dan word die begeerte om dit te weet geprikkel en word opgewonde, en deur die strewe om hierdie dinge uit te soek, word die geheue perfek gemaak. Ek het ook op `n ander tyd met hulle gespreek oor dieselfde onderwerp, en omdat ek geweet het hulle spreek met mense op hulle eie aarde, het ek hulle gevra op watter manier onderrig hulle die inwoners van hulle aarde. Hulle sê dat hulle onderrig hulle nie hoe die saak staan nie, maar tog insinueer of suggereer hulle `n persepsie daarvan, dat `n begeerte om te ondersoek en om dit te weet by hulle gekoester word en verder groei, waar die begeerte sou vervaag het as hulle die antwoord dadelik sou gee. Hulle voeg by, dat hulle suggereer dinge wat die teenoorgestelde is ook, vir die rede dat die waarheid lateraan beter te voorskyn kom, want alle waarheid word gemanifesteer deur `n verhouding met sy teenoorgesteldes.

36. Dit is hulle gewoonte om nie aan ander te verklaar wat hulle weet nie, maar nog steeds is daar die begeerte om te leer van ander wat aan hulle bekend is, in sover dat wat die een weet, weet die ander ook. Maar in hulle eie gemeenskap kommunikeer hulle alle dinge, sodat dit wat die een weet, weet die ander ook. 36.1

37. Omdat die geeste van Mercurius in `n oorvloed van kennis is, is hulle in `n sekere soort van trots; daarom verbeel baie van hulle dat hulle soveel weet, dat dit amper onmoontlik is om meer te weet. Maar hulle is deur die engele van ons aarde vertel dat hulle nie juis eintlik baie weet nie, slegs maar net `n paar dinge, en dat die dinge wat hulle nie weet nie, respektiewelik oneindig is, en dat daardie dinge wat hulle nie weet nie, vergelyk met die dinge wat hulle wel weet, is soos die waters van die grootste oseaan in vergelyking met die waters van `n baie klein fonteintjie; en verder, dat die eerste stap na wysheid is om te weet, te erken, en om waar te neem dat dit wat geweet word, skaars enigiets is teenoor dit wat nog onbekend is. Om hulle te oortuig dat die saak so is, was dit toegestaan, dat `n sekere engele gees sou met hulle praat, en sal hulle in die algemeen vertel wat hulle weet, en dat daar oneindiuge dinge is wat hulle nie weet nie, en ook dat teenoor die oneindigheid kan hulle nie eens die algemene dinge weet nie. Hy praat met engele idees baie beter as wat hulle doen, en omdat hy dit ontdek het wat hulle weet, en wat hulle nie weet nie, was hulle met stomheid geslaan. Agterna het ek `n ander engel gesien wat met hulle praat, wat op `n hoogte na die regterkant verskyn het. Hy was ook van ons aarde en noem baie dinge wat hulle nie weet nie. Agterna het hy met hulle gespreek deur die verandering van staat, wat hulle sê, hulle nie verstaan nie. Dan sê hy vir hulle, met die verandering van staat, bevat dit oneindige dinge, sowel as die kleinste deeltjie van so `n verandering. Toe hulle hierdie dinge hoor, sover as wat hulle in die trots was op grond van hulle kennis, begin hulle om meer nederig te word. Hulle verootmoediging was verteenwoordig deur die afsak of sagtermaak van hulle volume; (klank) want daardie klank kom voor as `n volume aan die voorkant op `n distansie teenoor die linkerkant, op die vlak van die streek onder die naeltjie, maar die volume kom voor asof dit laer is in die middel en opgehewe aan die kante; `n wederkerige beweging was ook daarin opgemerk. Hulle was op dieselfde manier vertel wat dit aandui, dit is, wat hulle dink in hulle verootmoediging. En ek sien dat die volume geskei is, en dat hulle wat nie in verootmoediging is nie, was teruggestuur na hulle sfeer, die res bly daar waar hulle is.

38. Geeste van Mercurius kom na `n sekere gees van ons aarde, wat gedurende sy verblyf die mees uitstaande was in sy geleerdheid (dit was Christiaan Wolf), en verlang van hom om inligting te ontvang oor verskeie onderwerpe. Maar toe hulle waarneem dat dit wat hy sê nie verhewe was bokant die sensuele dinge van die natuurlike mens nie, omdat, terwyl hy sy gedagtes uitdruk, vind hulle dat hy `n begeerte het, soos in die wêreld (want in die ander lewe is elkeen soos hy voorheen was), om dinge aanmekaar te las in `n reeks, en van daardie reeks weereens om ander gevolgtrekkings te vorm, en dus van sulke gevolgtrekkings om nog meer in `n reeks te vorm, wat hulle nie insien en erken as waar nie, en daarom verklaar hulle dit die obskuriteit van outoriteit, dan hou hulle op om hom verder uit te vra, en vra slegs wat noem jy dit of wat noem jy dat, en omdat hy hierdie vra ook antwoord met materieële idees, en niks deur die geestelike nie, onttrek hulle hulself van hom. Want almal in die ander lewe spreek geestelik, of deur geestelike idees, sover as wat hy in God geglo het, en materieël, sover as wat hy nie geglo het nie. `n Geleentheid offer homself hier, en dit is toegelaat om dit te noem hoe dit is in die ander lewe met die geleerdes wat intelligensie verkry het deur hulle eie bemiddeling, aangesteek met liefde deur die waarheid te weet, ter wille van die waarheid, dus ter wille van werke afgewend van wêreldse oorwegings, en hoe met hulle wat intelligensie verkry het vanuit ander, sonder enige bemiddeling van hulle eie, en wil nie begeer om waarhede te weet slegs ter wille van `n reputasie vir geleerdheid nie, en daarby vir eer en wins in die wêreld; dus om te begeer om waarhede te weet, nie ter wille van die werke sonder die wêreldse oorwegings; betreffende hulle, is dit toegelaat om die volgende ondervinding te verhaal. `n Sekere geluid was waargeneem wat van onder af penetreer, naby die linkerkant van die linker oor. Ek neem waar dat dit geeste is, wat probeer om `n weg te forseer, hulle praat met my, en sê dat hulle logikuste en metafisikuste was, en dat hulle hul denke in sulke dinge gedompel het, met geen ander doel as om geleerd gereken te word nie, en dus om te vorder tot eer en rykdom, en betreur dit dat hulle nou `n misrabele lewe lei as gevolg van die feit dat hulle daardie wetenskappe verkry het met geen ander doel nie, en het dus nie hulle rasioneel ontwikkel nie, hulle spraak was stadig, en op `n lae toon. Intussen was daar twee wat `n gesprek met mekaar het bokant my kop, en op navraag wie hulle is, was dit gesê dat een van hulle was baie beroemd in die geleerde wêreld, en dit was aan my gegee om te glo dat dit Aristotle was. Wie die ander een was, was nie gesê nie. Die vorige was toe gelei in die staat waarin hy was gedurende sy lewe op die aarde; want enigeen kan maklik in die staat gelei word waarin hy was gedurende sy lewe op aarde, omdat hy elke staat van sy vorige lewe in hom het. Maar wat my verras, hy heg hom aan die regteroor, en praat daar met `n skor toon van die stem, maar heeltemal gesond van gees. Uit die bedoelling van sy spraak het ek waargeneem dat hy totaal van `n ander tipe gees (genii) was van daardie geskoolde meesters wat eerste opgestyg het, in dat hy van sy eie denke die dinge wat hy geskryf het, ontwikkel, en sodoende sy filosofie geproduseer het; sodat die terme wat hy uitgedink het, en wat hy op onderwerpe van die denke toegepas het, vorms van uitdrukking was waardeur hy innerlike dinge beskryf het, ook dat hy opgewonde was deur sulke dinge deur `n genot van die emosie, en deur `n begeerte om die dinge van die denke en die intelligensie te weet, en dat hy in gehoorsaamheid gevolg het wat die gees ookal gedikteer het. Daarom heg hy hom aan die regteroor, in teenstelling met die gewoonte van sy volgelinge, wat geskooldes genoem word, en wat nie gaan van die gedagte na die term nie, maar van die term na die gedagtes, dus op `n teenstrydige manier, en baie van hulle het nie eers

gevorder tot die gedagtes nie, maar het streng by die terme gebly, wat, om dit te bevestig wanneer hulle dit verlang, en om aan valshede se voorkoms voor te skryf as die waarheid in ooreenstemming met hulle hebsug van oorreding. Daarom is filosofiese dinge eerder die metode om waansinnig te raak as die metode om wys te raak, en daarom het hulle duisternis in plaas van lig. Agtena het ek met hom gespreek betreffende die wetenskap van die analise, en neem waar dat `n kind in `n half uur, meer filosofies, analities, en logies kan spreek, as wat hy kan beskryf in `n volume, soveel so, dat alle dinge van die denke en daarom van die menslike spraak analities is, en die wette daarvan is uit die geestelike wêreld; en hy wat wens om kunsmatig uit die terme te dink, is nie anders as `n danser, wat sal leer om te dans deur die wetenskap deur die vesels en spiere te beweeg, in watter wetenskap, as hy sy denke bepaal terwyl hy dans, sou dit vir hom onmoontlik gewees het om `n voet te beweeg, en tog, sonder daardie wetenskap beweeg hy al die bewegende vesels regdeur die hele liggaam, en in ondergeskiktheid daaraan, beweeg die longe, die diafragma, die sye, die arms, die nek, en die ander organe van die liggaam, om alles te beskryf sal volumes nie genoeg wees nie, en dit is dieselfde met hulle wat begerig is om uit die terme te dink. Hy keur die dinge goed, en sê, dat om te leer om op hierdie manier te dink, is om voort geen op `n omgekeerrde orde, en voeg by, as enigiemand so dwaas wil wees, laat hom dan maar so voortgaan, maar laat hom voortdurend dink aangaande die werke, en van wat innerlik is. Die volgende het hy my getoon watter idee hy ontvang het van die Opper Wese, naamlik, dat Hy Homself aan hom voorgestel het as om `n menslike gesig te hê, en omring met `n stralende sirkel, en nou weet hy dat die Meester Homself `n mens is, en dat die stralende sirkel die Goddelike van Hom is, wat nie net in die hemele vloei nie, maar ook in die universum, rangskik en heers oor alle dinge daarin. Hy voeg by, wie ookal die hemele rangskik en regeer, rangskik en regeer ook die universum, omdat die een nie van die ander geskei kan word nie. Hy het ook gesê dat hy glo slegs in een God wie se eienskappe en kwaliteite onderskei kan word deur `n verskeidenheid van name, en dat hierdie name deur ander aanbid word as gode. Daar verskyn `n vrou aan my, wat haar hand uitstrek, met die begeerte om my wang te streel, en toe ek hieroor wonder, sê hy dat toe hy in die wêreld was het so `n vrou dikwels aan hom verskyn, asof sy sy wang streel, en dat haar hand pragtig was. Die engele geeste sê dat so `n vrou somtyds aan die antieke wyses verskyn het, en deur hulle Pallases genoem was, en dat sy aan hom verskyn het uit die geestesryk, wat, gedurende hulle verblyf op aarde, in die antieke tye, hulle verbly het met idees, en toegegee het aan gedagtes, maar sonder filosofie; en omdat sulke geeste met hom was, en ook verbly was in hulle, omdat hy uit die innerlike gedink het, daarom verteenwoordigend so `n vrou ten toon stel. Laastens, het hy my ingelig met `n idee wat hy ontvang het van die gees of siel van die mens, wat hy "pneuma" noem, naamlik, dat dit `n onsigbare lewenskragtige beginsel is, iets soos eter, en hy sê dat hy weet dat hierdie gees sal lewe na die dood, aangesien dit sy innerlike essens is, wat nie kan sterf nie, omdat dit in staat is om te dink, en bowendien was hy nie in staat om helder hieroor te dink uit enige ander bron as uit homself nie, en ook `n bietjie vanuit die antieke wysgere. Bowendien, Aristotle is tussen die gesonde geeste in die ander lewe, en baie van sy volgelinge is tussen die dwases.

39. Ek het eenkeer gesien dat geeste van ons aarde met die geeste van die aarde Mercurius is, en ek het hulle gehoor gesels onder mekaar, en die geeste van ons aarde, onder andere, vra hulle waarin hulle glo. Hulle antwoord dat hulle in God glo, maar toe

hulle verder uitvra betreffende die God waarin hulle glo, was hulle onwillig om te sê, want dit is gewoonte by hulle om nie vrae direk te antwoord nie. Toe vra die geeste van die aarde Mercurius op hulle beurt, die geeste van ons aarde waarin hulle glo. Hulle sê dat hulle glo in die Meester as God. Die geeste van Mercurius sê toe aan hulle dat hulle waarneem dat hulle in geen God glo nie, en dat hulle die gewoonte aangeneem het om te bely met die mond dat hulle glo, terwyl hulle nie glo nie. Die geeste van Mercurius het `n voortreflike waarneming, as gevolg van hulle voortdurende navorsing en ondersoeke, en weet deur middel van waarneming wat die ander weet. Die geeste van ons aarde was `n paar van hulle wat in die wêreld `n beroep van die geloof gemaak het wat ooreenstem met die doktrine van die kerk, maar tog nie die lewe van die geloof geleef het nie, en hulle wat nie die lewe van die geloof gelewe het nie, het in die ander lewe ook nie die geloof nie, omdat dit nie in hulle is nie. 39.1 Deur dit te hoor word hulle stil, en deur dit bewustelik waar te neem, erken hulle dit dat dit so is.

Daar was sekere geeste wat uit die hemel weet, dat op `n tyd daar `n belofte gemaak is aan die geeste van die aarde Mercurius, dat hulle die Meester sal sien; waardeur hulle gevra word deur die geeste aangaande my, of hulle daardie belofte in herinnering kan roep. Hulle sê dat hulle dit wel kan onthou, maar hulle weet nie of dit so belowe is dat dit sonder enige twyfel sal wees nie. Terwyl hulle so onderling met mekaar spreek, verskyn die son van die hemel aan hulle. Die son van die hemel, wat die Meester is, word slegs deur hulle gesien wat in die mees innerlikste van die derde hemel is; ander sien slegs die lig wat daarvandaan afkomstig is. Toe hulle die son sien, sê hulle dat dit nie die Meester is nie, omdat hulle nie Sy gesig sien nie. Intussen gesels die geeste met mekaar, maar ek hoor nie wat hulle sê nie. Maar skielik verskyn die son weer, en in die middel daarvan is die Meester, omring deur `n sonkrans; deurdat hulle dit sien, het die geeste van Mercurius hulle grondig verootmoedig en stil geword. Dan verskyn die Meester uit die son aan die geeste van hierdie aarde, wie, toe hulle mense was, Hom gesien het in die wêreld, en hulle almal, een na die ander, en dus baie van hulle, bely dat dit die Meester Homself was wat hulle op die aarde gesien het, toe die God van die universum aan hulle verskyn het. 40.1

41. Sekeres van hulle, nadat die Meester verskyn het, was weggelei na vore na die regterkant, en soos wat hulle vorder, sê hulle dat hulle `n lig sien baie meer helder en suiwerder as wat hulle al ooit voorheen gesien het, en dat dit onmoontlik is dat enige ander lig dit kon oortref. Daar was baie wat dit gesê het. 41.1

42. Dit moet geweet word dat die son van die wêreld verskyn nie aan enige gees nie, ook nie enigiets van die lig daarvan nie. Die lig van die aarde se son is soos dik duisternis vir die geeste en engele. Hierdie son vertoef slegs in die geheue en gewaarwording in die geeste wat dit gesien het gedurende hulle verblyf in die wêreld, en word aan hulle gebied as `n idee as iets donkers, en dan ook op `n aansienlike distansie, op `n hoogte `n bietjie bokant die vlak van die hoof. Die planete van ons son wat in sy sisteem is, verskyn in ooreenstemming met die afgebakende situasie ten opsigte van die son; Mercurius heel agter, `n bietjie na die regterkant, die planeet Venus na die linkerkant, `n bietjie agtertoe; die planeet Mars na die linkerkant na vore, die planeet Jupiter op soortgelyke manier na die linkerkant na vore, maar op `n groter afstand, die planeet Saturnus direk voor, op `n

aansienlike afstand, die maan na die linkerkant, op `n aansienlike hoogte; die satelliete ook na die linkerkant ten opsigte van hulle planeet. So is die situasie van daardie planete in die idees van die geeste en engele; geeste verskyn ook naby hul planete, maar buite hulle. Maar wat betref die besonderse oor die geeste van Mercurius, hulle verskyn nie in enige besonderse kwartier, of op enige sekere distansie nie, maar somtyds hier voor, somtyds na die linkerkant, somtyds `n bietjie na agtertoe, die rede is, omdat hulle toegelaat word om deur die universum te swerwe om vir hulleself kennis te vergader.

43. Eens het die geeste van Mercurius aan die linkerkant verskyn in `n ronde sfeer en agterna in `n bundel wat uitgestrek is lengte gewys. Ek het gewonder waarheen hulle wil gaan, of na hierdie aarde of na `n ander plek; en huidiglik merk ek dat hulle neig na die regterkant, en soos wat hulle voortrol, nader hulle die aarde of planeet Venus teenoor die kwartier in die voorkant. Maar toe hulle daar kom, sê hulle dat hulle onwillig was om daar te wees, omdat die inwoners boos was, waardeur hulle omgedraai het na die agterste gedeelte van die planeet, en sê toe dat hulle gewilliglik daar sal bly, omdat die inwoners daar goed was. Toe dit plaasvind, voel ek `n merkbare verandering in die brein, en `n kragtige operasie daarvandaan voortgaan. Daarna was ek gelei om tot die slotsom te kom dat die geeste van Venus, wat op daardie kant van die planeet was, in harmonie met die geeste van Mercurius was, en dat hulle `n verhouding het met die geheue van dinge materieëls wat in harmonie met die geheue van dinge immaterieël was, waartoe die geeste van Mercurius `n verhouding het; gevolglik `n meer kragtiger operasie was toe gevoel vanuit hulle toe hulle daar was.

44. Ek was begerig om te weet watter soort gesig en liggaam die mense van die aarde Mercurius het, of hulle soos die mense van ons aarde lyk. Daar was toe voor my oë `n vrou van daardie aarde aangebied; sy het `n pragtige gesig, maar dit was smaller as dié van die vrouens van ons aarde; haar liggaam was ook baie meer skraler, maar haar hoogte was dieselfde; sy dra op haar hoof `n linnekappie, wat sonder enige kunste opgesit was, maar op `n manier wat gepas is. `n Man was ook aangebied om te sien, wat skraler was in liggaam as die mans van ons aarde. Hy was geklee in bekleding van `n donker blou kleur, wat styf gesit het aan sy liggaam, sonder enige voue, plooie of uitsteeksels. Ek was gesê so was die vorm van sy liggaam en so die klere van die mans van daardie aarde. Agterna was daar `n aanbieding om te sien van hulle osse en koeie, wat inderdaad nie veel verskil van die spesies van ons aarde nie, maar was bietjie kleiner, en in `n graad nader aan die spesies van herte en takbokke.

45. Hulle was ook gevra oor die son van ons wêreld, hoe dit aan hulle verskyn vanaf hulle aarde. Hulle sê dit kom groot voor, en daar groter as wat dit gesien word van ander aardes, en hulle sê hulle weet dit uit die idees van ander geeste betreffende die son. Hulle sê verder dat hulle geniet `n middelmatige temperatuur, nie te warm nie, ook nie te koud nie. Dit was toe aan my toegestaan om hulle te vertel dat dit so beskik was deur die Meester ten opsigte daarvan dat hulle nie teveel blootgestel word aan die son nie, as gevolg van sy groter nabyheid aan die son, in sover dat die hitte ontstaan nie uit die son se nabyheid nie, maar van die hoogte en digtheid van die atmosfeer, soos wat dit voorkom uit die koue op die hoë gebergtes, selfs in warm klimate, ook dat hitte varieër in ooreenstemming met die direkte of skuins val van die son se strale, wat duidelik is uit die

seisoene van die winter en somer in elke streek. Dit was die dinge wat aan my gegee is betreffende die geeste en inwoners van die aarde Mercurius.

46. Die Aarde of Planeet Jupiter, sy geeste en Inwoners. Dit was aan my toegestaan om die interaksie met die geeste en engele van die planeet Jupiter langer te geniet, as met die geeste en engele van die res van die planete, waardeur ek in die vryheid is om meer te vertel betreffende die staat van hulle lewe, en van die inwoners van daardie planeet. Dat daardie geeste van daardie planeet was, was duidelik uit baie dinge, en dit was ook so verklaar uit die hemel.

47. Die aarde of planeet op sigself verskyn inderdaad nie aan geeste en engele nie; want vir die inwoners van die geestelike wêreld is geen aarde sigbaar nie; maar slegs aan geeste en engele wat daarvandaan kom. Hulle wat van die planeet Jupiter is, verskyn in die voorkant na die linkerkant, op `n aansienlike afstand, en dit aanhoudend, sien bo (n 42). Die geeste van elke aarde is naby hulle aarde, omdat hulle van sy inwoners is, want elke mens na sy dood word `n gees, en omdat hulle van dieselfde genius is, kan hulle met die inwoners wees, en hulle dien.

48. Hulle verhaal dat in die streek van die aarde waar hulle gewoon het terwyl hulle in die wêreld was, was die menigte van mense daarin so groot as wat die aarde kon dra, dat die aarde vrugbaar was, en in oorvloed van alle dinge; en dat hulle niks meer daar begeer het as die noodsaaklikste vir die lewe nie, en dat hulle niks as bruikbaar beskou het, behalwe as dit noodsaaklik was; en daarom was die aantal van die mense so groot. Hulle sê dat die opvoeding van hulle kinders hulle grootste besordheid was, en dat hulle hul baie teer liefhet.

49. Hulle sê verder dat hulle daar onderskei word in nasies, families, en huise, en dat hulle almal apart lewe met hulle eie bloedverwante, en daarom is hulle interaksie beperk tot familielede; en dat nie een begeer die goedere van ander nie, en dat dit nooit in hulle gedagtes opkom om die goedere en besittings van ander te begeer nie, nog minder om dit deur bedrog te verkry, en die minste van almal, om in te breek en te plunder. Dit beskou hulle as `n misdaad teenoor die menslike natuur, en beskou dit as afskuwelik. Toe ek hulle vertel dat op hierdie aarde is daar oorloë, plundering, roof, verwoesting, en moorde, draai hulle weg, en was onwillig om dit verder te hoor. Dit was deur die engele aan my verklaar dat die mees antieke mense op hierdie aarde net so geleef het, naamlik, dat hulle onderskei was in nasies, families en huise en dat almal in daardie tyd tevrede was met sy eie besittings en dat dit `n onbekende ding was vir `n persoon om homself te verryk uit die goedere van ander, en om domminasie te hê uit self liefde, en op grond hiervan was die mens in die antieke tye, en veral die mees antieke tyd, meer aanvaarbaar vir die Meester as in die opvolgende tye; en so was die staat van die wêreld, dat onskuld regeer het, en met dit die wysheid; elkeen het toe die goeie uit die goeie gedoen, en wat reg is uit geregtigheid. Om te doen wat goed en reg is met die oog op eer, of gewin, was toe nog onbekend, en terselfdertyd het hulle niks gespreek anders as die waarheid nie, en dit nie soseer uit die waarheid nie, maar uit die goeie, dit is, nie uit die intelligensie afgeskei van die wil nie, maar uit die wil verenig met die intelligensie. So was die antieke tye; en dit is hoekom engele gesprekke kan voer met die mens, en dit in hulle denke meedeel, amper

afgeskei van dinge liggaamlik, in die hemel, ja, om hulle te vergesel en toon aan hulle die wonderbaarlike en geseënde dinge daar, en net so om hulle geluksaligheid en heerlikhede aan hulle te kommunikeer. Hierdie tye was ook bekend aan die antieke skrywers, en was deur hulle die goue en Saturnistiese eeue genoem. Die rede dat daardie tye so was, was te wyte dat die mens onderskei was in nasies, nasies in families, en families in huise, en elke huis lewe apart op homself, en dit het nooit in enigeen se gedagtes opgekom om die ander se erfenis te betree, en vir homself rykdom en domminasie te verkry nie. Self liefde en die liefde van die wêreld was toe ver verwyderd; elkeen het hom in sy eie verbly, en nie minder in sy naaste se goeie nie. Maar in die opvolgende tye het die toneel verander, en is totaal omgekeer, wanneer die lus van domminasie en van groot besittings hulle denke binne gesluip het. Toe het die mensdom, ter wille van selfverdediging, hulle self bymekaar gevoeg in koninkryke en groot ryke, en omdat die wette van naasteliefde en van die gewete wat ingeskryf was in hulle harte, nou vervaag het, was dit nodig om sekere wette in die lewe te roep in `n poging om die geweld te onderdruk, waarin eer en wins die vergoeding was, en die gebrek om gehoor te gee, strawwe daaroor. Toe die staat van die wêreld so verander het, het die hemel homself van die mens verwyder, en dus meer en meer tot op die huidige eeu en tydstip, wanneer dit nou nie meer bekend is dat daar `n hemel en `n hel is nie, ja, deur sommiges ontken word. Hierdie dinge word gesê, dat dit geïllustreer mag word deur `n parralel, wat die staat van die inwoners van die aarde Jupiter is, en waarvandaan hulle hul opregtheid gekry het, en ook hulle wysheid, waaroor meer later gesê sal word.

Deur `n lang gesprek met die geeste van Jupiter, was dit aan my duidelik gemaak dat hulle meer opreg was as die geeste van die meeste ander aardes. Die manier van hulle toenadering aan my, hulle verblyf by my, en hulle invloei op daardie tyd, was onuitspreeklik sag, soet en en liefdadig. In die ander lewe sal die kwaliteit van elke gees homself manifesteer deur `n invloei, wat die kommunikasie is van sy emosie, sy opregtheid deur sagtheid en deur sy soetheid, en sagtheid omdat hy vrees om seer te maak, en deur soetheid, omdat hy dit liefhet om goed te doen. Ek kon duidelik `n verskil onderskei tussen die sagtheid van die geeste van Jupiter en van hulle wat voortkom uit die geeste van ons aarde. Wanner daar die geringste verskil ontstaan tussen hulle, sê hulle ontstaan daar `n soort verligte uitstraling, soos die van weerlig, of die windsel wat die wandelende sterre omvat; maar alle verskille tussen hulle word spoedig geskik. Skitterende sterre, wat terselfdertyd wandelende sterre is, dui op dit wat vals is; maar gevestigde sterre dui op dit wat wat waar is; dus die vorige dui op verskille. 50.1

oooooooooooooooooOOOOOOOOOOOOOOooooooooooooooooo

Voetnotas

Daar is geen geeste wat nie van die menslike geslag is nie (n. 1880).
Die geeste van elke aarde is naby aan hulle eie aarde, omdat hulle van die inwoners van daardie aarde was, en van dieselfde genius; en hulle is diensbaar aan daardie inwoners. (n. 9968).

Die siel, wat lewe na die dood, is die gees van die mens, wat die werklike mens in hom is. En verskyn ook in die ander lewe in `n perfekte menslike vorm (n. 322, 1880, 1881, 3633, 4622, 4735, 6054, 6605, 6626, 7021, 10,594).
Die mens, selfs wanneer hy in die wêreld is, is met sy innerlikes saam met sy gees of siel in die middel van geeste en engele, van `n kwaliteit soos wat hyself is (n. 2379, 3645, 4067, 4073, 4077).
Die mens kan praat met geeste en engele, en die antieke mense op ons aarde het gereeld met hulle gepraat (n. 67-69, 784, 1634, 1636, 7802). Maar in vandag se dae is dit gevaarlik om met hulle te praat, behalwe as die mens in die ware geloof is, en gelei word deur die Meester (n. 784, 9438, 10,751).
5.1. Die hemel korrespondeer met die Meester, en die mens met elke en alle dinge korrespondeer met die hemel, en voor die Meester is die hemel `n mens in `n groot beeltenis, en word genoem die "Grootste Mens" (n. 2996, 2998, 3624-3649, 3636-3643, 3741-3745, 4625). Aangaande die korrespondensie van die mens, en al die dinge behorende aan hom, met die "Grootste Mens" wat die hemel self is, in die algemeen, en uit ervaring (n. 3021, 3624-3649, 3741-3751, 3383-3896, 4039-4051, 4215-4228, 4318-4331, 4403-4421, 4527-4533, 4652-4660, 4791-4805, 4931-4935, 5050-5061, 5171-5189, 5377-5396, 5552-5573, 5711-5727, 10030)
11.1. Geeste gaan in alle dinge van die menslike geheue in, maar nie uit hulle eie geheue nie (n. 2488, 5863, 6192, 6193, 6198, 6199, 6214). Engele gaan die emosies en oogmerke binne, waaruit en ter wille van waaruit die mens dink, wil, en handel in so en so manier en nie anders nie. (n. 1317, 1645, 5844).
13.1. Dat die geeste wat met die mens is, is in besit van alle dinge behorende tot sy geheue (n. 5853, 5857, 5859, 5860).
15.1. Dat in die hemele `n kommunikasie van alle goeie gegee word, aangesien dit die eiendom van hemelse liefde is om al sy besittings te kommunikeer met ander; en dat engele daarom daaruit wysheid en geluksaligheid verkry. (n. 549, 550, 1390, 1391, 1399, 10, 130, 10,723). 22.1. Die oog korrespondeer met die intelligensie, omdat die intelligensie die innerlike sig van dinge immaterieël is (n. 2701, 4410, 4526, 9051, 10,569). Die sig van die linkeroog korrespondeer met waarhede, gevolglik met intelligensie, en die sig van die regteroog korrespondeer met die goeie van die waarheid, gevolglik met die wysheid (n. 4410).
25.1 In die hemele word daar `n kommunikasie gegee van al die goeie, aangesien dit die besitting van die hemelse liefde is, en dus om al sy besittings te kommunikeer met ander, en daaruit ontvang die engele wysheid en geluk. (10.723).
30.1 Elkeen se lewe bly by hom en volg hom na sy dood (n. 4227, 7440). Die eksterne van die lewe word toegehou na die dood, en die innerlikes word geopen (n. 4314, 5128, 6495) Dan word elke ding en alle dinge openbaar gemaak (n. 4633, 5128).
33.1. Voëls dui op die rasionele, intellektuele, gedagtes, idees, en kennis (n. 40, 745, 776, 866, 988, 993, 5149, 7441). En dit met `n verskeidenheid ooreenkomstig die genus en spesie van die voëls. (n. 3219).
33.2 Lampe met ligte dui op waarhede wat skyn vanuit die goeie (n. 4638, 9548, 9783).
34.1 Lammers in die hemel, en in die Woord, dui op onskuld. (n. 3994, 7840, 10,132)
36.1 Dat in die hemel daar `n kommunikasie van al die goeie gegee word, aangesien dit die eiendom van hemelse liefde is, en om al sy besittings te kommunikeer met al die

ander, en daarom verkry die engele hulle wysheid en geluk daaruit (n. 549, 550, 1309, 1391, 1399, 10,130, 10,723).
39.1 Hulle wat `n amp uit die geloof maak vanuit die doktrine en wat nie daarvolgens lewe nie, het nie geloof nie (n. 3865, 7766, 7790, 8094). En hulle innerlikes is teenstrydig met die waarheid van die geloof, alhoewel hulle in die wêreld dit nie weet nie. (n. 7790, 7950).
40.1 Die Meester is die son van die hemel, waaruit al die lig daar is (n. 1053, 3636, 4060). En die Meester verskyn dus aan hulle wat in Sy hemelse koninikryk is, waar die liefde tot Hom regeer. (n. 1521, 1529-1531, 1837, 4696). Hy verskyn op `n middel distansie bokant die vlak van die regteroog (n. 4321, 7078). Daarom word deur "son" in die Woord die Meester bedoel net soos in Goddelike liefde (n.2495, 4060, 7083). Die son van hierdie wêreld verskyn nie aan geeste en engele nie, maar in die plek daarvan verskyn `n iewat swarterige iets, nie heel voor nie, maar na agtertoe en in die teenoorgestelde van die son van die hemel, of van die Meester (n. 9755). 41.1 Daar is in die hemel `n baie groot lig, wat die middaglig van hierdie wêreld met etlike grade ooretref (n. 1117, 1521, 1533, 1619-1632, 4527, 5400, 8644). Al die lig in die hemele is uit die Meester as `n son daar (n. 1053, 1521, 3195, 3341, 3636, 3643, 4451, 9548, 9684, 10809). Die Goddelike goeie van die Goddelike liefde van die Meester verskyn in die hemel as `n lig, en voorsien al die lig wat daar is (n. 3195, 3222, 5400, 8644, 9399, 9548, 9684). Die lig van die hemel verlig beide die sig en die intelligensie van die engele (n. 2776, 3138). Wanneer dit gesê word dat die hemel in lig en hitte is, dui dit op om in wysheid en in liefde te wees (n. 3643, 9399, 9401).
50.1 Sterre in die Woord dui op kennis van die goeie en die waarheid, gevolglik waarhede (n. 2495, 2849, 4697) En in die ander lewe word waarhede verteenwoordig deur vaste sterre, maar valshede deur sterre wat swerwe (n. 1128).

oooooooooooooooooooooOOOOOOOOOOOOOOOooooooooooooooooooo

Ander Aardes in die Universum 51-100

Emanuel Swedenborg 1688-1772

Arcana Coelestis – Geheime van die Hemele

51. Ek kon die teenwoordigheid van die geeste van Jupiter onderskei, nie net deur die sagtheid en soetheid van hulle benadering en invloei nie, maar ook hiervan, dat vir die grootste gedeelte was hulle invloei in die gesig, en dit maak dit glimlaggend en opgewek, en dit voortdurend gedurende hulle teenwoordigheid. Hulle sê dat hulle `n soortgelyke uitdrukking en opgewektheid kommunikeer na die inwoners van hulle aarde, as hulle by hulle kom, en is begerig om hulle te inspireer met kalmte en `n opgewektheid van hart. Daardie kalmte en opgewektheid waarmee hulle my inspireer, vul my bors en hart baie waarneembaar, en terselfdertyd word begerigheid en onrus aangaande dinge wat moet kom, verwyder, wat onrus en ongemaklikheid, en verskillende beroeringe in die denke veroorsaak. Dus was dit vir my duidelik wat die ingesteldheid en kwaliteit van die inwoners van Jupiter was, want die geaardheid van die inwoners van enige aarde sal bekend wees deur die geeste wat daar kom, sover as wat elke een sy eie lewe behou na

die dood, en voortgaan om dit te lewe wanneer hy `n gees word. Dit was waargeneem dat hulle `n staat van geseëndheid of geluksaligheid het wat nog dieper in die innerlike strek, wat duidelik word van hierdie omstandighede, dat dit gewaar word dat hulle innerlikes nie gesluit is nie, maar in die hemel oop is, in dieselfde verhouding dat hulle meer ontvanklik is vir die ontvangs van die Goddelike goeie, en met dit sy geseëndheid en innerlike geluk. Die saak staan anders met hulle wat nie lewe in die orde van die hemel nie; die innerlikes van hulle is gesluit, en die uiterlikes is oop na die wêreld.

52. Dit is verder aan my getoon watter soort gesig die inwoners van die aarde Jupiter het; nie dat die inwoners self aan my verskyn het nie, maar dat die geeste verskyn met gesigte soortgelyk as wat hulle gehad het toe hulle op die aarde was. Maar voordat dit gewys word, verskyn een van die engele agter `n helder wolk, en dan word twee gesigte aan my gewys, hulle was soos die gesigte van die mense op ons aarde, skoon en pragtig, opregtheid en beskeidenheid straal uit hulle uit. Gedurende die teenweoordigheid van die geeste van Jupiter, verskyn die gesigte van die mense van ons aarde minder as gewoonlik, wat hiervan is, dat daar `n invloei was van daardie geeste van die idee wat hulle het aangaande hulle eie gesigte wat groter is, want hulle glo, gedurende hulle verblyf op hulle aarde, dat nadat hulle gesterf het sal hulle gesigte groter wees en ook ronder van vorm; en omdat hierdie idee op hulle afgedruk is, bly dit gevolglik by hulle, en wanneer hulle geeste word verskyn hulle aan hulleself asof hulle groter gesigte het. Die rede hoekom hulle glo dat hulle gesigte groter sal wees, is omdat hulle sê dat die gesig nie die liggaam is nie, omdat hulle deur dit kan hoor, praat, sien en hulle gedagtes kan manifesteer en siende dat die denke dus deursigtig is deur die gesig, vorm hulle gevolglik `n idee van die gesig asof dit die denke in vorm is; en omdat hulle weet dat hulle wyser sal wees na hulle lewe in hierdie wêreld, glo hulle dan ook dat die vorm van die denke of die gesig groter sal word. Hulle glo ook dat na hulle afsterwe sal hulle `n vuur waarneem wat warmte oor hulle gesigte sal kommunikeer. Hierdie geloof spruit uit die wete dat die wyses onder hulle weet dat die vuur in die geestelike sin die liefde verteenwoordig, en dat liefde die vuur van die lewe is, en van hierdie vuur het die engele lewe. 52.1 Hulle wat ook `n lewe van liefde gelei het, verkry hulle wens, en ervaar dat hulle gersigte warm gloei; en dan word die innerlikes van hulle denke geprikkel met liefde. Vir hierdie rede was die inwoners van dié aarde ook hulle gesigte en maak dit meermale skoon, en beskerm dit versigtig teen die hitte van die son. Hulle maak `n bedekking van die binneste bas van `n boom, van `n blou kleur, wat hulle rondom die kop draai en bedek sodoende die hele gesig. Betreffende die gesigte van die mense van ons aarde, wat hulle deur my oë sien, 52.2 sê hulle dat dit nie mooi is nie, en dat die skoonheid bestaan uit die eksterne vel, maar nie uit die vesel van die innerlike nie. Hulle verwonder hulle oor die feit dat sommige gesigte vol vratte en sweertjies is, of is andersins misvorm, en sê dat by hulle word sulke gesigte nooit gesien nie. Sommige gesigte glimlag altyd, naamlik, hulle wat opgewek en gelukkig is, en hulle wat `n bietjie prominent om die lippe is.

53. Die rede vir die gesigte wat glimlag wat prominent om die lippe is, was dat die meeste van hulle spraak bewerk word deur die gesig, en veral deur die gedeelte rondom die lippe, en ook omdat hulle nooit veins nie, dit is, om anders te praat as wat hulle dink nie. Vir hierdie rede sal hulle nooit hulle gesigte dwing nie, maar laat dit vrylik uitkom. Maar dit is anders met hulle wat van kleins af geleer

het om te veins. Hulle gesigte is innerlik ineengetrek, uit vrees dat iets van hulle denke te voorskyn sal kom. Dit kom ook nie vrylik na vore nie, maar word teruggehou om dit self te uiter in ooreenstemming soos wat die sluheid dit wil hê. Die waarheid hiervan is duidelik uit die ondersoek van die vesels van die lippe en die dele rondom dit. Want daar is `n menigvuldiging van vesels teenwoordig, wat inmekaar gevou is en deureen gevleg is, wat geskep is nie net vir fynkou en spraak deur woorde nie, maar ook vir die uitdrukking van die idees van die denke.

54. Dit was ook getoon hoe die gedagtes aangebied word deur die gesig. Die emosie van die liefde word gemanifesteer deur die aangesig en sy veranderinge, en die gedagtes deur die afwisseling van die vorme van die innerlikes daarin, maar dit kan nie verder beskryf word nie. Die inwoners van die planeet Jupiter het ook `n mondelinge spraak, maar nie so klankryk soos ons s'n nie. Die een tipe spraak help die ander, en hulle mondelinge spraak word geïnspireer deur die lewe van die spraak van die gesig. Ek was deur engele ingelig dat die eerste spraak van alle mense op elke aarde was die spraak deur die gesig, en dit uit twee bronne, die lippe en die oë. Die rede hoekom sulke spraak die eerste was, is, dat die gesig gevorm was vir die afbeelding van wat die mens dink en wil, en daarom was die gesig genoem die beeltenis en indeks van die denke, ook omdat in die mees antieke of vroegste tye daar soveel eerlikheid was, en die mens het nie daaraan gedink of gewens om enigiets anders te dink van wat hy wil nie, en dit moet vanaf sy gesig skyn. Dus ook die emosies van die denke, en die gedagtes daarin, kan ten volle aangebied word. Dit word ook duidelik vir die oog aangebied, en baie, as't ware, in `n vorm tesame. Hierdie spraak, oortref die klankryke spraak soos wat sig die gehoor oortref of om `n landskap te sien wat die gehoor daarvan oortref, of die aanhoor daarvan deur `n verbale beskrywing. Hulle voeg by dat so `n spraak ooreenkom met die spraak van engele, waarmee die mens in daardie tye ook in aanraking en kommunikasie was; en verder, dat wanneer die gesig praat, of die denke deur die gesig, is dit die engele spraak met die mens in die uiterste natuurlike vorm, maar nie wanneer die mond spreek deur woorde nie. Elkeen kan ook verstaan dat die mees antieke mense kon nie die spraak van woorde gehad het nie; siende dat die waarde van taal was nie onmiddelik ingegiet in die mens nie, maar moes uitgevind word, en toegepas word op dinge; wat slegs gedoen kan word met die verloop van tyd.
54.1 Solank as wat opregtheid en eerlikheid met die mens was, net solank het hierdie spraak gebly. Maar sodra die denke een ding bedink en `n ander uitspreek, wat plaasvind wanneer die mens begin om homself lief te hê en nie sy naaste nie, dan het klankryke spraak begin ontwikkel, en die gesig word dan stil of daar word geveins. Dus was die interne vorm van die gesig verander, trek dit self saam, verhard en begin om leeg te word van lewe; maar die eksterne vorm, ontsteek deur die vuur van selfliefde, begin om te verskyn aan die oë van die mens asof dit vol lewe is. Want die afwesigheid van die lewe wat onderliggend lê, verskyn nie voor die oë van die mens nie, maar wel voor die oë van die engele, want hulle sien die innerlikes. So is die gesigte van hulle wat een ding dink en iets anders spreek; want geveinsdheid, huigelary, sluheid en misleiding, wat aan die orde van vandag is, lok hierdie effekte uit. Maar dit is anders in die ander lewe, waar dit nie toegelaat is om een ding te spreek en `n ander te dink nie. `n Verskil of onenigheid in die spraak en die gedagtes word daar ook duidelik waargeneem in elke woord; en wanneer dit in `n gees waargeneem word, word hy uit sy gemeenskap uitgewerp, en ook beboet.

Daarna word hy verminder deur verskeie metodes om te praat soos wat hy dink, en om te dink wat hy wil; totdat hy `n onverdeelde denke het; sodat as hy goed is, kan hy die goeie wil en die waarheid dink en spreek uit die goeie, en as hy boos is, kan hy die boosheid wil en uit die valshede dink en spreek wat uit die bose is. Nie voordat dit plaasgevind het, word die goeie gees in die hemel opgeneem, en ook word die bose gees nie in die hel gewerp, voordat alle goeie uit hom verwyder is nie, vir die rede dat daar in die hel niks anders is as die valsheid en die bose nie, en in die hemel niks anders as die waarheid en die goeie nie.

55. Ek was verder deur die geeste van daardie wêreld meegedeel, betreffende verskeie besonderhede oor sy inwoners, wat betref hulle manier van loop, hulle voedsel, en hulle woonplekke. Ten opsigte van hulle manier van loop – hulle loop nie regop soos die inwoners van hierdie of baie ander aardes nie, ook kruip hulle nie soos diere nie; maar soos wat hulle voortgaan, steun hulle hulleself met hulle hande, en alternatiewelik, lig hulleself op op hulle voete, en ook met elke derde tree draai hulle die gesig na die kant toe en agter hulle, en terselfdertyd buig hulle die liggaam `n bietjie, wat skielik gedoen word, want by hulle is dit onbehoorlik om gesien te word deur ander behalwe in die gesig. As hulle dus loop hou hulle altyd die gesig opgehef na ons toe, sodat hulle na die hemele kan kyk sowel as na die aarde. Om die gesig net na onder te hou asof net na die aarde te kyk, noem hulle `n vervloeking. Die mees gemeenstes onder hulle doen so, maar as hulle aanhou en nie hulle gesigte ophef nie, word hulle uit die gemeenskap verban. Wanner hulle sit kom hulle voor soos mense van ons aarde, regop met die boonste gedeelte van die liggaam, maar hulle sit gewoonlik bene oorkruis. Hulle neem spesiale voorsorg, nie net wanneer hulle loop nie, maar ook as hulle sit, om in die gesig gesien te word, en nie teen die agterkant nie. Hulle is ook baie gewillig om hulle gesigte te laat sien, omdat hulle denke daarvandaan te voorskyn kom, want by hulle is die gesig nie in `n verskil met die denke nie, ook kan hulle dit inderdaad ook nie doen nie. Hulle daar teenwoordig weet ook baie duidelik hieruit watter rangskikking hulle het teenoor mekaar, veral wanneer hulle klaarblyklike vriendskap opreg of geforseerd is, want dit hou hulle nooit bedek nie. Hierdie besonderhede word aan my getoon deur hulle geeste, en bevestig deur hulle engele. Daarom word ook hulle geeste gesien loop, nie regop soos ander nie, maar amper soos persone wat swem, en kom voor asof hulle hulself vorentoe help met hulle hande, en met tye om rondom hulle te kyk.

56. Hulle wat in die warmer klimaat woon, loop nakend behalwe vir `n bedekking rondom die lendene, ook is hulle nie skaam oor hulle naaktheid nie, want hulle denke is kuis en rein, en hulle is slegs lief vir hulle eie metgeselle, en hulle verafsku owerspel. Hulle verwonder hulle uitsonderlik dat die geeste van ons aarde, wat, as hulle hoor oor hulle metode van loop, en ook dat hulle nakend loop, dit bespotlik maak, en het wellustige gedagtes, wat glad nie aandag skenk aan hulle hemelse lewe nie, maar aan sulke dinge. Hulle sê dat dit `n teken was dat aardse en stoflike dinge vir hulle meer van waarde is as die hemelse dinge, en dat dinge van onwelvoeglike aard nog `n plek het in hulle gedagtes. Die geeste van ons aarde was vertel dat naaktheid daar gee nie aanleiding tot skaamte of `n skandaal tot so `n lewe van kuisheid en `n staat van onskuld nie, maar slegs dit as `n lewe in wellustigheid en onwelvoeglikheid.

57. Wanneer die inwoners van daardie aarde in die bed lê, draai hulle hul gesigte vorentoe, of na die kamer, maar nie agterwaarts, of na die muur nie. Dit was aan my deur hulle geeste vertel, wat sê, die rede is, dat hulle glo dat as hulle hul gesigte vorentoe draai, draai hulle dit na die Meester, maar as hulle dit na agtertoe draai, dan draai hulle dit weg van die Meester af. Ek het somtyds waargeneem, wat myself betref, terwyl ek in die bed was, dieselfde rigting van die gesig, maar nooit voorheen geweet het waarom dit so was nie.

58. Hulle het `n genot daarin om lang maaltye te hê, maar nie soseer vir die genieting van die voedsel nie, as uit die genieting van die gesprekke op daardie tyd. As hulle aan tafel sit, sit hulle nie op stoele of op banke, of op opgehewe banke van grassooie nie, ook nie op die gras nie, maar op die blare van `n sekere boom. Hulle is nie gewillig om te sê van watter boom die blare is nie, maar toe ek verskeie bome noem deur te gis, het hulle erken dat dit die vye-boom was toe ek die blare daarvan opnoem. Hulle sê ook dat hulle nie voedsel voorberei met verwysing na die smaak nie, maar veral met verwysing na die gebruik daarvan, en hulle voeg verder by dat bruikbare voedsel was vir hulle smaaklik. Oor hierdie onderwerp het daar `n gesprek ontstaan tussen die geeste, en dit was gesê dat dit die regte manier was vir die mens; want dit is in sy hart om `n gesonde verstand en `n gesonde liggaam te hê, maar dit is anders met met hulle waarvan die smaak regeer, en wie se liggaam al hoe sieker word, of ten minste innerlik kwyn, en gevolglik die denke ook; want die aksie hiervan hang af van die innerlike staat van die ontvanger gedeeltes van die liggaam, soos die gesig en gehoor afhang van die staat van die oog en oor. Daarom is dit waansinnig om al die genot van die lewe te plaas in luukshede en plesier. Hieruit kom ook botheid en verveligheid in sulke dinge, en skranderheid in sulke dinge soos wat van die gesonde liggaam en die wêreld is.

59. Hulle woonplekke was ook aan my getoon. Hulle is laag en van hout, maar in die binnekant is dit uitgelê met die bas van `n boom van `n bleek blouerige kleur, die mure en plafon is bespikkel soos met klein sterretjies, om die hemele te verteenwoordig; want hulle is lief daarvoor om die sigbare hemel en sterre uit te beeld in die binnekant van hulle huise, omdat hulle glo dat die sterre die woonplek van die engele is. Hulle het ook tente wat rond is aan die bokant, en kan uitstrek tot `n aansienlike lengte, wat binne net so bespikkeld is met klein sterretjies op `n blouerige oppervlak, in hierdie begewe hulle hul in die middel van die dag uit vrees vir die beskadiging van die gesig deur die hitte van die son. Hulle neem groot voorsorg in die konstruksie en die netheid van hierdie tente. Hulle eet ook hulle maaltye daarin.

60. Toe die geeste van Jupiter die perde van hierdie aarde sien, verskyn hulle kleiner as gewoonlik, alhoewel hulle redelik robuust en groot is. Dit was as gevolg van die idee van daardie geeste betreffende die perde dáár. Hulle sê dat hulle ook daar perde met hulle het, en baie groter, maar dat hulle wild is, of in die woude, en wanneer hulle gesien word, is die inwoners vreesbevange, alhoewel hulle geen skade doen nie. Hulle voeg by dat die vrees vir perde ingebore en natuurlik by hulle is. Dit lei my om te dink wat die oorsaak van die vrees is; want "`n perd" in die geestelike sin dui op die intellektuele talente gevorm uit die wetenskaplike, 60.1 en omdat die

inwoners bang is om die intellektuele talente te ontwikkel deur wêreldse wetenskappe, wat menslike geleerdheid is, kan gesien word in dit wat volg.

61. Die geeste van daardie aarde is nie gewillig om te assosieer met die geeste van ons aarde nie, omdat hulle in beide verstand en manier verskil. Hulle sê dat die geeste van ons aarde baie slu is, en dat hulle aangehits word om boosheid te versin en uit te dink, en dat hulle baie min van die goeie weet en ook min daaraan dink. Bowendien is die geeste van die aarde Jupiter baie wyser as die geeste van ons aarde. Hulle sê ook van ons geeste, hulle praat baie en dink te min en dus is hulle nie in staat om `n innerlike persepsie van baie dinge te hê nie, nie eers van dit wat goed is nie; daarom kom hulle tot die gevolgtrekking dat die mense van ons aarde eksterne mense is. Eenkeer was dit ook toegelaat dat die bose geeste van ons aarde, met hulle bose kunste, om te handel en die geeste van Jupiter wat met my was, te besmet en te vervuil. Die geeste van Jupiter her hulle vir `n lang tyd verduur, maar naderhand gesê hulle kan dit nie meer uithou nie, en dat hulle glo dat dit onmoontlik is dat slegter geeste kan bestaan, want hulle het hulle verbeelding so besmet en ook hulle gedagtes op so `n manier dat dit vir hulle geblyk het dat dit gebind is, en dat hulle dit nie kan ontwar en vry stel sonder Goddelike hulp nie. Terwyl ek in die Woord sommige gedeeltes lees wat handel oor die Meester se kruisiging, het die Europese geeste ontsettende skandale laat deurdring, met die bedoeling om die geeste van Jupiter te verlei. Navrae was gedoen wie hulle was, en wat was hulle nering in die wêreld, en dit was ontdek dat sommiges predikers was, en dat die grootste deel van hulle was wat hulleself van die Meester se gemeenskap noem, of die Jesuit'e. Ek sê dat toe hulle in die wêreld was, kon hulle deur hulle prediking oor die kruisiging, die gewone mense tot trane beweeg. Ek voeg ook die rede daarvoor by, dat in die wêreld het hulle een ding gedink en `n ander gespreek, dus om een ding in die hart te vertroetel, maar om `n ander te erken met die mond, maar nou is dit nie meer geoorloof om so misleidend te spreek nie, omdat, wanneer hulle geeste geword het, is hulle verplig om te spreek net soos wat hulle dink. Die geeste van Jupiter was grootliks verstom dat daar so `n groot verskil kan wees tussen `n mens se innerlikes en sy uiterlikes, sodat hy verskillend kan spreek as wat hy dink, wat vir hulle onmoontli blyk te wees. Hulle verwonder hulle dat toe hulle hoor dat baie van ons aarde word ook engele, en is van `n andersoortige hart, en het van die veronderstelling af uitgegaan dat almal wat op ons aarde is, so is soos hulle wat teenwoordig was. Maar dit was gesê dat daar baie was met `n ander ingesteldheid, en dat daar ook hulle is wat uit die goeie dink, en nie soos hulle uit die bose nie; en hulle wat uit die goeie dink, word engele. Dat hulle mag weet dat dit so is, kom daar uit die hemel kore van engele van ons aarde, en een na die ander, wat met een stem en in harmonie tesame die Meester loof. 61.1 Hierdie kore het die geeste van Jupiter wat by my was so bekoor, dat dit selfs vir hulle gevoel het dat hulle in die hemel was. Die verheerliking deur die kore het ongeveer `n uur geduur, en die genot wat hulle ontvang het, was aan my gekommunikeer en aan my gegee om te voel. Hulle sê dat hulle hul mense daarvan sal vertel waar hulle ookal is.

62. Die inwoners van Jupiter plaas wysheid in denke deur goed en regverdig te dink van alle dinge in die lewe. Die wysheid wat hulle ontleen het van hulle ouers vanaf geboorte, en dit word suksesvol oorgedra aan die nageslag, en vergroot die liefde daarvoor omdat dit aan hul ouers behoort het. Van wetenskap, soos die op ons aarde, weet hulle

hoegenaamd niks van nie, ook wens hulle om niks te weet nie. Hulle noem dit skaduwees en vergelyk dit met wolke wat die son verberg. Hierdie idee betreffende die wetenskappe is ontvang van sommige geeste van ons aarde wat spog dat hulle wys is uit die wetenskappe. Die geeste van ons aarde wat so spog was sodanig wat wysheid maak as bestaande in dinge wat bloot aan die geheue behoort, soos in tale, veral die Hebreeus, Grieks, en Latyn, in `n kennis van dinge wat behoort in die litterêre wêreld, in kritiek, in bloot eksperimente en in terme, veral dit wat van die filosofie is, met ander dinge van dieselfde aard, en gebruik nie sulke dinge as `n metode wat lei na wysheid nie, maar maak wysheid om te bestaan uit daardie dinge uit homself. Sulke persone, omdat hulle nie hulle rasionele aanleg ontwikkel het deur die wetenskappe nie, as `n metode wat kan lei tot wysheid, het baie min waarneming in die ander lewe; want hulle sien dinge slegs in beperking, en uit beperkinge, en in die geval is dinge slegs in klosters en wolke wat die intellektuele sig versper (sien bo, n. 38); en hulle wat trots is oor hulle geleerdheid daaruit, het nog minder waarneming, maar hulle wat die wetenskappe gebruik het as `n metode om die dinge wat aan die kerk behoort, kragteloos te maak en dit te verwoes, het hulle eie intellektuele aanleg totaal vernietig, en soos uile sien hulle in die dik duisternis die valsheid aan vir die waarheid, en die bose vir die goeie. Die geeste van Jupiter, uit die gesprekke wat hulle met sulkes gehad het, kom tot die gevolgtrekking dat die wetenskappe veroorsaak skaduwees en blindheid. Maar hulle was ingelig dat op ons aarde is die wetenskappe die metode om die intellektuele sig te open, en dit is die sig van die lig van die hemel; maar omdat sulke dinge wat behoort aan die suiwer natuurlike en sensuele lewe hier regeer, is die wetenskappe vir die mens van ons aarde slegs `n metode om waansinnig te raak, naamlik, om dit te konformeer in voorkeur met die natuur teen die Goddelike, en in voorkeur van die wêreld, teen die hemele. Hulle was verder ingelig dat die wetenskappe op sigself geestelike rykdomme is, en dat hulle wat dit besit is soos hulle wat wêreldse rykdomme besit, wat op sy beurt weer `n metode is om dienste te bewys aan homself, sy naaste, en sy gemeenskap, en ook `n metode om die bose te doen. Bowendien, dat dit soos kledingstukke is, wat dien vir gebruik en versiering, en ook vir trots, soos met hulle wat geëer word net vir dit alleen. Die geeste van Jupiter verstaan hierdie dinge baie goed, maar hulle wonder, siende dat hulle mense is, sou hulle in die metode moet rus, en verkies dinge wat lei na wysheid voor wysheid homself, en dat hulle nie sou sien, dat om die denke te dompel in sulke dinge, en nie bokant dit uit te styg nie, was om dit te bewolk en te verblind.

63. `n Sekere gees wat opstyg uit die laer aarde, kom na my en sê dat hy gehoor het wat ek met hulle bespreek het, maar dat hy glad nie dit verstaan wat gesê was oor die geestelike lewe en die lig daarvan. Hy was gevra of hy gewillig was om daaroor onderrig te word. Hy sê hy het nie vir daardie doel hierheen gekom nie. Waaruit ek tot die slotsom gekom het dat hy nie sulke dinge sal verstaan nie. Hy was baie onnosel, maar dit was deur die engele verklaar dat hy in die wêreld `n baie gevierdie mens was oor sy geleerdheid. Hy was koud, soos wat dit gevoel kan word uit sy asemhaling, wat `n teken was van die natuurlike, en niks van die geestelike nie, dus deur die wetenskappe het hy nie oopgemaak nie, maar het die weg vir homself toegemaak na die lig van die hemel.

64. Omdat die inwoners van die aarde Jupiter intelligensie vir hulleself verkry op `n verskillende manier as dit van die inwoners van ons aarde, en omdat hulle van `n ander

genius (gees) is uit hulle lewe, kan hulle daarom nie meer langer by mekaar wees nie, en skrum weg of verwyder hulleself. Daar is sfere, wat genoem kan word geestelike sfere, wat voortdurend heen en weer vloei, ja, dit oorvloei uit elke gees, dit vloei uit die aktiwiteit van die emosies en gevolglike gedagtes, dus van die lewe self. 64.1 Alle assosiasies in die ander lewe word gereguleer in ooreenstemming tot hierdie sfere; hulle wat ooreenstem, word met mekaar verbind in ooreenstemming met die ooreenkoms of ooreenstemming, maar hulle wat verskil van mening, word geskei in ooreenstemming met hulle verskille. Die geeste en engele wat van die aarde Jupiter is, het in die Kosmiese Mens `n verhouding met die verbeeldingrykheid van die denke, en gevolglik `n aktiewe staat van die innerlike dele; maar die geeste van ons aarde het `n verhouding tot die verskeie funksies van die uiterlike dele van die liggaam, en wanneer dit `n begeerte het om te domineer, kan die aktiwiteit of verbeelding van die denke van die innerlike nie na binne vloei nie; daarom die opposisie tussen die sfere van die lewe van beide groepe.

65. Wat betref hulle Goddelike aanbidding, is dit `n hoof karakteristieke eienskap, dat hulle die Meester erken as die Opperwese, wat die hemel en die aarde regeer, en noem Hom die enigste Meester; en omdat hulle Hom erken en aanbid gedurende hulle lewe in die liggaam, soek hulle Hom ten eerste na die dood, en vind Hom ook, Hy is dieselfde soos ons Meester. Hulle was gevra of hulle weet dat die enigste Meester `n Mens is. Hulle antwoord dat hulle almal weet dat Hy `n mens is, omdat in hulle wêreld was Hy deur baie slegs gesien as `n mens, en dat Hy hulle onderrig aangaande die waarheid, bewaar hulle, en gee ook ewige lewe aan hulle wat Hom aanbid uit die goeie. Hulle sê verder, dat Hy aan hulle geopenbaar het hoe hulle moet lewe, en hoe hulle moet glo; en dit wat geopenbaar is, word van die ouer na die kind oorgedra, en daarom vloei daar `n doktrine na elke familie, en daardeur die hele nasie wat van een vader afstam. Hulle voeg by dat dit vir hulle lyk asof die doktrine op hulle denke ingeskryf is, en hulle sluit daarmee af, omdat hulle onmiddelik waarneem, en erken uit hulleself, of dit waar is of nie, wat gesê is deur ander betreffende die lewe van die hemel met die mens. Hulle weet nie dat hulle enigste Meester op ons aarde gebore was as mens, en hulle sê al wat hulle wil weet is dat Hy `n Mens is, en Hy regeer oor die hele universum. Toe ek hulle inlig dat op ons aarde is Hy bekend as Jesus Christus; en die Christus dui op die Gesalfde Koning, en Jesus, die Verlosser, sê hulle dat hulle Hom nie aanbid as `n Koning nie, want koningskap gee voorkeur aan dit wat wêrelds is, maar dat hulle Hom aanbid as `n Verlosser. Op hierdie geleentheid was daar `n vertwyfeling wat ingespuit was deur die geeste van ons aarde, of hulle Meester dieselfde was as ons Meester; maar hulle verwyder dit deur hulle herinnering dat hulle Hom gesien het in die son, en het erken en Hom herken dat dit Hy homself was wat hulle op die aarde gesien het. (sien bo, n. 40). Eenkeer ook met die geeste van Jupiter wat by my was, vloei daar vir `n oomblik `n vertwyfeling of hulle enigste Meester dieselfde was as ons Meester; maar hierdie vertwyfeling, wat vir `n oomblik ingevloei het, was ook in `n oomblik uiteen gejaag. Dit vloei in van sekere geeste vanaf ons aarde, en toe, wat my verbaas het, dat hulle so skaam was om dit in twyfel te trek, alhoewel dit vir `n oomblik was, my gevra het om dit nie te publiseer nie uit vrees dat hulle aangekla sal word vir ongelowigheid, terwyl hulle dit nou meer as ander weet. Hierdie geeste was baie geaffekteer en juig toe hulle hoor dat dit verklaar word dat die enigste Meester alleen `n Mens is, en dat almal het van Hom dit wat hulle geregtig maak om `n mens genoem te word; maar dat hulle slegs so ver mens is as wat

hulle `n beeltenis van Hom is, dit is, sover as wat hulle Hom liefhet, en dus die naaste, en so ver as wat hulle in die goeie is; want die goeie van die liefde en geloof is die beeltenis van die Meester.

66. Daar was met my sommige geeste van die aarde Jupiter, terwyl ek gelees het uit die sewentiende hoofstuk van Johannes betreffende die Meester se liefde, en betreffende Sy verheerliking, en toe hulle die dinge hoor wat daar geskryf staan, het `n heiligheid hulle vervul en hulle het erken dat alle dinge daarin Goddelik is. Maar dan is daar sommige geeste van ons aarde wat ongelowiges was, het voortdurend verskeie skandale gesuggereer, en sê dat Hy as baba gebore is, geleef het soos `n mens, en verskyn het as `n ander mens, was gekruisig, en ander omstandighede met hierdie strekking. Maar die geeste van die aarde Jupiter het geen aandag geskenk aan hierdie suggesties nie. Hulle sê dat hulle duiwels so is, wat hulle verafsku; en voeg by dat niks hemels het enige plek in hulle denke nie, maar slegs aardse dinge, wat hulle "uitsaksel" noem. Dit was ook so, dat hulle ook hieruit ontdek het, dat toe hulle hoor dat hulle op hulle aarde nakend loop, het obsene gedagtes onmiddelik hulle gedagtes vervul, en hulle gee geen aandag aan hulle hemelse lewe, waaroor hulle terselfdertyd gehoor het nie.

67. Die helder waarneming wat die geeste van Jupiter het aangaande geestelike dinge, was duidelik aan my gemaak deur hulle manier van aanbieding van hoe die Meester verslegtende emosies omsit in goeie emosies. Hulle stel die intellektuele denke voor as `n pragtige vorm; druk op dit af `n handeling wat geskik is tot die vorm, in antwoord op die lewe van emosie. Dit verrig hulle wat geen woorde kan beskryf nie, en met so `n behendigheid dat hulle deur die engele geprys word. Daar was toe sommige geleerdes van ons aarde wat teenwoordig was, wat die intellektuele aanleg in die wetenskaplike terme gedompel het, en het geskryf en baie van die vorm gediuk, in verband met selfstandigheid, asook oor materialisme en onstoflikheid, en so aan, sonder om sulke dinge toe te pas as van enige nut; en hulle kon nie eers die aanbieding verstaan nie.

68. Hulle is uiters versigtig op hulle eie aarde, uit vrees dat iemand onder `n verkeerde indruk sou verkeer aangaande die enigste Meester; en as hulle opmerk dat iemand of enigeen begin om verkeerd te dink aangaande Hom, dan sal hulle hom ten eerste vermaan, en dan sal hulle dreigemente gebruik, en laastens afskrik met strawwe. Hulle sê dat hulle opgemerk het, as enige sulke verkeerde idees homself in `n familie insinueer, word die familie uit hulle midde weggeneem, nie deur strawwe soos die doodstraf wat uitgeoefen word deur hul kamerade nie, maar deur die weerhouding van asemhaling, en gevolglik van die lewe, deur geeste, as hulle hul eers gedreig het met die dood. Want in daardie wêreld spreek die geeste met die inwoners, en tugtig hulle as hulle kwaad gedoen het, en selfs as hulle van plan is om kwaad te doen, waaroor ons later meer sal sê. Daarom, as hulle kwaad dink van die enigste Meester, en bekeer hulle nie, word hulle met die dood gedreig. Op hierdie manier word die aanbidding van die Meester bewaar, wat vir hulle daar die Opperste Goddelikheid is.

69. Hulle sê dat hulle geen feesdae het nie, maar dat elke oggend met sonsopkoms, en elke aand met sonsondergang, oefen hulle `n heilige aanbidding uit aan hulle enigste Meester in hulle tente, en hulle sing ook psalms op hulle eie manier.

70. Ek was ook ingelig dat in daardie aarde is ook hulle wat hulself heiliges noem, en wat hulle bediendes beveel waarvan hulle wens om baie te hê, om hulle die titel van "meester" te gee, onder die bedreiging van groot strawwe. Hulle verbied hulle ook om die Meester van die universum te aanbid, en sê dat hulleself intredende "meesters" is en dat hulleself hulle smeekbede aan die Meester van die universum sal aanbied. Hulle noem die Meester van die universum nie net Meester nie, soos die res doen nie, maar die Opper Meester, vir die rede dat hulle hulleself ook 'meester' noem. Die son van die wêreld noem hulle die aangesig van die Opper Meester, en glo dat Sy blyplek daar is, daarom aanbid hulle ook die son. Die res van die inwoners beskou hulle in weersin en is onwillig om met hulle te praat, uit sowel as die aanbidding van die son en omdat hulle hulself 'meesters' noem, en word deur hul bediendes aanbid as 'tussenganger gode.' Die geeste het my hulle hoofbedekking gewys, wat `n toringagtige mus was van `n donkerige kleur. In die ander lewe verskyn sulkes aan die linkerkant op `n sekere hoogte, en sit daar as afgode en word ook in die begin deur die bedienders aanbid wat aan hulle aandag gegee het, maar was agtena deur hulle in veragting beskou. Wat my verbaas dat hulle gesigte daar skyn asof van vuur, wat die gevolg is dat hulle geglo het dat hulle 'heiliges' is, maar nieteenstaande hierdie vurige voorkoms, is hulle koud, en het `n intense begeerte om warm te wees. Daarom is dit duidelik dat die vuur, waarmee hulle skyn, die vuur is van selfliefde, en is dwaas. Ten einde hulleself warm te maak, sien hulle hulleself om hout te kap, en terwyl hulle kap, verskyn daar onder die hout iets soos `n mens, wat hulle terselfdertyd probeer om aan te val. Hierdie verskynsel is die gevolg van hulle toeskrywing aan hulleself `n verdienste en heiligheid; want almal wat in daardie wêreld so doen, blyk aan hulleself asof hulle hout kap, soos wat die geval was met sommige geeste van ons aarde, waarvan op `n ander plek gepraat word. Vir `n verdere illustrasie van hierdie onderwerp, sal ek hierdie ervaring hier bybring aangaande hulle. "In die laer aarde tussen die sole van die voete, is hulle wat verdienste in hulle goeie dade geplaas het. Baie van hulle verskyn aan hulself asof hulle hout kap. Die plek waar hulle is, is baie koud, en hulle sien by hulleself asof hulle hitte kry deur hulle arbeid. Ek het ook met hulle gepraat, en dit was aan my toegestaan om hulle te vra of hulle wens om uit daardie plek te kom. Hulle sê dat hulle dit nog nie verdien het deur hulle arbeid nie. Maar toe die staat verby is, was hulle uitgeneem. Hulle is natuurlik, want om redding te wens uit verdienste is nie geestelik nie; want dit kom van die persoonlike individualiteit (ownhood), en nie van die Meester nie. Bowendien, verkies hulle hulleself bokant ander, en sommiges van hulle verag ander. As hulle nie `n groter genot as ander geniet in die ander lewe nie, is hulle verontwaardig teenoor die Meester; vir die rede, dat as hulle hout kap, verskyn daar iets asof dit van die Meester is onder die hout. Dit kom van hulle verontwaardiging." 70.1

71. Dit is algemeen op daardie aarde vir die geeste om met die inwoners te praat en om hulle te onderrig en ook om hulle te betig as hulle kwaad gedoen het, ten opsigte waarvan baie dinge aan my vertel is deur die engele, en ek wens om dit in volgorde te herhaal. Die rede hoekom die geeste met die mense daar spreek, is omdat hulle baie dink van die

hemel en aangaande die lewe na die dood, en het vergelykender gewys baie min verlange aangaande die lewe in die wêreld, want hulle weet hulle gaan lewe na die dood, en in `n staat wat gelukkig is in ooreenstemming met die staat van hulle innerlike mens, gevorm in die wêreld. Om te praat met engele en geeste was ook algemeen op hierdie aarde in die antieke tye, en vir dieselfde rede, naamlik, omdat hulle toe baie gedink het van die hemel en baie min van die wêreld. Maar die lewende kommunikasie met die hemel was met die tyd toegemaak, soos wat die mens vanaf die innerlike meer uiterlik geraak het, of wat dieselfde is, soos wat hy begin om meer te dink van die wêreld en baie min van die hemel; en nog meer as hy nie meer langer glo dat daar `n hemel of `n hel is nie, ook nie dat die mens in homself `n gees is wat na die dood lewe nie; want in hierdie dag word geglo dat die liggaam uit homself lewe, en nie uit sy gees nie, daarom, tensy die mens nou glo dat hy sal weer opstaan soos wat sy liggaam gelyk het, sal hy nie glo in die wederopstanding nie.

72. Wat besonderlik die teenwoordigheid van die geeste betref by die inwoners van die aarde Jupiter, is daar sommige geeste wat straf, sommiges wat onderrig, en sommiges wat oor hulle heers. Die geeste wat straf hou hulleself aan die linker kant, en neig na agtertoe, en wanneer hulle daar is, trek hulle uit die mens na vore al die dinge wat in sy geheue geleë is. As hulle vind dat hy booshede bedink het, of dit gedoen het, dan berispe hulle hom, en kasty hom ook met pyn in die gewrigte, en van die hande en voete, of met pyn in die ingewande streek. Dit kan die geeste ook behendig doen as hulle toegelaat word. Wanner so iets na die mens kom word hulle genïspireer met vrees, afgryse en angs, dus weet die mens as hulle nader kom. Bose geeste kan vrees inspireer as hulle enigeen nader, veral hulle wat in die wêreld geleef het as rowers. Dat ek mag weet hoe hierdie geeste handel wanneer hulle na `n mens toe kom op hulle aarde, was dit toegelaat dat so `n gees ook na my toe kom. Toe hy naby was, het vrees, afgryse en angs oor my besit geneem, maar die afgryse was nie innerlik nie maar uiterlik, omdat ek geweet het dit was so `n gees. Hy was ook gesien en verskyn soos `n donker wolk, met bewegende sterre in die wolk. Bewegende sterre dui op valshede, maar vaste sterre die waarheid. Hy voeg hom aan my linkerkant meer na agtertoe, en begin ook om my te berispe vir die dade en gedagtes wat hy uit my geheue uittrek, en interpreteer dit ook verderflik, maar hy was verhinder deur die engele. Toe hy waarneem dat hy met `n mens was wat nie van hierdie aarde is nie, begin hy om met my te praat, en sê dat as hy na `n mens toe kom, weet hy al die dinge wat die mens gedoen en gedink het, en dat hy hom hewig berispe, en ook om hom te kasty met verskeie en hewige pyne. Op `n ander keer weer het so `n kastyende gees na my toe gekom, en voeg hom aan my linkerkant net onderkant die middel van my liggaam, soos die vorige een, wens hy ook om my te straf; maar hy was ook deur die engele verhoed, Alhoewel, hy toon aan my die knelling van strawwe wat hy toegelaat was om op die mens te gebruik van hulle aarde, as hulle boosheid doen, of daaraan dink. Hulle was, behalwe die pyn in die gewrigte, `n pynlike sametrekking deur `n skerp rooster. En dan was daar die wegneming van die asemhaling met intervalle selfs tot benoudheid; en ook die verbod om enigiets te eet as brood vir `n tydperk; en die laaste van alles is die dreigement van die dood, as hulle dit nie staak om sulke dinge te doen nie; en ook die weerhouding van die genieting van die metgesel, kinders, en ander metgeselle.

73. Ook die engele wat onderrig voeg hulle aan die linkerkant, maar meer na die voorkant. Ook hulle berispe, maar meer gematig, en teenswoordig leer hulle hoe hulle behoort te lewe. Hulle kom ook donker voor, maar nie soos die voriges soos wolke nie, maar asof geklee in saklinne. Hulle word genoem instrukteurs, maar die voriges kastyers. Wanneer hierdie geeste teenwoordig is, is die engelegeeste ook teenwoordig, en sit aan die hoof en maak vol op `n besonderse manier. Hulle teenwoordigheid daar word ook gevoel as `n ligte asemhaling, want uit vrees dat hulle naderkom en hulle invloei die mens die minste pyn en angs laat ervaar of waarneem. Hulle beheers die kastyding en onderrig geeste; en voorkom die kastyding geeste om meer skade aan die mens te doen as wat die Meester toelaat. Toe die kastyding gees by my was, was die engele geeste ook teenwoordig en hou my gesig voortdurend opgewek en glimlaggend, en die streek rondom die lippe prominent, en my mond `n bietjie oop. Dit doen die engele gemaklik deur invloei, as dit toegelaat word deur die Meester. Hulle sê hulle veroorsaak so `n gesigsuitdrukking op die inwoners van hulle aarde, wanneer hulle teenwoordig is.

74. As `n mens na die kastyding en instruksies weereens boosheid doen, of net dink aan boosheid, en hom nie daarvan weerhou deur die voorskrifte van die waarheid te volg nie, dan, wanneer die kastyding geeste terugkeer, word hy meer ongenadiglik gestraf. Maar die engele geeste is meer gematig in die strawwe in ooreenstemming met die bedoelling van die daad, en in ooreenstemming met die wil in die gedagtes. Hieruit is dit duidelik dat hulle engele wat aan die hoof sit, het `n soort van juridiese outoriteit oor die mens, siende dat hulle toelaat, temper, in toom hou, en vloei in. Maar dit word gesê dat hulle nie veroordeel of regspreek nie, want die Meester alleen is die Regter, en al die dinge wat hulle beveel aangaande kastyding en onderrig vloei van hulle af in vanuit die Meester, alhoewel dit lyk asof dit van hulle self is.

75. Die geeste daar spreek met die mens, maar nie die mens in teenantwoord met die geeste nie, behalwe die woorde wanneer hy onderrig word dat hy dit nie meer sal doen nie. Ook word hy nie toegelaat om enigiemand te vertel dat `n gees met hom gepraat het nie; as iemand dit doen; word hy agterna gestraf. Daardie geeste van Jupiter, toe hulle by my was, het eers gedink dat hulle met `n mens was van hulle aarde; maar toe ek terugantwoord, en sien dat ek dink daaraan om hierdie dinge te publiseer, en dus om ander te vertel, en deurdat hulle nie toegelaat was om my te kasty en te onderrig nie, neem hulle waar dat hulle by iemand anders was.

76. Daar is twee tekens wat verskyn aan daardie geeste wanneer hulle met die mens is. Hulle sien `n ou man met `n bleek gesig, wat `n teken is dat hulle niks moet sê as dit wat waar is nie, en doen niks wat nie regverdig is nie. Hulle sien ook `n gesig in die venster, wat `n teken is dat hulle daarvandaan moet padgee. Die ou man was ook deur my gesien, en net so was die gesig in die venster ook gesien; en deur dit te sien het die geeste onmiddelik van my af vertrek.

77. Behalwe die geeste wat nou genoem is, is daar ook geeste wat die teenoorgestelde voorstaan en hulle daarna probeer oorhaal. Hulle is daardie, wat, terwyl hulle gelewe het in die wêreld, verban was uit die gemeenskap van ander, omdat hulle boos was. Wanneer hulle naderkom, kom hulle voor asof dit `n vlieënde vuur was wat neergly naby die gesig.

Hulle plaas hulleself baie laag agter die mens, en spreek daarvandaan op na die boonste dele. Hulle praat dinge wat die teenoorgestelde is van wat die onderrig geeste gesê het uit die engele, naamlik, dat `n mens nie moet lewe in ooreenstemming met die instruksie nie, maar uit sy eie wil en vergunning, en soortgelyke dinge. Hulle kom vir die grootste deel nadat die vorige geeste weg is, maar die mense daar weet wie en wat die geeste is, en gee dus niks vir hulle om nie, maar leer tog op hierdie manier wat boosheid is, en dus wat goed is; want deur boosheid word geleer wat goed is, siende dat die kwaliteit van die goeie slegs geken kan word vanuit die teenoorgestelde. Alle insig of persepsie van `n ding is in ooreenstemming tot die weerspieëling ten opsigte van sy onderskeid van dinge wat die teenoorgestelde is, op verskillende maniere en verskillende grade.

78. Die kastydings en onderrig geeste gaan nie na hulle wat hulleself heiliges en bemiddelaar meesters noem (n. 70), soos wat hulle doen met ander op daardie aarde nie, omdat hulle dit nie toelaat dat hulle onderrig word nie, ook kan hulle nie verander word deur dissipline nie. Hulle is onbuigbaar, omdat hulle dit doen uit liefde vir die self. Die geeste sê dat hulle herken hulle deur hulle koudheid, en wanneer hulle hierdie koudheid waarneem, gee hulle van hulle af pad.

79. Daar is ook geeste tussen hulle op Jupiter wat hulle noem skoorsteenveërs, omdat hulle in sulke bekleding verskyn, en ook met `n roetagtige gesig. Wie en wat hulle is, was ek ook toegelaat om te beskryf. Een van sulke geeste kom na my, en smeek my ernstig om vir hom in te tree dat hy in die hemel mag kom. Hy sê dat hy nie geweet het dat hy kwaad gedoen het nie, slegs dat hy die inwoners van daardie aarde berispe het, en voeg by dat nadat hy hulle berispe het, het hy hulle onderrig. Hy voeg hom aan my linkerkant onder die elmboog, en spreek met `n krakerige stem; en hy kan `n mens beweeg na jammerte. Maar ek kon slegs antwoord dat ek hom geen hulp kan gee nie, en dit is van die Meester alleen; en dat ek nie kan intree nie, omdat ek nie weet of dit geskik sal wees of nie, maar as hy waardig is, mag hy hoop hê. Hy was toe teruggestuur na die opregte geeste van sy aarde, maar hulle sê hy mag nie in hulle gemeenskap wees nie, want hy was nie soos hulle nie. Maar as gevolg van sy intense begeerte dring hy daarop aan om in die hemel toegelaat te word, en was hy gestuur na `n gemeenskap van opregte geeste van hierdie aarde, maar hulle sê ook dat hy nie met hulle kan wees nie. Hy was van `n swart kleur in die lig van die hemel, maar hy sê hy was nie van die swartes nie, maar van `n bruin kleur. Dit was aan my vertel dat hulle aanvanklik so was, wat agterna ontvang word tussen hulle wat die provinsie saamstel van die saadblasie in die Groot Kosmiese Mens; of hemel; want in hierdie blasie word die semen opgegaar en rondom toegemaak met `n geskikte materiaal, passend vir die preservering van die vrugbare beginsel van die semen deur verkwisting daarvan, maar so dat dit neergelaat kan word deur die nek van die uterus, dat dit wat aan die binnekant ontvang word, gebruik kan word vir die ontvangenis of die bevrugting van die ovulum. Gevolglik ook dat saadkiem sake `n kraginspanning is, en dit is `n brandende begeerte, om homself af te gooi en om die semen te los om sy gebruik uit te oefen, soortgelyk wat in hierdie gees gesien word. Hy kom steeds na my toe, in afskuwelike klere, en sê weer dat hy brand om in die hemel te kom, en dat hy nou waarneem dat hy sodanig was dat hy kan. Ek was toegelaat om hom te vertel, dat dit dalk die aanduiding is dat hy binnekort ontvang sal word. Hy was toe deur die engele aangesê om sy bekleding af te werp, wat uit sy begeerte so vinnig gedoen word, dat skaars

enigiets anders vinniger kon gebeur het. Hierdeur was dit aangetoon wat die begeertes is van hulle wat in die provinsie is waarmee die saadblasie korrespondeer. Dit word gesê dat die geeste, as hulle voorberei vir die hemel, werp hulle bekleding af en word geklee met skitterende nuwe klere, en word dan engele. Hulle word vergelyk met ruspes, wat deur hulle slegte status gaan, en verander word in `n papie, en sodoende in `n skoenlapper, waar daar `n ander bekleding gegee word, en ook vlerke van `n blou, geel, silwer, of goue kleur, en dan die vryheid van vlieg in die lug asof in hulle hemel, van die viering van hulle huwelik en die lê van eiers, en sodoende te voorsien in die voortsetting van hulle soort; en terselfdertyd word aan hulle geskenk die aangename voedsel van die sappe en geure van die verskillende blomme.

80. Tot dusver was daar nog niks gesê van die kwaliteit van die engele van ons aarde nie; want hulle wat na die mens kom van hulle aarde en sit aan die hoof, soos genoem hierbo (n. 73), is nie engele in hulle innerlike hemel nie, maar is engele geeste, of engele in hulle uiterlike hemel. En omdat die natuur of gesteldheid van die engele van die innerlike hemel ook aan my openbaar is, is dit aan my geoorloof om ook te verhaal wat aan my gegee is om te weet. `n Seker een van die geeste van Jupiter wat vrees inboesem, het homself aan my linkerkant gevoeg onder die elmboog en spreek daarvandaan. Maar sy spraak was bars en ru, ook was sy woorde nie genoegsaam duidelik en afsonderlik nie; sodat ek `n sekere tydjie moes wag voordat ek sy bedoeling kon begryp. En wanneer hy praat, spuit hy iets van vrees daarmee saam in, dus vermaan hy my om die engele goed te ontvang wanneer hulle kom. Maar as antwoord gee ek hom dat dit nie van my afhang nie, siende dat almal ontvang word soos wat hy is. Aanstons kom die engele van daardie aarde ook na my toe, en ek was in staat om waar te neem uit hulle spraak met my, dat hulle totaal anders was van die engele van ons aarde; want die spraak was nie met woorde nie, maar deur idees, wat hom oral versprei deur my innerlikes, en dus het hulle ook `n invloei in my gesig, sodat die gesig saamwerk in elke besonderheid, beginnende by die lippe en voortgaan in elke rigting na die buitekant. Die idees wat in die plek van woorde was, was onderbroke of nie-deurlopend, alhoewel in `n kleiner graad. Agterna spreek hulle met my deur sekere idees wat nog meer onderbroke was, sodat elke tussenruimte skaars waarneembaar was. Tot my waarneming was dit soos die betekenis van woorde wat slegs tot die mening of bedoeling ag gee maar abstrak van die woorde. Hierdie spraak was meer verstaanbaar vir my as die vorige, en was meer voller. Soos die voriges vloei dit in my gesig, maar die invloei in ooreenstemming met die kwaliteit van die spraak, was meer deurlopend. Alhoewel dit nie begin soos die vorige van die lippe af nie, maar van die oë. Agterna het hulle meer aanhoudend en vol gepraat, sodat my gesig nie in staat was om mee te werk deur die gepaste gebaar nie, maar daar was `n invloei in die breins gevoel, en daarop was gereageer soos wat nodig was. Ten laaste het hulle so gepraat dat die gesprek slegs geval het op die innerlike intelligensie of begrip daarvan. Die vlotheid daarvan was soos `n dun aura. Ek voel die invloei myself, maar nie die verskil in besonderhede nie. Hierdie tipe van spraak was soos vloeistowwe, die eerste tipe soos vloeiende water, die tweede soos dunner water, die derde vergelykenderwys soos die atmosfeer, en die vierde soos dun aura. Die gees wat hierbo genoem was, wat aan my linkerkant is, het somtyds onderbreek, veral om my te waarsku om beskeie te handel met die engele; want daar was geeste van ons aarde wat dinge aanbied wat nie aangenaam is nie. Hy sê dat hy aanvanklik nie verstaan het wat die engele sê nie, maar agterna het hy

toe hy nader na my linkeroor gebring was. En sy spraak was toe ook nie meer so kru, soos voorheen nie, maar soos die van ander geeste.

81. Ek het agterna met die engele gespreek oor somige belangrike dinge op ons aarde, veral oor die drukkerskuns, aangaande die Woord, en oor die verskeie doktrines van die kerk uit die Woord; en ek sê dat die Woord en die doktrines word gepubliseer, en word so geleer. Hulle het hulle uitermatig verwonder oor sulke dinge gepubliseer kan word deur dit op skrif te stel en deur voorbeelde.
82. Ek was veroorloof om te sien hoe die geeste van daardie aarde, nadat hulle voorberei was, opgeneem word in die hemel en om engele te word. Dan het daar waens met perde verskyn so skitterend asof dit vuur is, waarmee hulle weggeneem word soos met Elia. Waens en perde skitterend asof dit vuur is, omdat dit verteenwoordig word dat hulle onderrig en voorberei was om die hemele binne te gaan; siende dat "waens" dui op die doktrines van die kerk, en "skitterende perde" die intelligensie wat verlig is. 82.1

83. Die hemel waarin hulle opgeneem is, verskyn aan die regterkant van hulle aarde, dus apart van die hemel van die engele van ons aarde. Die engele wat in daardie hemel is verskyn geklee in skitterende blou, bespikkeld met klein goue sterretjies, en dit omdat hulle daardie kleur liefgehad het in die wêreld. Hulle glo ook dat dit die allerbeste hemelse kleur is, hoofsaaklik dat hulle in so `n goeie van die liefde is waarmee die kleur korrespondeer. 83.1

84. Daar verskyn aan my `n kaalkop, maar slegs die bokant, wat baie beenderig was, en dit was gesê dat hulle wat binne `n jaar gaan sterf, sien so iemand, en dat hulle hul dan moet voorberei. Hulle vrees nie die dood daar nie, behalwe op grond van die feit dat hulle die metgesel, kinders of ouers moet verlaat; want hulle weet dat hulle na die dood sal lewe, en dat hulle nie buitekant die lewe sal wees nie, omdat hulle na die hemel gaan. Daarom noem hulle dit nie "sterf" nie, maar om 'hemels gemaak te wees.' Hulle wat in liefde gelewe het waarlik `n huweliks sukses op daardie aarde gehad, en het hulle kinders versorg as ouers, en sterf nie van siektes nie, maar in vrede en rus soos in die slaap, en dus migreer hulle net van daardie wêreld na die hemel. Die ouderdom van die mens daar is gewoonlik dertig jaar in ooreenstemming tot die jare van ons aarde. Die oorsaak van hulle sterfte in so `n kort tydperk is van die Meester se voorsiennigheid., uit vrees dat die menigtes van die mense so sal toeneem buite die totaal wat deur daardie aarde onderhou kan word, en omdat, nadat hulle daardie jare volbring het, laat hulle nie toe om gelei te word deur geeste en engele as daardie wat dit nog nie volbring het nie; en vir die rede gaan die geeste en engele selde na die meer volwassenes. Hulle kom ook in volwassenheid baie vinniger as op ons aarde. Selfs in die eerste blom van die jeug vorm hulle huwelike, en hulle vreugde is om die metgesel lief te hê, en om die kinders te versorg. Ander genietinge noem hulle inderdaad genietinge, maar onderskeidelik net uitwendig.

85. **Die Aarde of Planeet Mars, sy geeste en Inwoners.** Die geeste van Mars is die beste van almal tussen die geeste wat van die aardes van ons sonnestelsel is; want hulle is vir die grootste deel hemelse mense, en nie baie anders as hulle wat van die Mees Antieke Kerk op hierdie aarde was nie. 85.1

As hulle voorgestel word ten opsigte van hulle kwaliteit, word hulle voorgestel met hulle gesigte in die hemel en die liggaam in die wêreld van die geeste; en hulle wat engele is, met die gesig na die Meester en die liggaam in die hemel.

86. Die planeet Mars in die idee van geeste en engele, soos die ander planete, kom konstant voor op sy plek, wat na die linkerkant in die voorkant is, op `n sekere afstand, in die vlak van die bors, en so buite die sfeer waar die geeste van ons aarde is, omdat die geeste van elke aarde apart is van die geeste van `n ander aarde, omdat die geeste van elke aarde verwys na `n besondere privinsie in die Groot Kosmiese Mens, en daarom in `n ander en verskillende staat; en verskeidenheid van state maak hulle om apart te verskyn van elkeen, of na die regterkant of na die linkerkant, op `n groter afstand. 86.1

87. Geeste van Mars het na my toe gekom en hulleself aan my linkerslaap gevoeg, waar hulle op my geblaas het met hulle spraak, maar ek het dit nie verstaan nie. Dit was sag in sy vloeiing, en sagter het ek nog nooit voorheen waargeneem nie, dit was soos `n sagste aura. Dit blaas eerstens op my linkerslaap, en op my linkeroor van bo af, en daarna voort tot by my linkeroog, en bietjies vir bietjies na my regterkant, en vloei toe ondertoe, hoofsaaklik van die linkeroog tot by die lippe, en toe dit die lippe bereik, gaan dit by die mond in, en deur die deurgang in die mond, en inderdaat deur die oorkeelbuis, tot in die brein. Toe die asemhaling daar kom, verstaan ek hulle spraak, en dit was toegestaan om met hulle te praat. Ek het opgemerk dat as hulle met my praat, dat my lippe beweeg, en ook my tong `n bietjie, uit oorsaak van die korrespondensie van die innerlike spraak met die uiterlike spraak. Uiterlike spraak is dit van die duidelik hoorbare geluid wat sy weg vind na die eksterne membraan van die oor, vanwaar dit oorgebring word, deur middel van klein orgaantjies, membrane, en vesels wat in die oor geleë is, tot in die brein. Uit dit, was dit aan my toegestaan, om te weet dat die spraak van die inwoners van Mars baie anders was van dit van die inwoners van ons aarde, naamlik, dit was nie klankvol nie, maar amper onuitgesproke, en dring in tot die innerlike gehoor en sig met `n korter weg, en omdat dit so is, was dit meer perfek, en meer vol van die idees van gedagtes of denke, en is dus nader aan die spraak van die geeste en engele. Die opregte emosie van die spraak is ook verteenwoordig met hulle in die gesig, en die gedagtes deur die oë, want die gedagte en die spraak, en ook die emosie en die gesig, tesame handel soos een. Hulle beskou dit skandelik om een ding te dink en `n ander te spreek, en om een ding te wil en `n ander in die gesig te toon. Hulle weet nie wat skynheiligheid is nie, ook nie wat bedrieglike voorwendsel en misleiding is nie. Dat die spraak ook so was van hulle by die mees antieke mense op ons aarde, is aan my gegee om te weet deur gesprekke met sommiges van hulle in die ander lewe; en dat hierdie ding nog duideliker gemaak word, is dit toegelaat om te verhaal wat gehoor is, soos volg: “Dit was aan my getoon met `n invloei wat ek nie kan beskryf nie, watter tipe spraak hulle gehad het wat van die Mees Antieke Kerk was, naamlik, dat dit nie klankagtig was nie, soos die vokale stem van ons tyd nie, maar onuitgesproke, wat teweeg gebring is nie deur uitwendige asemhaling nie maar deur die interne; dus was dit spraak uit die denke of gedagtes. Dit was ook toegestaan om waar te neem wat hulle innerlike asemhaling was, dat dit voortgaan vanaf die navel of naeltjie tot by die hart, en so deur die lippe sonder om klankerig of welluidend te wees as hulle praat; en dat dit nie in die oor ingaan van `n ander deur die eksterne weg nie, en hammer op wat ons noem die drom van die oor nie, maar deur `n

sekere interne weg, en in feite deur `n sekere gangetjie wat genoem word die oorkeelbuis. Dit was getoon dat deur sulke spraak kan hulle baie meer ten volle hulle gevoel, denke, gedagtes en idees beskryf en uitdruk, as wat ooit gedoen kan word deur klanke en lettergrepe of welluidende woorde, waarvan die spraak deur asemhaling en uiterlik gedoen word; want daar is geen woord, of inderdaad enigiets in die wêreld, wat nie gerig word deur die aanwending van die asemhaling nie. Maar met hulle was dit baie meer perfek, omdat dit teweeg gebring word deur innerlike asemhaling, wat meer perfek is, omdat dit meer intern is, en meer toepasbaar en beter aangepas is tot die egte idees van denke, en dit word verder geaffekteer deur die klein beweginkies van die lippe en ooreenstemmende veranderinge van die gesig. Want, siende dat hulle hemelse mense is, wanneer hul gedagtes voortskyn van hul gesig en oë, wat verskillend is in gelykvormigheid, die gesig ook in vorm ooreenkomstig tot die lewe van die emosie, en die oë tot die lig. Hulle kan onder geen omstandighede `n ander gesigsuitdrukking hê as dit wat in ooreenstemming is met hul denke nie; en omdat hulle spraak het deur middel van innerlike asemhaling, want dit is van die mens se gees self, was hulle daarom in staat om met engele te assosieër en te praat. Die asemhaling van die geeste van Mars was ook na my gekommunikeer; 87.1 en dit was waargeneem dat dit voortkom uit die streek van die borskas tot by die naelstring, en daarvandaan vloei dit opwaarts deur die bors met `n onmerkbare asemhaling na die mond toe. Hieruit, en ook deur ander bewyse van ervaring, was dit aan my duidelik gemaak dat hulle van `n hemelse spesie was, en dat hulle nie anders was as hulle wat van die Mees Antieke Kerk was op hierdie aarde nie.

88. Ek was onderrig dat die geeste van Mars het `n verwysing in die Groot Kosmiese Mens na wat `n bemiddeling is tussen die intellektuele en die vrywillige aanlegte, dus na `n denke deur emosie; en die beste van hulle tot die emosie van die denke. Dit is vir hierdie rede dat hulle aangesigte handel as een met hul denke of gedagtes, en dat hulle nie kan huigel voor enigiemand nie. En deurdat hulle `n verwysing tot hierdie Grootste Kosmiese Mens het, in die middel provinsie, wat tussen die grootharsings en die kleinharsings is, korrespondeer dit met hulle. Want met dit waarmee die grootharsings en die kleinharsings verbind is tot geestelike operasies, handel die gesig soos een saam met die denke, sodat die egte emosie van die denke voortskyn uit die gesig, en uit die emosie, met die hulp van sekere tekens wat uitgaan vanaf die oë, skyn die algemene van die gedagtes of denke daaruit voort. Vir hierdie rede, toe die geeste van Mars by my was, het ek `n terugtrekking na agtertoe van die voorste gedeelte van die kop na die agterkop waargeneem, dus van die grootharsings na die kleinharsings. 88.1

89. Eenkeer toe die geeste van Mars by my was, en beset die sfeer van my denke, kom sommige van die geeste van ons aarde en wens om hulleself in dieselfde sfeer in te smelt. Maar toe word hierdie geeste van ons aarde asof hulle waansinnig raak, vir die rede dat nie almal van hulle akkordeer nie. Want geeste van ons aarde in die Groot Kosmiese Mens het `n verwysing na die eksterne sinne, en dus was hulle in `n idee wat na die wêreld en na die self gedraai is, terwyl die geeste van Mars in `n idee van die wegdraai van die self na die hemel en na die naaste is; daarom was daar `n teenstrydigheid. Maar engele geeste van Mars kom toe, en hulle deur hulle naderkom word die kommunikasie weggeneem, en so onttrek die geeste van ons aarde.

90. Die engele geeste spreek met my aangaande die lewe van die inwoners op hulle aarde, dat hulle nie onder `n heerskappy is nie, maar is gerangskik in gemeenskappe, groter en kleiner, en dat hulle assosieer met hulleself in hulle gemeenskappe soos ooreengekom met hulle in die denke, wat hulle onmiddelik weet uit die gesig en spraak, en word nie mislei nie. Dan is hulle onmiddelik vriende. Hulle sê ook dat hulle assosiasie baie genoeglik is, en dat hulle die een met die ander spreek oor daardie dinge wat in hul gemeenskappe gedoen word, veral dit wat in die hemel gedoen word; want baie van hulle het direkte kommunikasie met die engele van die hemel. Hulle in die gemeenskap wat pervers begin te dink, en hieruit om die bose te doen, word ontbind of van hulle gedistansieer, en word aan hulleself en alleen gelaat, en verwyl hulle tyd in ellendigheid buite die gemeenskap, tussen rotse of enige ander plek, wat die gemeenskap het geen belang meer by hulle nie. Sekere gemeenskappe probeer op verskillende maniere om hulle te verplig om te bekeer, maar as hulle nie slaag nie, verwyder hulle hulleself van hulle. Dus neem hulle voorsorg uit vrees dat die luste van domminasie en die luste van winsmaking nie `n greep op die ander kry nie, dit is, dus uit vrees dat die luste van domminasie enige gemeenskap dommineer en ondergeskik maak aan hulleself, en daarna baie meer; en uit vrees dat dat die luste vir winsmaking enige van die goedere van ander vervreem. Elkeen daar lewe tevrede met sy eie goedere, en elkeen met sy eie eer, en hooggeag as regverdig en een wat sy medemens liefhet. Hierdie vreugde, kalmte en rus van die denke sal vergaan, as hulle wat die bose bedink en wil nie uitgewerp word nie, en as die liefde vir die self en die liefde vir die wêreld nie omsigtig en hewig ontmoet word in die beginstadium nie. Want dit is die liefdes vir dié doel waarop koninkryke en heerskappye tot stand gebring was, waarin daar net `n paar is wat nie wens om domminasie te hê, en om die besittings van ander te besit nie. Want daar is min wat doen wat regverdig en billik is uit die liefde vir wat regverdig en billik is; nog minder hulle wat goed doen uit naasteliefde, eerder as uit vrees vir die wet, van die lewe, of die verlies van wins, of eer, en van reputasie op grond van daardie dinge.

91. Wat betref die goddelike aanbidding van hulle wat op daardie aarde bly, sê hulle, hulle erken en aanbid ons Meester, en sê dat dit die enigste God is, en dat hy beide hemel en die universum regeer, en dat al die goeie van Hom is, en dat Hy hulle lei, ook dat Hy dikwels aan hulle verskyn op hulle aarde. En dit was dan toegestaan om aan hulle te sê, dat die Christene op ons aarde ook weet dat die Meester heers en regeer oor die hemel en die aarde, vanuit die woorde van die Meester self in Matt: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.” (Matt. 28: 18), maar dat hulle dit nie glo soos hulle op die aarde Mars nie. Hulle sê ook dat daar niks in hulle is as slegs smerigheid en die duiwelse en dat al die goeie van die Meester is, ja, sê hulle verder, dat hulleself duiwels is, en dat die Meester hulle uit die hel trek, en hulle voortdurend daarvan weerhou. Eenkeer toe hulle die Meester se Naam noem, sien ek dat daardie geeste hulle self so nederig in hulle diepsinnige innerlike maak, dat dit nie beskryf kan word nie; want in hulle verootmoediging het hulle die idee dat hulleself in die hel was; en sodoende was hulle dit nie werd om op te sien na die Meester nie, wat die Heiligheid Self is; en hulle bly so op hulle knieë totdat die Meester Homself hulle optel, en dit is asof Hy hulle uit die hel ophelp. En wanneer hulle so uitkom uit hulle verootmoediging, is hulle vol van die goeie en liefde, en daaruit vol vreugde in die hart. Wanneer hulle hul so verootmoedig, dan draai hulle hul gesigte nie na die Merester toe nie, want hulle durf dit nie doen nie, maar

draai hulle gesigte weg. Die geeste wat om my was, sê hulle het nog nooit so `n verootmoediging gesien nie.

92. Sekere geeste wat van daardie aarde was verwonder hulle dat daar rondom my soveel geeste van die hel was, en dat hulle ook met my praat. Maar as antwoord was dit aan hulle gestel dat dit deur die Meester toegelaat was ten einde hulle kwaliteit vas te stel, en hoekom hulle in die hel was, en dat dit ooreenkomstig hulle lewe was. Dit was ook gegee om te sê dat daar baie tussen hulle was wat ek geken het toe hulle op die aarde geleef het, en sommiges was gevestig in groot waardigheid, wat niks anders as die wêreld in hulle harte gehad het nie; maar dat geen bose gees, selfs die mees helse geeste, my geen skade kan aandoen nie, omdat ek voortdurend deur die Meester beskerm word.

93. Daar was aan my `n inwoner van daardie aarde getoon. Hy was inderdaad nie `n inwoner daar nie, maar soos een. Sy gesig was soos die inwoners van ons aarde, maar die onderste gedeelte van sy gesig was swart, nie van `n baard nie, want hy het nie een gehad nie, maar `n swartigheid in die plek daarvan. Hierdie swartigheid strek aan beide kante so ver as tot by die ore. Die boonste gedeelte van die gesig was gelerig, soos die gesigte van hulle op ons aarde wat nie heeltemal wit is nie. Hierdie geeste sê verder dat op hulle aarde voed hulle op vrugte van bome, veral `n sekere ronde soort wat uit die grond groei, en ook peuldraende plante. Dat hulle daar geklee word deur klere wat gemaak word uit vesels van die bas van sekere bome. Dit het so `n digtheid dat dit geweef kan word, en word ook aan mekaar gegom met `n soort gom wat hulle daar het. Hulle vertel verder dat hulle daar weet hoe om vuur te maak uit vloeibare bestanddele waaruit hulle lig verkry gedurende die aande en ook snags.

94. Ek sien `n pragtige vlam van verskillende kleure, pers, en ook helder rooi, en die kleure was `n pragtige rosige gloeiing vanaf die vlam, ek sien ook `n sekere hand waaraan hierdie vlam kleef, eerste aan die agterkant, agterna in die palm, en daarna speel dit rondom die hand aan alle kante. Dit het vir `n rukkie voortgeduur. Dan word die hand met die vlammende lig na `n afstand verwyder, en daar waar dit rus, was daar `n helder blink lig. In daardie helderheid het die hand verdwyn, en toe word die vlam verander na `n voël, wat aanvanklik dieselfde kleure gehad het soos die vlam, en die kleur glinster op dieselfde manier, maar geleidelik het die kleure verander, en met die kleure die lewenskragtigheid van die lewe in die voël. Dit vlieg heen en weer en ook om my kop, dan vorentoe in `n sekere nouerige kamer, wat voorkom soos `n altaar, en soos wat dit verder vorentoe vlieg, so trek sy lewe hom terug totdat hy naderhand word soos `n steen, ten eerste soos `n pêrelkleur, daarna donkerder; en alhoewel sonder lewe, het dit nog rondgevlieg. Toe die voël om my kop gevlieg het was dit steeds vol lewe, `n gees was gesien wat opkom uit die streek van die lendene na die streek van die bors, wat wens om die voël weg te neem. Maar omdat die voël so pragtig was, het die geeste om my dit verhoed; want hulle oë was almal op hom gerig. Alhoewel die gees wat van onder af opgekom het sterk gestrewe het om hulle te laat glo dat die Meester met hom was, en dat hy dit uit die Meester doen, En toe, want die meeste glo hom nie, het hulle nie meer langer hom weerhou om die voël weg te neem nie. Maar toe die hemel op daardie oomblik invloei, kon hy dit nie meer langer vashou nie, en laat dit vry uit sy hand. Toe dit gedoen was, het die geeste om my wat die voël intens dopgehou het met sy

opeenvolgende veranderinge, met mekaar gepraat daaroor, en dit vir `n redelike lang ruk. Hulle neem waar dat so `n aanblik niks anders kan wees as iets hemels nie. Hulle weet dat die vlam dui op hemelse liefde en sy emosies; dat die hand waaraan die vlam geheg was, dui op die lewe en sy kragte, die verandering van die kleure, die verskeidenheid van lewe met betrekking tot die wysheid en intelligensie; en die voël ook dieselfde, maar met die verskil dat die vlam dui op hemelse liefde en die dinge van daardie liefde, en dat die voël dui op geestelike liefde en die dinge van daardie liefde (hemelse liefde is die liefde tot die Meester, en geestelike liefde is liefde tot die naaste), en dat die verandering van die kleure en terselfdertyd van die lewe in die voël, totdat dit geword het asof dit steen is, dui op die opeenvolgende veranderinge van die geestelike lewe ten opsigte van die intelligensie. Hulle weet ook dat geeste wat van onder af opkom deur die streek van die lendene na die streek van die bors, in `n sterk oorredingskrag is dat hulle in die Meester is, en daarom glo dat al die dinge wat hulle doen, selfs deur die boosheid, doen hulle deur die wil van die Meester. Maar nogtans kon hulle nie hieruit weet wat bedoel word deur hierdie verskynsel nie. Naderhand word hulle uit die hemel onderrig dat die inwoners van Mars word bedoel, dat hulle hemelse liefde, waarin baie van hulle nog is, was aangedui deur die vlam wat aan die hand vasgeheg was, en dat die voël in die begin, toe hy in die kleurrykheid van sy kleure was, en die kragdadigheid van sy lewe aanduidend van hulle geestelike liefde is, maar dat die voël word asof dit steen is sonder lewe, en daarna van `n donkerder kleur aanduidend is van die inwoners wat hulleself verwyder het van die goeie van die liefde en is in boosheid, en nog steeds glo dat hulle steeds in die Meester is. Dieselfde word aangedui deur die gees wat opgekom het en wat die voël weggeneem het.

95. Deur die voël van steen word ook die inwoners van daardie aarde wat in `n vreemde manier die lewe van hulle gedagtes en emopsies omwissel verteenwoordig, in amper geen lewe nie, waarin ek die volgende gehoor het. Daar was `n sekere gees bokant my kop wat met my gepraat het, en uit die klank van sy stem het ek waargeneem dat hy in `n staat van slaap was. In hierdie staat het hy baie dinge gespreek, en met so `n omsigtigheid, dat as hy wakker was, hy nie méér omsigtig sou kon spreek nie. Dit is aan my gegee dat hy `n voorwerp of onderdaan was deur wie die engele gespreek het, en in daardie staat neem hy waar en bring na vore wat hulle gesê het, 95.1
Want hy spreek niks wat nie die waarheid is nie. As enigiets invloei van `n ander bron, laat hy dit wel toe, maar hy bring dit nie tevoorskyn nie. Ek ondervra hom oor sy staat, en hy sê dat hierdie staat was vir hom vredevol, en sonder enige angs of onrus oor die toekoms; en terselfdertyd voer hy sy werke uit, waardeur hy kommunikasie met die hemel het. Dit was aan my vertel dat sulke geeste in die Groot Kosmiese Mens verwysings het na die lengte (longtitudinaal) sinus in die brein, wat tussen sy twee hemisfere lê, en daar is hy in `n baie stil staat, alhoewel die brein aan beide kante versteur kan word. Toe ek in gesprek was met hierdie gees, kom sommige geeste en stel hulle voor aan die voorste gedeelte van die kop, waar hy was, en druk op hom, waarmee hy na eenkant toe padgegee het, om vir hulle plek te gee. Die nuwe aankomelinge gesels onder mekaar, maar nie een van die geeste om my, en ek ook nie, kan verstaan wat hulle sê nie. Ek was deur die engele ingelig dat hulle van die aarde Mars was, wat geoefen was om met mekaar te praat op so `n manier dat die geeste wat teenwoordig was, nie kan verstaan of enigiets kan waarneem nie. Ek het my verwonder dat so `n spraak wel moontlik was, omdat alle geeste een tipe van spraak het, wat voortvloei uit die gedagtes, en bestaan uit

idees, wat gehoor word as woorde in die geestelike wêreld. Dit was gesê dat sulke geeste vorm op `n sekere manier idees uitgedruk deur die lippe en die gesig, wat nie verstaanbaar is vir ander nie, en op die selfde oomblik baie kunstig hulle gedagtes terugtrek, en neem spesiale voorsorg dat niks van die emosie homself sal manifesteer nie, omdat, as enigiets van die emosie waargeneem word, sal die gedagte dan duidelik word, want die gedagte vloei uit die emosie, en as't ware in dit. Ek was verder onderrig dat die inwoners van die aarde Mars wat die hemelse lewe in kennis alleen stel, en nie in `n lewe van liefde nie, bedink so `n spraak, maar nie almal nie; en wanneer hulle geeste word, behou hulle dit. Dit is hulle wat deur die voël van steen in die besonder aangedui word, want om so `n spraak aan te bied deur modifikasie van die aanskyn van die gesig en die vervouing van die lippe, met die verwydering van die emosie en terugtrekking van die gedagtes van ander, is om die siel uit die spraak te neem, en om dit weer te gee as `n blote beeld, en deur grade word hulle ook dieselfde. Maar alhoewel hulle dink dat hulle nie verstaan word deur ander deur dit wat hulle sê tussen hulleself nie, is daar tog engele wat elk en iedere ding waarneem wat hulle spreek, vir die rede dat daar vir hulle geen gedagte verborge kan wees nie. Dit was ook aan hulle getoon deur `n lewende ervaring. Ek het hieraan gedink, dat die bose geeste van ons aarde nie aangeraak word deur skande as hulle ander besmet nie, en hierdie gedagte vloei in my van die engele geeste wat hulle spraak waarneem. Hierdie geeste van Mars het toe erken dat dit dit was waaroor hulle gespreek het tussen hulleself, en hulle verwonder hulleself. Boonop, daar was baie dinge wat deur `n engele gees openbaar gemaak is, beide van wat hulle gespreek het en van wat hulle gedink het, nieteenstaande hulle poging om hulle gedagtes vir hom terug te hou. Agterna het daardie geeste van bo af in my gesig afgevloei, en hulle invloei was gevoel soos `n dun gestreepte reën, wat `n teken was dat hulle nie in enige emosie was van die waarheid en die goeie nie, siende dat dit verteenwoordig word deur dit wat ten volle gestreep is. Toe praat hulle gewoonweg met my, en sê dat die inwoners van hulle aarde praat met mekaar so op hierdie manier. Dit is toe aan hulle gesê dat dit boos was, omdat op hierdie manier belemmer hulle die innerlikes en veroorsaak dat hulle terugtree van die uiterlikes, wat hulle ook ontneem van hulle lewe; en veral is dit ook nie eerlik om so te spreek nie. Want hulle wat eerlik is het geen wens om om te spreek of selfs net te dink aan enigiets as dit wat ander wil hoor nie; ja almal, selfs die hele hemel. Maar hulle wat wens dat ander nie moet hoor wat hulle spreek nie, oordeel die ander, dink boos van hulle, sowel as van hulleself, en op die lange duur ontwikkel hulle die gewoonte om sleg van die kerk te praat, of van die hemel, en selfs van die Meester Homself. Dit was gesê dat hulle wat die kennis liefhet, en nie soseer `n lewe in ooreenstemming daarmee nie, het `n verwysing na die innerlike membraan van die kopbeen in die Groot Kosmiese Mens, maar hulle wat hulle gewoond maak om te praat sonder emosie, en om die gedagtes na hulleself te trek en om dit terug te trek van ander, het verwysing na daardie membraan wanneer dit benerig begin te word, omdat van die besit van enige geestelike lewe word hulle nou soos iemand met geen lewe nie.

96. Soos hulle wat slegs in kennis is, en in geen lewe van die liefde nie, word ook verteenwoordig deur die voël van steen, en omdat hulle daar geen geestelike lewe het nie, mag ek hierby aantoon, deur die metode van `n aanhangsel, dat slegs hulle het `n geestelike lewe wat in hemelse liefde is, en in die kennis daarvan, en dat in so `n liefde in homself al die krag bestaan om te weet wie van daardie liefde is. As voorbeeld, die diere

van die aarde, en ook die diere van die lug, of die voëls, het die kennis van al die dinge wat van hulle liefde is. Hierdie liefdes is, om hulleself te voed, om in veiligheid te lewe, om `n nageslag te produseer, om hulle kleintjies groot te maak, en vir sommiges, om aan hulleself te voorsien vir die winter. Gevolglik het hulle al die voorgeskrewe kennis, want dit is in hulle liefdes, en dit vloei in hulle asof dit in hulle ontvangers is, waar kennis by sommige diere sodanig is, dat die mens nie anders kan as om verstom te staan nie. Die kennis is ingeskape in hulle, en word genoem instink, maar dit is van die natuurlike liefde waarin hulle is. As die mens in hierdie liefde was, wat die liefde tot God is en teenoor jou naaste (want hierdie liefde is die mens se eintlike liefde waardeur hy onderskei word van die wilde diere, en dit is hemelse liefde), sou die mens nie net in die nodige kennis gewees het nie, maar ook in alle intelligensie en wysheid; want dit sou ingevloei het in daardie liefdes vanuit die hemel, dit is, deur die hemele vanaf die Goddelike. Maar omdat die mens nie in hierdie liefdes gebore is nie, maar in die teenoorgesteldes, naamlik, in die liefde vir die self en die wêreld, vir hierdie rede kan hy nie anders as om gebore te word in alle onkunde en gebrek aan kennis nie. Maar deur Goddelike metodes word hy gelei na iets van die intelligensie en wysheid, maar nie in `n werklike iets daarvan nie, tensy die liefde vir die self en die wêreld verwyder word, en die weg is dan geopen vir die liefde vir God en die naaste. Dat die liefde tot God en die naaste in hulle al die intelligensie en wysheid het, is duidelik uit hulle in die wêreld wat in hierdie liefdes is. As hulle na die dood in die hemel kom, kom hulle in so `n intelligensie en wysheid wat hulle nog nooit voorheen geken het nie; ja, hulle dink en spreek daar soos die res van die engele, sulke dinge soos wat die ore nog nooit gehoor het nie, ook nie wat die verstand nog ooit geken het nie, dinge wat onuitspreeklik is. Die rede is, dat daardie liefdes in hulle in hulleself die vermoë het om sulke dinge te ontvang.

97. **Die Aarde of Planeet Saturnus, sy geeste en Inwoners.** Die geeste van die planeet Saturnus verskyn in die voorkant op `n redelike afstand, ondertoe op die vlak van die knieë, waar die aarde self is; en wanneer die oog geopen is om sover te sien, kom `n menigte van geeste in die sig wat almal van daardie planeet is. Hulle word op hierdie deel van die planeet gesien, en na die regterkant daarvan. Dit was ook toegestaan om met hulle te praat, en daarby om die kwaliteit van hulle in vergelyking met ander te weet. Hulle was eerlik en beskeie, en in sover as wat hulle hulself as klein beskou, daarom verskyn hulle ook klein in die ander lewe.

98. In hulle aanbidding is hulle uiters nederig, want daarin reken hulle hulself as niks. Hulle aanbid ons Meester, en erken Hom as die enigste God. Die Meester verskyn ook aan hulle met tye onder `n engele vorm, en daarby as `n Mens, en die Goddelike skyn dan voort uit die gesig en affekteer die verstand. Ook die inwoners, as hulle `n sekere ouderdom bereik, praat hulle ook met geeste, deur wie hulle onderrig word aangaande die Meester, hoe Hy eintlik gedien moet word, en andersins hoe hulle moet lewe. Wanneer enigeen wens om die geeste wat van Saturnus af kom te mislei, en om hulle weg te lei van die geloof in die Meester, of vernedering teenoor Hom, en van hulle opregtheid van die lewe, sê hulle hulle wens om te sterf. Daar verskyn dan in hul hande klein messies, waarmee hulle die begeerte het om dit in hulle borste te steek. Toe hulle gevra word hoekom hulle so doen, sê hulle hulle sal eerder sterf as om van die Meester afgerokkel te word. Die geeste van ons aarde bespot hulle somtyds as gevolg hiervan, en berispe hulle

met `n skuldgevoel oor hierdie optrede. Maar hulle antwoord, dat hulle baie goed weet om hulleself nie dood te maak nie, en dat dit slegs net `n voorkoms is wat vloei uit die denke, wat weergee om liewer te sterf as om weggerokkel te word vanaf die aanbidding Meester.

99. Hulle sê dat daar somtyds geeste van ons aarde na hulle toe kom, en vra hulle watter God hulle aanbid, waarin hulle antwoord, dat hulle heeltemal waansinnig is, en daar kan nie `n groter bewys van kranksinnigheid wees as om te vra watter God aanbid word nie, wanneer daar slegs Een God is vir almal in die universum, en dat hulle nog meer kranksinnig hierin is, dat hulle nie die Meester erken as daardie Enigste God, en dat Hy regeer die totale hemel, en daarby die hele wêreld, want wie ookal die hemel regeer, regeer ook die wêreld, net soos wat die wêreld regeer word deur die hemel.

100. Hulle sê dat op hulle aarde daar ook diegene is wat die nagtelike lig, wat ook groot is, die Meester noem, maar dat hulle afgeskei word van die res, en word nie deur hulle verdra nie. Die nagtelike lig kom van die groot sirkelstraal wat op `n afstand hulle hele aarde omsirkel, en van die mane wat Saturnus se satelliete genoem word.

ooooooooooooooooOOOOOOOOOOOOOOOOoooooooooooooooooooo

Voetnotas

52.1 Vuur in die Woord is liefde in beide sinne (n. 934, 4906, 5215). Die heilige en hemelse vuur is die Goddelike liefde, en elke emosie wat van daardie liefde is (n. 934, 6314, 6832). Innerlike liefde is die liefde vir die self en die wêreld, en elke vleeslike luste wat van hierdie liefdes is (n. 965, 1861, 5071, 6314, 6832, 7575, 10747). Liefde is die vuur van die lewe, en die lewe self bestaan eintlik daaruit. (n. 4906, 5071, 6032).

52.2 Geeste en engele sien nie wat in die sonnestelsel of wêreld is nie, maar hulle sien deur my oë. (n. 1881).

54.1 Die mees antieke mense op hierdie aarde het `n spraak deur die gesig en lippe gehad, deur middel van innerlike asemhaling (n. 607, 1118, 7361). Die mense op verskeie ander aardes het `n soortgelyke spraak (n. 4799, 7359, 8248, 10578). Betreffende die volmaaktheid en uitnemendheid van daardie spraak (n. 7360, 10587, 10708).

60.1. `n "Perd" dui op die intelligensie aanleg (n. 2760-2762, 3217, 5321, 6125, 6400, 6534, 7024, 8146, 8148). En die "Wit Perd" in die Apokalips dui op die intelligensie of die verstaan van die Woord (n. 2760).

61.1 Wanneer baie geeste tesame in eenparigheid spreek vorm hulle wat genoem word `n koor, en betreffende dit (n. 2595, 2596, 3350). In hulle spraak is daar harmonie (n. 1648, 1649). Deur kore in die ander wêreld word `n inleiding na eenparigheid bewerkstellig (n. 5182).

64.1 `n Geestelike sfeer, wat `n sfeer is van die lewe, vloei voort en oorvloei elke mens se gees, en engel, en omvat hulle (n. 4464, 5179, 7454). Dit vloei voort uit hulle lewe van hulle emosies en gevolglike gedagtes (n. 2489, 4464, 6206). In die ander lewe is assosiasie en ook ontbinding of afskeiding in ooreenstemming tot die sfere (n. 6206, 9606, 9607, 10312)

70.1 Alleen die Meester het meriete en geregtigheid (n. 9715, 9975, 9979, 9981, 9982). Hulle wat meriete in werke plaas, of wens om meriete te verdien deur hulle goeie wertke, wens om in die ander lewe bedien te word, en is nooit tevrede nie (n. 6393). Hulle verag die naaste, en is kwaad vir die Meester, as hulle nie `n beloning ontvang nie. (9976). Wat hulle lot is in die ander lewe (n. 942, 1774, 1877, 2027). Hulle is van daardies wat voorkom asof hulle hout kap in die laer aarde (n. 1110, 4943)

82.1 "Waens" dui op die doktrines van die kerk (n. 2716, 5321, 8215). "Perde" dui op die intelligensie vlak (n. 2760, 2761, 2762, 3217, 5321, 6125, 6400, 6534, 7024, 8146, 8148, 8351). "Die Wit Perd" in die Apokalips dui op die verstaan van die Woord (n. 2760) Deur "Elia" in die verteenwoordige sin word bedoel die Woord (n. 2762, 5247). En omdat al die doktrines van die kerk en die verstaan daarvan van die Woord is, was Elia genoem "die wa van Israel en die perderuiters daarvan" (n. 2762). Hy was daarom opgeneem deur `n vurige wa en perde van vuur. (n. 2762, 8029).

83.1 Blou van die rooi of die vlam korrespondeer met die goeie van die hemelse liefde, en die blou van die wit of van die lig korrespondeer met die goeie van die geestelike liefde (n. 9868).

85.1 Die Eerste en Mees Antieke Kerk op hierdie aarde wat `n hemelse kerk was, wat die primêre van almal was, sien (n. 607, 895, 920, 1121-1124, 2896, 4493, 8891, 9942, 10545). Die kerk word hemels genoem waarin die primêre ding is die liefde tot die Meester, maar geestelik waarin die primêre ding die liefde vir die naaste is tesame met geloof (n. 3691, 6435, 9468, 9680, 9683, 9780).

86.1 Afstande in die ander lewe is werklike verskynings, wat aangebied word deurdat die Meester gesien word, in ooreensteming van die staat van die innerlikes van die engele en geeste (n. 5604, 9104, 9440, 10146).

87.1 Dat geeste en engele respirasie het (n. 3884, 3885, 3891, 3893).

88.1 Menslike gesigte op ons aarde het in die antieke tye `n invloei ontvang vanaf die kleinharsings, en die gesigte het dan soos een gehandel met die innerlike emosies van die mens maar daarna het hulle `n invloei gehad vanaf die grootharsings, toe die mens begin om te veins, naboots en te vervals in die gesigsemosies wat nie sy eie is nie, en betreffende die veranderinge wat op die gesig aangebring is daaruit in die verloop van tyd. (n. 4325-4328).

95.1 Dat kommunikasie gemaak word deur geeste wat deur geestes en engele gemeenskappe na vore gestuur word na ander gemeenskappe, en dat hierdie afgesant geeste onderdane genoem word (n. 4403, 5856, 5983, 5985-5989).

oooooooooooooooooOOOOOOOOOOOOOOOOoooooooooooooooooo

Ander Aardes in die Universum 101-150 (Afr)

Emanuel Swedenborg 1688-1772

Arcana Coelestia –Geheime van die hemele

101. Hulle vertel verder dat `n ander tipe van gees, wat in gemeenskappe rondgaan, dikwels na hulle toe kom, en wens om te weet hoe die dinge met hulle staan, en deur verskillende metodes trek hulle dit wat hulle weet uit hulle uit. Hulle sê aangaande hierdie geeste, dat hulle nie waansinnig is nie, slegs dit, dat hulle begeer om soveel as moontlik te weet vir geen ander rede as net om dit te weet nie. Hulle was agterna ingelig dat hierdie geeste van die planeet Mercurius was, of die aarde naaste aan die son, en dat hulle genoeglik is met kennis alleen, en nie soveel met die werke nie.

102. Die inwoners van die planeet Saturnus het `n verwantskap in die Groot Kosmiese Mens, tot die middel gewaarwording tussen die geestelike en die natuurlike mens, maar wat terugtrek van die natuurlike en wat nadertree na die geestelike. Daarom is dit dat dit voorkom of daardie geeste weggeraap word na die hemel, en teenswoordig om weer teruggebring te word, want wat behoort aan die geestelike sin, is in die hemel, en wat behoort aan die natuurlike sin, is onder die hemel. Aangesien die geeste van ons aarde `n verwantskap het met die natuurlike en liggaamlik-stoflike sin, was dit aan my gegee deur duidelike ondervinding hoe die geestelike mens en die natuurlike veg en stry met mekaar, wanneer die laasgenoemde nie in geloof en naasteliefde is nie. Die geeste van Saturnus kom al van ver af in sig, en dan word daar `n lewende kommunikasie geopen tussen hulle en sulke geeste van ons aarde, en laasgenoemde, as hulle die voorgenoemdes waarneem, word asof hulle besete is, en begin om hulle te besmet en te verpes, deur onwaardige suggesties by hulle in te smelt betreffende die geloof, en ook aangaande die Meester, en terwyl hulle hul beledig met hierdie skelwoorde en beledigings, werp hulle hulleself ook tot in die middel van hulle, en uit die waansin waarin hulle verkeer, streef hulle om boosheid aan hulle te doen. Maar die geeste van Saturnus vrees niks nie, omdat hulle verskans is en in vrede en kalmte lewe; teenoor die geeste van ons aarde, as hulle in die middel van hulle is, begin hulle om gemartel te word, en om met moeite asem te haal, en so werp hulle hulself uit, een op hierdie manier en `n ander op `n ander manier, totdat hulle almal verdwyn het. Die geeste wat teenwoordig was, neem hieruit waar, wat die kwaliteit van die natuurlike mens is wanneer afgeskei van die geestelike, en wanneer hy in `n geestelike sfeer kom, naamlik, dat hy waansinnig word; want die natuurlike mens afgeskei van die geestelike is wys slegs vanuit die wêreld, en nie vanuit die hemel nie, en hy wat wys is uit die wêreld, glo niks, maar net wat waargeneem kan word met sy sinne, en die dinge wat hy glo, glo hy uit die dwaalbegrippe van die sinne, wat, tensy dit verwyder word deur `n invloei vanuit die geestelike wêreld, valshede produseer. Daarom

is dit dat geestelike dinge vir hom niks is nie, in sover dat hy dit nie kan verdra om enigiets te hoor wat geestelik is nie, daarom word so iemand waansinnig as hy in `n geestelike sfeer gehou word. Dit is anders gedurende hulle verblyf in die wêreld, waar hulle of natuurlik dink, of hulle ore afwend dat hulle dit nie hoef te hoor nie, dit is, hulle hoor maar gee nie aandag nie. Dit word ook duidelik uit hierdie ervaring, dat die natuurlike mens kan hom nie self aan die geestelike wêreld voorstel nie, dit is, opstyg nie, maar wanneer die mens in geloof is, en daarby in `n geestelike lewe, vloei in hierdie geval die geestelike mens in die natuurlike, en dink daaruit. Want daar word `n geestelike invloei gegee, dit is, `n invloei van die geestelike wêreld in die natuurlike, maar nie die teenoorgestelde nie. 102.1

103. Ek was ook deur die geeste van daardie aarde ingelig aangaande die inwoners, wat hulle assosiasie is, en nog verskeie ander besonderhede. Hulle sê dat hulle onderskei kan word in families, elke familie apart en by hulself; elke familie bestaan uit `n man en sy vrou met hulle kinders; en die kinders, wanneer hulle die getroude staat bereik, word afgeskei van die ouerlike huis, en het nie verder verantwoordelikheid daaroor nie. Hulle is min bekommerd oor voedsel en kleding, hulle voed op die vrugte en peulvrugte wat hulle aarde produseer; hulle is effentjies geklee, en dit sluit in `n growwe vel of jas, wat die koue uithou. Bowendien weet almal op daardie aarde dat hulle sal lewe na die dood; en op grond hiervan is hulle nie te veel bekommerd oor hulle liggame nie, slegs net so ver wat die lewe betref, wat hulle sê, is om te wees en om die Meester te dien. Dit is ook vir hierdie rede dat hulle ook nie die liggame van die dooies begrawe nie, maar werp hulle na buite en bedek die liggame met die blare van die bome wat in die woude groei.

104. Hulle was gevra aangaande daardie groot belt, wat van ons aarde verskyn net bokant die horison van daardie planeet, en na sy veranderlikhede. Hulle sê dit verskyn nie aan hulle soos `n belt nie, maar as `n sneeuagtige lig in die hemel in verskeie rigtings.

105. **Die Aarde of Planeet Venus, sy geeste en sy Inwoners.** Die planeet Venus, in die idee van geeste en engele, verskyn na links `n bietjie agtertoe, op `n afstand van ons aarde. Dit word gesê, in die idee van die geeste, omdat die son van hierdie wêreld, of enige ander planeet nie aan enige gees sigbaar is nie, maar dat hulle slegs `n idee het dat hulle bestaan. Dit is as gevolg van so `n idee dat die son van hierdie wêreld aangebied word as iets redelik donker, en die planete nie beweegbaar soos in die wêreld nie, maar bly konstant op hulle plekke; sien bo (n. 42).

106. Op die planeet Vernus is daar twee tipes van mense, van `n geaardheid net die teenoorgestelde van mekaar; die eerste sag en menslik, die tweede barbaars en amper soos wilde diere, en kom voor aan die kant wat hiernatoe kyk. Maar dit moet geweet word dat hulle so voorkom in ooreenstemming met die staat van hulle lewe, want in die geestelike wêreld bepaal die staat van lewe elke voorkoms van ruimte en afstand.

107. Sommiges van hulle wat verskyn aan die ander kant van die planeet, en wat sag en menslik is, kom na my toe en was sigbaar teenwoordig bokant my hoof, en ek praat met hulle oor verskeie onderwerpe. Tussen ander dinge, sê hulle, dat gedurende hulle verblyf in die wêreld, en nog meer sedert hulle geeste geword het, het hulle die Meester erken as

hulle enigste God. Hulle voeg toe dat op hulle aarde het hulle Hom gesien, en hulle stel ook voor hoe hulle hom gesien het. Hierdie geeste het `n verwantskap in die Groot Kosmiese Mens tot die geheue van dinge matrieël, wat ooreenkom met die geheue van dinge immaterieël, waarmee die geeste van Mercurius `n verhouding het: en dit is hoekom die geeste van Mercurius in die volste akkoord is met hierdie geeste van Venus, en op grond hiervan, wanneer hulle tesame is, was `n merkwaardige verandering, en `n kragtige werking in my brein waarneembaar vanuit hulle invloei, sien bo (n. 43).

108. Maar ek het nie met die geeste gespreek wat aan hierdie kant is en wat hiernatoe kyk, en wat barbaars en amper soos wilde diere is nie, maar ek is deur die engele ingelig aangaande hulle kwaliteit, en hoekom hulle so `n woeste natuur het. Die oorsaak is dat hulle uitermatig verheug is in roof, en veral as hulle hul buit kan opeet, en die vreugde wat daaruit tevoorskyn kom as hulle net daaraan dink om hulle buit op te eet, was na my gekommunikeer, en was waargeneem as buitegewoon. Dat daar op ons aarde ook inwoners was van dieselfde natuur, kom tevoorskyn uit die geskiedenisse van verskeie nasies; en ook van die inwoners van die land Kanaän; (1Sam. 30: 16); en ook van die Joodse en Israelitiese nasie, selfs in die tyd van Dawid, dat hulle jaarlikse ekskursie ekspedisies uitgevoer, en die heidene geplunder het, en fees gevier op die buit wat afgeneem is. Dit was verder gesê dat daardie inwoners vir die grootste deel reuse was, en dat die mense van ons aarde slegs tot by hule naeltjie kom, ook dat hulle baie onnosel is, en doen geen navrae aangaande die hemel en die ewige lewe nie, maar stel net belang in aardse dinge en die versorging van hulle vee.
109. Omdat hulle so is, en hulle kom in die ander lewe, is hulle uitermatig besoedel deur booshede en valshede. Die helle wat aan hulle behoort, is naby hulle aarde geleë, en het geen kommunikasie met die helle van die boses van ons aarde nie, omdat hulle teveel verskil in genus en geaardheid; daarom is selfs hulle booshede en valshede heeltemal van `n ander aard.

110. Alhoewel, van hulle wat moontlik gered kan word, is in plekke van ontdoenning of ontbloting, en word daar verklein tot die laaste staat van desperasie; want daar is geen ander metode waarby die booshede en valse oortuigings onderdruk en verwyder kan word nie. Wanneer hulle in `n staat van desperasie is, roep hulle uit dat hulle ondiere is, dat hulle afskuwelike verfoeisels is, dat hulle haatdraend is, en dat hulle dus daarom vervloek is. Sommiges van hulle, wat in hierdie staat is, skreeu dit teen die hemele uit; maar omdat dit desperasie is, word dit hulle vergewe. Die Meester sorg dat hulle skeltaal nie sekere grense oorskry nie. As hulle geslaag het onder hierdie uitermatige omstandighede, word hulle uiteindelik gered, sover as wat die liggaamlik-stoflike gedeelte in hulle nou dood is. Dit was verder verklaar dat aangaande hierdie geeste, dat gedurende hulle lewe op aarde het hulle geglo in `n sekere Opper Skepper sonder `n tussenganger; maar as hulle gered word, word hulle ook onderrig dat slegs die Meester die Godheid is, die Redder en Middelaar. Ek het sommiges van hulle gesien, nadat hulle die uiterste lyding deurgegaan het, opgeneem was in die hemel, en toe hulle daar ontvang word, het ek so `n tere gevoel van vreugde waargeneem dat dit trane in my oë gebring het.

111. **Die geeste en Inwoners van die Maan.** Sekere geeste verskyn bokant die hoof, en toe word daar stemme gehoor soos donder; want hulle donder met hulle stemme soos die

donder uit die wolke na die weerlig geslaan het. Ek neem waar dat dit `n groot menigte van geeste was, wat die kuns verstaan om stemme te uiter met so `n groot lawaai. Die meer eenvoudige geeste wat saam met my was, lag vir hulle, waaroor ek my grootliks verwonder. Die oorsaak van hulle gelag was gou ontdek en was as volg; dat die geeste wat so donder, nie baie was nie, maar slegs net `n paar, en was ook so groot soos seuntjies, en die geeste lag omdat hulle hul so die skrik op die lyf gejaag het met so `n lawaai, en was tog nie in staat om hulle enige skade aan te doen nie. Ten einde dat ek hulle kwaliteit kan bepaal, het sommiges hulle van bo af neergedaal vanwaar hulle gedonder het; en wat my verbaas, is dat die een `n ander een op die nek of op die rug dra, en dus het twee my genader. Hulle gesigte vertoon nie te onaardig nie, maar langer as die gesigte van ander geeste. Hulle statuur was dié van seuns van sewe jaar oud, maar baie meer robuust, dus was hulle dwerge. Ek was deur die engele vertel dat hulle van die Maan was. Hy wat op die ander een se rug gedra was, kom na my toe en heg hom aan my linkerkant onder die elmboog, en praat dan daarvandaan, en sê wanneer hulle praat, klink dit soos donderweer, en jaag die ander geeste wat hulle wil kwaad aandoen, die skrik op die lyf, en hulle vlug dan weg, en dat dit hulle sekuriteit is sover as wat hulle gaan. Dat ek verseker weet dat hulle hierdie geluid maak, gee hy so `n ent pad, maar nie heeltemal uit die oog nie, en donder op dieselfd manier. Hulle toon, bowendien, dat die stem geuiter word vanaf die buik, soos `n uitbarsting, en dit is wat hierdie geluid voortbring. En ek het waargeneem dat dit as gevolg van die feit is dat die inwoners van die Maan spreek nie uit hulle longe soos die inwoners van ander aardes nie, maar vanuit die buik, en dus van die lug wat daar vergader word, ook deur die rede dat die Maan nie omring word met `n atmosfeer soos die van ander aardes nie. Ek was onderrig dat die geeste van die Maan, in die Groot Kosmiese Mens, `n verwantskap het met die swaardvormige kraakbeen, waarmee die ribbes aan die voorkant aan mekaar gesit is.

112. Dat daar bewoning is op die Maan, weet al die engele en geeste, en dieselfde is ook waar van die mane en satelliete wat rondom die aardes Jupiter en Saturnus draai. Hulle wat dit nie gesien en met die geeste daarvan gepraat het nie, betwyfel dit ook nie, maar dat daar ook mense op is, omdat hulle net sulke aardes is, want dit is die rede hoekom elke aarde geskape is, en dat niks deur die Groot Skepper gemaak is sonder `n rede nie, dat die menslike ras die einddoel is van die skepping, dat vandaar uit daar `n hemel kan wees, en mag aan elkeen duidelik wees wat net uit `n verligte denke dink.

113. **Die Rede hoekom die Meester gewillig was om op hierdie aarde gebore te word en nie op `n ander nie.** Daar is redes, waarvan ek inligting het vanuit die hemel, hoekom dit die Meester plesier verskaf het om hier gebore te word en `n menslike liggaam aan te neem op hierdie aarde en nie op `n ander nie. Die hoofrede van alles is omrede die Woord, dat dit hier op ons aarde geskryf kan word; en as dit klaar geskryf is, dat dit gepubliseer kan word reg deur die hele wêreld; en wanneer dit gepubliseer word, dit bewaar moet word vir alle nakomelinge; en dat dit duidelik moet word, selfs aan hulle in die ander lewe, dat die Godheid `n Mens geword het.

114. Die hoofrede was omrede die Woord, want die Woord is Goddelike waarheid op sigself, wat die mens leer dat daar wel `n God is, dat daar `n hemel en `n hel is, en dat daar `n lewe na die dood is; en leer bowendien hoe die mens moet lewe en hoe om te glo,

ten einde in die hemel te kom, en dus in ewigdurende geluksaligheid. Al hierdie dinge sou onbekend gewees het sonder `n openbaring op hierdie aarde; sonder die Woord; en dat die mens so geskape is, ten opsigte van sy innerlikes, dat hy nie kan sterwe nie. 114.1.

115. Dat die Woord op hierdie aarde geskryf moes word, is omdat die kuns van skrif het al hier bestaan vanaf die mees antieke tye; eerste op die bas van bome; daarna op perkament, en agterna op papier, en laaste deur allerhande tipes van drukwerk. Dit was so deur die Meester voorsien ter wille van die Woord.

116. Dat die Woord agtena gepubliseer kan word reg deur die hele wêreld, is omdat hier handel gedryf word tussen alle nasies, beide deur die land en die see, na alle dele van die aardbol, sodat die Woord, wanneer dit eenmaal geskryf is, oorgebring en meegedeel kan word van een nasie tot die ander, en so oral onderrig kan word.

117. Dat die Woord wat eenmaal geskryf is, bewaar kan word vir al die nakomelinge, gevolglik vir honderde van jare, en dat dit wel so bewaar is, is wel bekend.

118. Dat dit wel bekend moet word dat die Godheid `n Mens geword het; want dit is die eerste en mees essensieële, ter wille waarvan die Woord openbaar gemaak is. Want niemand kan in die Godheid glo, en God liefhê, wat hy nie kan verstaan onder een of ander voorkoms nie; waardeur hulle wat net erken wat onsigbaar is en dus onverstaanbaar, in hulle denke wegsink in die natuur, en dus nie glo aan enige God nie. Daarom het dit die Meester behaag om op hierdie aarde gebore te word, en om dit bekend te maak deur die Woord, dat dit nie net op hierdie aarde bekend is nie, maar ook bekend maak aan ander geeste en engele selfs van ander aardes, en ook aan die heidene van hierdie aarde van ons. 118.1

119. Dit moet bekend wees dat die Woord op ons aarde, gegee deur die hemel vanaf die Meester, is die vereniging van die hemel en die wêreld; ten opsigte waarvan daar `n korrespondensie is van alle dinge wat vervat is in die letter van die Woord met die Goddelike dinge in die hemel; en die Woord in sy opperste en mees innerlikste sin behandel die Meester, Sy koninkryk in die hemele en die aardes, en van die liefde en geloof van Hom en in Hom, gevolglik van die lewe uit Hom en in Hom. Sulke dinge word aangebied aan die engele in die hemel, wanneer die Woord op ons aarde gelees en gepreek word. 119.1

120. In elke ander aarde word die Goddelike waarheid gemanifesteer deur middel van die mond deur geeste en engele, soos hierbo gesê in die bespreking van die inwoners van aardes van hierdie sonnestelsel. Maar hierdie manifestasie is beperk slegs tot die familielede, daarom word die Goddelike waarhede wat openbaar word deur geeste en engele nie verder gevoer ver buite die grense en die beperkinge van die familie nie, en tensy `n nuwe openbaring voortdurend suksesvol is, word die waarheid of verdraai of dit gaan verlore. Dit is anders op ons aarde, waar die Goddelike waarheid, wat die Woord is, vir altyd in sy integriteit bestaan.

121. Dit moet geweet word dat die Meester ontvang almal, van watter aarde hulle ookal is, wat God erken en aanbid onder die menslike vorm, soveer as wat God in die menslike vorm ook die Meester is. En omdat die Meester in ander aardes verskyn in `n engele vorm, wat die menslike vorm is, daarom sal die geeste en engele van daardie aardes deur ons geeste en engele op ons aarde in kennis gestel word dat God in der waarheid `n Mens is, hulle ontvang daardie Woord, erken dit, en verheug hulleself dat dit so is.

122. Aangaande die dinge wat hierbo genoem is, mag daar bygevoeg word, dat die inwoners en geeste van ons aarde, in die Groot Kosmiese Mens `n verwantskap het met die natuurlike en eksterne sin, in watter sin die finale van die innerlikes van die lewe eindig, en daar rus as hul algemene basis. Die saak is dieselfde ten opsigte van die Goddelike waarheid in die letterlike sin, wat die Woord genoem word; en wat vir hierdie rede ook op hierdie aarde gegee is, en nie op enige ander nie; 122.1 en omdat die Meester die Woord is, en is die Eerste en die Laaste daarvan, daarom, dat alle dinge mag bestaan in ooreenstemming met die orde, was Hy bereid om op hierdie aarde gebore te word, en waar die Woord gemaak is, in ooreenstemming van wat in Johannes geskryf is: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan nie…en die Woord het vlees geword en onder ons gewoon – en ons het Sy heerlikheid aanskou, `n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid. Niemand het ooit God gesien nie; die Eniggeborene Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar." (Joh. 1: 1-14, 18). Die Woord is die Meester ten opsigte van Goddelike waarheid, dus die Goddelike waarheid vanuit die Meester. 122.2 Maar dit is `n Arcanum (geheim) wat in die begripsvermoë van net `n paar val.

123. **Die Aardes in die Sterre Hemel.** Hulle wat in die hemel is kan spreek en gesels met engele en geeste wat nie net van die aardes van hierdie sonnestelsel is nie, maar ook met hulle wat van ander aardes in die universum is wat buite hierdie sisteem lê; en ook nie net met die geeste en engele daar nie, maar ook met die inwoners self, maar slegs met hulle wie se innerlikes oopgemaak is, sodat hulle diegene kan hoor wat van die hemele af spreek. Dieselfde is die geval met die mens gedurende sy verblyf in die wêreld, aan wie dit toegestaan is deur die Meester om met engele en geeste te praat. Want die mens is `n gees in sy innerlikes, en die liggaam wat hy dra op die aarde dien slegs vir hom om sy funksies uit te voer in hierdie natuurlike of aardse sfeer, wat ook die laaste fase van sy liggaamlike bestaan is. Maar dit word aan niemand toegestaan om te praat met engele en geeste, tensy hy so is dat hy kan assosieer met engele wat betref geloof en liefde; ook kan hy nie assosieer, tensy hy geloof en liefde het teenoor die Meester, want die mens is verbind met die Meester deur geloof en liefde tot Hom, dit is, deur waarhede van die doktrine en die goeie van die lewe vanuit Hom, en wanneer hy verbind is met die Meester, is hy gevrywaar van die aanvalle van die bose geeste uit die hel. Met ander kan die innerlikes nie so ver oopgemaak word nie, siende dat hulle nie in die Meester is nie. Dit is die rede hoekom daar baie min is in hierdie dae aan wie dit toegestaan word om te praat en te gesels met die engele; en `n duidelike bewys daarvan is dat die bestaan van geeste en engele skaars geglo word in hierdie dag, nog minder dat hulle by elke mens is, en dat deur hulle het die mens `n aanknopingspunt met die hemel, en deur die hemel met

die Meester. Nog minder word dit geglo dat die mens, wanneer hy in die liggaam sterf, verder lewe as `n gees, selfs in `n menslike vorm soos voorheen.

124. Omdat daar vandag by baie in die kerk geen geloof is in `n lewe na die dood nie, en skaars `n geloof in die hemel, ook nie in die Meester as die God van die hemele en die aardes nie, daarom is die innerlikes wat van my gees is, geopen deur die Meester, sodat ek, terwyl ek nog in die liggaam is, terselfdertyd met die engele in die hemel kan wees, en nie net met hulle praat nie, maar ook die verbasingwekkende dinge sien wat daar is, en om hulle te beskryf; sodat daar nie `n kans sal wees dat iermand agterna sou sê; "Wie het uit die hemele na ons toe gekom en ons vertel dat daar so `n plek is, en wat alles daar is?" Maar ek weet dat hulle wat in hulle harte vantevore die hemel en hel ontken het, en `n lewe na die dood, sal steeds hulself bevestig daarteen, en dit nog steeds ontken; want dit is makliker om `n kraai wit te maak, as om hulle wat dit alreeds eens in hulle harte verwerp het, te maak glo. Die rede is, dat hulle altyd oor sulke dinge in die negatiewe sin dink, en nie uit die bevestigende nie. Nieteenstaande alles, laat dit wat tot hier gesê was, en wat nog verder gesê gaan word betreffende die engele en geeste, net vir die paar sal wees wat in die geloof is. En dat die res ook gelei mag word na iets van `n erkenning deur hulle waardeur dit toegestaan is om sulke dinge van absolute genot te verhaal en om die mens te prikkel wat begerig is om te weet; ook oor die aardes in die ster belaaide hemel.

125. Hy wat nie die Arcana van die hemele weet nie, kan nie glo dat die mens aardes kan sien wat so ver geleë is, en om enigiets oor hulle te verhaal uit die ervaringe van die sinne nie. Maar laat hy dan weet dat die ruimte en afstande, en daarom die rekenkundige reeks in die natuurlike wêreld, is in hulle oorsprong en eerste oorsaak, veranderinge van die staat van die innerlikes, en met engele en geeste verskyn dit in ooreenstemming met daardie veranderinge; 125.1 en hulle kan dus deur hierdie veranderinge klaarblyklik vervoer word van een plek na `n ander, en van een aarde na `n ander, self na die aardes wat aan die eindes van die universum lê. Ook dat `n mens oorgeplaas kan word wat betref sy gees, terwyl sy liggaam steeds op een plek bly. So was dit met my gedoen, siende dat deur die Goddelike genade van die Meester was dit aan my toegestaan om interaksie te hê met geeste as self `n gees, en terselfdertyd as mens met die mense. Dat `n mens oorgeplaas kan word ten opsigte van sy gees, kan die sensuele mens nie verstaan nie, omdat hy nog steeds in ruimte en tyd is, en meet sy beweging in ooreenstemming met dit.

126. Dat daar baie wêrelde is, mag duidelik wees aan enigeen deurdat daar soveel konstellasies sigbaar is in die universum, en dit is bekend in die geleerde wêreld dat elke vaste ster soos `n son is op sy plek; want dit bly staties soos ons son van hierdie wêreld, en op sy plek, en die afstand maak dat dit klein voorkom in die vorm van `n ster. Gevolglik is dit soos ons son dat dit rondom hom ook sy planete het, wat inderwaarheid aardes is, en die rede dat hulle nie in ons sig verskyn nie, is omdat dit so `n ongelooflike afstand van ons is, en het slegs die lig van hulle ster, wat nie sover gereflekteer kan word soos tot hier by ons nie. Vir watter ander doel is daar so `n groot hemel met so baie sterre? Want die doel van die skepping is die mens, dat van die mens daar `n engele hemel kan wees. Wat kan die menslike ras, en daarom die engele hemel van een aarde vir die Oneindige Meester wees, vir wie `n duisend aardes, nee, tiene van duisende, nie genoeg sal wees nie? Deur `n berekening kom dit voor dat as daar `n miljoen aardes in

die universum is, en mense op elke aarde tot `n syfer van drie-honderd-miljoen, en twee honderd generasies in ses duisend jaar, en aan elke mens of gees word daar `n spasie van drie kubieke meter gegee, sal die hele totaal van so baie mense en geeste, saamgevat in een liggaam, nog steeds nie die plek kan opvul van `n duisendste deel van hierdie aarde nie, dat dit miskien nie meer as `n enkele satelliet rondom die planeet Jupiter of Saturnus, wat `n spasie skaars waarneembaar in die universum, sal vul nie; want `n satelliet is skaars waarneembaar vir die naakte oog. Wat is dit vir die Skepper van die universum? Vir wie daar nie genoeg sal wees as die hele universum opgevul sal word nie, want Hyself is oneindig! Oor hierdie dinge het ek met engele gespreek wat sê dat hulle `n soortgelyke idee het oor die klein getal van die menslike ras in vergelyking met die oneindigheid van die Skepper, alhoewel hulle nie in terme van ruimte dink nie, maar uit die staat waarin hulle verkeer, en dat in ooreenstemming met hulle idee dat aardes tot die totaal van baie duisende miljoene-miljarde as wat deur die verstand opgeneem en verstaan kan word, sal steeds nog niks vir die Meester wees nie. Maar in dit wat nou gaan volg, sal die aardes in die sterrestelsels of hemele beskryf word deur ervaring van myself, waaruit dit ook duidelik sal wees hoe ek daarheen vervoer was ten opsigte van my gees, terwyl my liggaam op een plek gebly het.

127. **Die eerste Aarde in die sterre hemel, sy geeste en inwoners, uit dinge gehoor en gesien**. Ek was deur die Meester gelei deur middel van engele na `n sekere aarde in die sterre hemel, waar dit aan my gegee is om self in die aarde te kyk, maar om nie met die inwoners daar te spreek nie, maar met die geeste wat daarvandaan was. Al die inwoners of mense van elke aarde, na hulle lewe in die wêreld afgehandel is, word geeste, en bly naby hul eie aarde. Alhoewel, vanuit hierdie geeste word inligting gegee aangaande hulle aarde, en oor die staat van die inwoners daar, want die mens, wanneer hy sy liggaam verlaat, bring saam met hom hulle hele vorige lewe, en sy hele geheue. 127.1 Om na die aardes gelei te word in die universum, is nie om gelei en daarheen vervoer te word in die liggaam nie, maar wel in die gees, en die gees word gelei deur die veranderlikes van die staat van die innerlike lewe, wat voorkom as `n vorentoe beweeg deur die eter of ruimte. 127.2 Benaderings word ook gemaak in ooreenstemming tot die ooreenkoms of eendersheid van die state van lewe; want ooreenkoms of eendersheid van lewe bind saam, en verskille, onenigheid en ongelyksoortigheid ontbind weer. Hieruit mag dit duidelik wees hoe verplasing gemaak word wat die gees betref, en die benader van dit wat in die verte lê, en die mens nog steeds met sy liggaam op dieselfde plek is. Maar om die gees te lei buite sy eie wêreld deur wisseling of verandering van die staat van sy innerlikes, en om die wisseling vooruit `n opeenvolgend te maak selfs tot `n staat wat ooreenkom met, of wat dieselfde is as diegene waarheen jy gelei word, lê slegs in die krag van die Meester alleen. Want daar moet voortdurend rekening gehou word met die rigting en die versiendheid vanaf die eerste tot die laaste, in die gaan en die terugkeer; veral met `n mens wat nog steeds in die wêreld van die natuur ten opsigte van die liggaam is, en daarby nog in die ruimte. Dat dit gedoen was, sal diegene wat nog in die liggaamlike sinne of sintuie is, en wat daaruit dink, nie oorreed word om te glo nie, want die rede van die liggaamlike sintuie kan nie verstaan hoe daar voortbeweging sonder ruimte kan wees nie. Maar hulle wat uit die sinne van hulle gees dink, ietwat verwyderd of teruggetrek van die sinne van die liggaam, dus innerlik in hulleself, kan gelei word om te verstaan en te glo, siende in die idee van innerlike denke is daar ook nie ruimte en tyd nie, maar in plaas

daarvan daardie dinge waaruit ruimte en tyd bestaan. Dit is vir hierdie soort van mens dat dit wat volg betreffende die aardes en in die sterre hemel betrekking het, en nie vir die ander nie, tensy hulle onderneem om onderrig te word.

128. In `n staat van slaaploosheid was ek in my gees gelei deur die Meester, deur middel van engele, na `n sekere aarde in die universum, gevolg deur sommige geeste van hierdie wêreld. Ons vordering was gemaak na regs, en het twee ure geduur. Naby die limiet van ons sonnestelsel, verskyn daar eerste `n skitterende helder wolk, maar baie dig, en agter dit `n vurige rook wat opstyg uit `n groot kloof. Dit was `n yslike golf of kloof wat ons sonnestelsel op daardie kant afskei van sommige wêrelde van die sterre hemel. Die vurige rook verskyn op `n redelike afstand. Dit was gedra in die middel daarvan, en dan verskyn daar aan die onderkant in daardie kloof of golf baie mense, wat geeste was; want geeste verskyn almal in die menslike vorm, en is inderwaarheid mense. Ek hoor hulle ook met mekaar praat, maar vanwaar hulle vandaan kom en wat hulle kwaliteit was, was nie aan my gegee nie. Maar een van hulle sê aan my dat hulle wagte was, uit vrees dat geeste van hierdie wêreld sou oorgaan sonder dat toestemming gegee is om dit te doen. Dat dit so was, was ook bevestig, want sommige geeste wat in ons geselskap was, maar wat nog nie die vermoeë ontvang het om oor te gaan nie, begin om geweldig te skree dat hulle besig is om te vergaan; want hulle was soos hulle wat worstel in pyn met die dood, en daarom het hulle aan daardie kant van die kloof gestop, ook kan hulle nie verder geneem word nie, want die vurige rook wat uitgeasem word vanuit die golf vou hulle toe en so word hulle gemartel.

129. Agterna was ek deurgedra deur die groot kloof, en na `n ruk het ek aangekom by `n plek waar ek gestop het en daar het geeste oorhoofs aan my verskyn aan wie dit toegestaan is om met my te spreek. Uit hulle spraak en uit hulle genus (gees) van begrip en die verduideliking van dinge, het ek duidelik waargeneem dat hulle van `n ander aarde was want hulle was baie anders as ons geeste van ons sonnestelsel. Hulle het ook uit my spraak waargeneem dat ek van `n ver plek was.

130. Nadat ons gepraat het vir `n geruime tyd oor verskeie onderwerpe, vra ek hulle watter God hulle aanbid. Hulle sê hulle aanbid `n engel wat aan hulle verskyn as `n Goddelike Mens, en Hy skitter soos lig, en dat Hy hulle onderrig en gee aan hulle om waar te neem wat hulle behoort te doen. Hulle sê verder dat hulle weet dat die Almagtige God is in die son van die engele hemel, en Hy verskyn aan hulle engel, en nie aan hulleself nie; en dat Hy te groot is vir hulle om dit te waag om hom te vereer. Die engel wat hulle aanbid was `n engele gemeenskap, aan wie dit gegee is deur die Meester om hulle te bestuur, en om die weg van wat reg en regverdigheid is te leer. Daarom het hulle lig vanaf `n sekere vlam, wat verskyn soos `n kleinirige fakkel, redelik vurig en geel. Die rede is omdat hulle nie die Meester aanbid nie, en dus het hulle nie die lig van die son van die engele hemel nie, maar die van `n engele gemeenskap. Want `n engele gemeenskap, wanneer dit deur die Meester gegee is, kan so `n lig verskaf aan die geeste wat in `n laer streek is. Daardie engele gemeenskap was ook deur my gesien, hoog bokant hulle, en hulle vlammende voorkoms vanwaar hulle lig kom, was ook gesien.

131. Wat die res betref, was hulle beskeie, en ietwat eenvoudig, maar hulle dink baie goed. Vanuit die lig met hulle is dit moontlik om tot die gevolgtrekking te kom wat hulle intellektuele aanlegte is, want die intelligensie is in ooreenstemming met die ontvangs van lig wat in die hemele is; siende dat die Goddelike waarheid wat vanaf die Meester uitstraal as `n son, is wat daar skyn, en stel die engele in staat om nie net te sien nie, maat ook om te verstaan. 131.1

132. Ek was meegedeel dat die inwoners en geeste van daardie aarde het `n verhouding in die Groot Kosmiese Mens tot die milt, waarvan ek dit kon bevestig deur `n invloei in die milt wanneer hulle met my gespreek het.
133. Hulle was gevra aangaande die son van hulle sisteem, wat hulle aarde verlig. Hulle sê dat die son daar verskyn vlamend; en toe ek die groote van ons son van ons aarde aan hulle verduidelik, sê hulle dat hulle son kleiner is; want hulle son in ons oë is `n ster, en ek was deur engele vertel dat dit tussen die kleiner sterre tel. Hulle sê ook dat die sterre hemel ook van hulle aarde af sigbaar is, en dat `n ster wat groter is as die res, aan hulle verskyn teenoor die weste kant. Ek was vanuit die hemel vertel dat dit ons son is.

134. Op hierdie oomblik word my oë oopgemaak, sodat ek ietwat binne in daardie aarde kan sien, en daar verskyn baie weivelde en woude met blaarryke bome, en ook wollerige skape. Ek het agtena van die inwoners gesien wat van die laer klas is, geklee in klere baie soos die landbewoners in Europa. Daar was ook `n man met sy meisie gesien. Sy kom met `n baie aansienlike liggaamsbou voor en is baie bekoorlik, en so-ook die man. Maar, waaroor ek wonder, hy het `n vertonerige stappie, met `n ietwat hoogmoedige trant, terwyl die vrou, in teenstelling, met `n nederige stappie stap. Dit was deur die engele gesê dat dit die gewoonte is op daardie aarde, en dat die man wat so is, gelief word, maar hulle is in elk geval goed. Dit was ook gesê dat hulle nie toegelaat word om baie vrouens te hê nie, omdat dit teenstrydig is met hulle wette. Die vrou wat ek gesien het, het voor haar bors `n breë gewaad, waarmee sy haarself mee kan beskut, terwyl dit so gemaak is dat sy haar arms kan insteek en dit rondom haar kan vou. Die laer gedeelte kan opgetrek word, en as dit opgetrek is en toegepas word op die liggaam, kom dit voor soos `n bokleed wat die bors bedek, soos dié wat deur vrouens op ons aarde gebruik word. Maar dieselfde kleed dien ook vir die man, wat gesien was dat hy dit van die vrou neem en op sy rug aantrek, wat die onderste gedeelte losmaak en dit ontvou tot by sy voete, soos `n toga, en so geklee, beweeg hy rond. Wat ek op daardie aarde gesien het, was nie gesien met die oë van my liggaam nie, maar met die oê van my gees, en die gees kan dinge sien wat op die aardes is, wanneer dit toegestaan word deur die Meester.

135. Omdat ek weet dat dit betwyfel sal word of dit enigsins moontlik is vir `n mens om enigiets op `n aarde wat so ver is te sien met die oë van sy gees, is ek toegelaat om te sê hoe hierdie ding in mekaar steek. Afstand in die ander lewe is nie soos die afstand op aarde nie. In die ander lewe is afstand heeltemal ooreenkomstig met die staat van die innerlikes van enige persoon. Hulle wat in `n soortgelyke staat is, is heeltemal in een gemeenskap en op een plek. Alles is daar teenwoordig ooreenstemmend met die eendersheid van staat en alles is veraf ooreenkomstig tot die ongelyksoortigheid van die staat. Daarom was ek naby daardie aarde toe ek deur die Meester gelei was in `n staat soortgelyk tot die van sy geeste en inwoners, en deurdat ek teenwoordig was, het ek met

hulle gepraat. Hieruit is dit duidelik dat die aardes in die geestelike wêreld nie so ver is as wat dit in die natuurlike wêreld is nie; maar slegs oënskynlik, ooreenkomstig tot die staat van die lewe van die inwoners en geeste aldaar. Die staat van lewe is die staat van emosie met betrekking tot liefde en geloof. Ten opsigte van `n gees om in staat te wees om dinge te sien wat op `n aarde is, of wat dieselfde is, `n mens tot sy gees, is dit ook aan my toegestaan om dit te verduidelik. Nie geeste of engele kan deur hulle eie sig enigiets sien wat in hierdie wêreld is nie, want vir hulle is die lig van die wêreld, of van die son, soos `n dik donker duisternis; net soos `n mens wat deur sy liggaamlike sig nie enigiets kan sien wat in die ander lewe is nie; want vir hom is die lig van die hemel ook soos `n dik donker duisternis. Maar tog, geeste en engele, wanneer dit die Meester behaag, kan die dinge sien wat in die wêreld is deur die oë van die mens. Maar dit gee die Meester nie aan enigiemand anders as hulle aan wie dit gegee is om te spreek met geeste en engele nie, en om saam met hulle te wees. Deur my oë is dit aan hulle gegee om dinge te sien wat in hierdie wêreld is, en so duidelik soos wat ek kan sien, en ook om te hoor as die mens met my spreek. Dit het somtyds gebeur dat sommiges deur my hulle vriende gesien het wat hulle gehad het gedurende die lewe in die liggaam, net so teenwoordig as voorheen, en hulle was verstom. Hulle het ook hul mans gesien, of vrouens, en hulle kinders, en wens om hulle te vertel dat hulle teenwoordig was en het hulle gesien, en wens ook om hulle te vertel van hulle staat in die ander lewe. Maar ek was verbied om hulle te vertel en aan hulle te openbaar dat hulle gesien was, selfs vir die rede dat hulle my waansinnig sal noem, of sou gedink het dit was die hallusinasies van die verstand. Want dit was bekend aan my, dat alhoewel hulle dit erken met die lippe, glo hulle dit nog nie met die hart, dat daar geeste was, en dat die dode opgestaan het en was tussen die geeste self as geeste, en dat hulle kan sien en hoor deur die mens. Toe my innerlike sig vir die eerste keer oopgemaak was, en hulle in die ander lewe kon sien deur my oë die wêreld en die dinge wat daarin is, was hulle so verstom dat hulle dit die wonder van alle wonders genoem het, en was geaffekteer deur `n nuwe vreugde, dat daar `n kommunikasie met die aarde en hemel toegestaan is, en ook andersom. Die vreugde het vir maande geduur; maar daarna het dit gebruiklik geword. Nou het hulle opgehou om te wonder. Ek was onderrig dat die geeste en engele met ander mense, sien totaal niks van wat in die wêreld is nie, maar neem slegs die gedagtes en emosies waar van hulle met wie hulle is. Hieruit is dit duidelik dat die mens so geskape is, dat terwyl hy in hierdie wêreld lewe tussen mense, mag hy terselfdertyd ook in die hemel lewe tussen die engele, en om te gesels; dus dat die hemel en die wêreld met die mens tesame mag wees, en handel as een; en dat die mens mag weet wat in die hemel is, en engele wat in die wêreld is, en wanneer die mens sterf, mag hulle dus uit die Meester se koninkryk op aarde oorgaan in die Meester se koninkryk in die hemel, nie soos in `n ander koninkryk nie, maar soos asof in dieselfde waarin hulle ook was toe hulle in die liggaam was. Maar omdat die mens so liggaamlik-stoflik-sinlik geword het, het hy die hemel toegemaak vir homself.

136. Ten laaste het ek gepraat met geeste wat van daardie aarde was aangaande verskeie dinge op ons aarde, veral dat daar wetenskappe was wat nie op ander plekke voorkom nie, soos sterrekunde, geometrie, meganika, chemie, medisyne, oogkunde, filosofie; en ook die kunste, wat nie bekend is op ander plekke nie, ook die skeeps-redery, om metale te giet, om op papier te skryf, en om dit in tipes te druk deur die drukkuns dit wat geskryf is op papier, en so dit te kommunikeer na ander op die aarde, en ook die kuns om dit te

bewaar vir die nageslag vir duisende jare, soos ek hulle vertel het hoe dit gedoen is met die Woord wat van die Meester is, en daarom is daar `n permanente Openbaring op die aarde.

137. Ten laaste is die hel van hulle getoon wat van daardie aarde is. Hulle wat daarin gesien is, jaag `n mens die skrik op die lyf oor die uiterste afskuwelikheid daarvan, en ek durf nie hulle monsteragtige gesigte te beskryf nie. Daar was ook towenaresse gesien, wat hulle verskriklike kunste beoefen. Hulle verskyn in groen, en hulle boesem vrees by my in.

138. **`n Tweede Aarde in die Sterre Hemel; sy geeste en inwoners.** Ek was agterna deur die Meester gelei na `n aarde in die universum wat nog verder van ons aarde geleë was as die vorige een wat hierbo bespreek is. Dat dit `n verder afstand was, was duidelik hieruit, dat ek twee dae besig was om daarheen gelei te word, wat my gees betref. Die aarde was na die linkerkant toe, waar die vorige na die regterkant toe was. Aangesien die verafgeleë afstand in die geestelike wêreld nie bestaan uit die afstand van die plek nie, maar uit die verskil in die staat van jou innerlikes, soos hierbo beskryf, daarom, uit die stadige vordering daarheen, wat twee dae geduur het, mag ek tot die slotsom wat die staat van die innerlikes met hulle is. Wat die staat is van die emosies en dan die van die gedagtes, verskil proporsioneel van die staat van die innerlikes van die geeste van ons aarde. Om daarheen oorgebring te word ten opsigte van die gees deur die veranderinge van die staat van die innerlikes, was ek in staat om die opeenvolgende veranderinge hulself waar te neem voordat ek daar aangeland het. Dit was gedoen terwyl ek wakker was.

139. Toe ek daar aankom, was die aarde nie sigbaar nie, maar slegs die geeste van daardie aarde, want, soos ook van bo-af gesê is, die geeste van elke aarde verskyn rondom hulle eie aarde, vir die rede dat hulle van dieselfde genus (gees) is as die inwoners daarvan, want hulle is van hom, en ten einde dat hulle hom mag dien. Hierdie geeste was gesien op `n taamlike hoogte bokant my kop waarvandaan hulle my dophou toe ek naderkom. Dit is nie bekend aan die mens, dat hulle wat hoër op staan in die ander lewe, kan na hulle kyk wat onder hulle is, en hoe hoër hulle is, hoe groter is die afstand van hulle visie, en hulle kan nie net slegs na hulle kyk nie, maar kan ewe-eens met hulle spreek. Van hulle staat van hoogterigting het hulle gemerk dat ek nie van hulle aarde was nie, maar van `n ander wat baie ver is; waardeur hulle my aanspreek en uitvra oor verskeie dinge; waardeur dit aan my gegee is om terug te antwoord, en onder andere het ek aan hulle vertel van watter aarde ek was, en watter soort aarde dit was. Agterna het ek met hulle gespreek oor die ander aardes in ons sonnestelsel, en terselfdertyd ook aangaande die geeste van die aarde of planeet Mercurius, dat hulle swerf na baie aardes vir die doel om vir hulleself kennis te vergader oor verskeie onderwerpe. Toe hulle dit hoor, sê hulle dat hulle ook daardie geeste by hulle gesien het.

140. Dit was deur die geeste van ons aarde aan my vertel, dat die inwoners en geeste van daardie aarde `n verwysing met die Groot Kosmiese Mens tot skerpheid van sig het, en vir hierdie rede verskyn hulle hoog bokant, en dat hulle ook uitermatig helder van blik is. Omdat hulle `n verwysing daarheen het, en omdat hulle baie duidelik sien wat onder

hulle is, het ek hulle vergelyk met arende terwyl ek met hulle gepraat het, wat hoog vlieg, en wat `n wye sig rondom hulle het. Maar hieroor was hulle verontwaardig, en veronderstel dat ek glo dat hulle soos arende is ten opsigte van plundering, en dus dat hulle boos is. Maar ek antwoord dat ek hulle nie vergelyk met die arende ten opsigte van die roofsug en plundering nie, maar ten opsigte van die skerp sig wat hulle het.

141. Hulle was uitgevra oor die God wat hulle aanbid, en hulle antwoord dat hulle aanbid God sigbaar en onsigbaar, God sigbaar onder Sy Menslike vorm, en God onsigbaar sonder enige vorm, en dit was bevind uit hulle spraak en ook uit hulle idees van denke soos gekommunikeer na my, dat die sigbare God ons Meester Homself was, en hulle noem hom ook Meester. Hierteenoor was die antwoord dat op ons aarde word God ook aanbid as onsigbaar en as sigbaar; en dat die Godheid wat onsigbaar is, die Vader genoem word, en sigbaar, die Meester, maar dat die twee duidelik Een is, soos Hyself onderrig het, wat gesê het dan niemand nog ooit die vorm van die Vader gesien het nie, maar dat die Vader en Hy Een is, en dat hy wat Hom sien, sien die Vader, en dat die Vader in Hom is, en Hy in die Vader, gevolglik is dit dat die twee die Goddelike in een Persoon is. Dat dit die woorde van die Meester Homself is, kan gesien word in (Joh. 5: 37; 10: 30; 14: 7, 9-11).

142. Na `n rukkie sien ek ander geeste van dieselfde aarde, wat verskyn op `n ander plek onder die voriges, met wie ek ook gespreek het. Maar hulle was afgodsaanbidders, want hulle aanbid `n afgod van klip, wat `n mens voorstel, maar dit is nie mooi nie. Dit moet geweet word dat dat almal wat in die ander lewe kom, het aanvanklik `n aanbidding soos sy aanbidding in die wêreld, maar hulle word stadigaan daarvan weggetrek. Die rede is, dat alle aanbidding bly ingeplant in die mens se innerlike lewe, waaruit dit nie verwyder en ontwortel kan word behalwe in grade nie. Deur dit te sien, was dit aan my gegee om hulle te vertel dat hulle behoort nie dit te aanbid wat dood is nie, maar dit wat lewe besit, waarin hulle antwoord dat hulle weet dat God lewe, en dat `n klip nie lewe nie, maar hulle dink aan die lewende God wanneer hulle na die klip in `n menslike vorm kyk; en andersins dat die idees van hulle denke gevestig kan word op die onsigbare God as hulle bevestig en vasberade dit rig na die Meester, wat die sigbare God is in denke en in Menslike vorm is, en dus dat die mens verenig kan word met die onsigbare God in denke en emosie, gevolglik in geloof en liefde, wanneer hy verenig is met die Meester, maar op geen ander manier nie.

143. Die geeste wat daar omhoog gesien word, vra of daar op aarde geleef word onder die regering van prinse en konings; waarin hulle ook sê dat hulle nie so `n regering ken nie; en dat hulle onder hulleself lewe, onderskeibaar in nasies, families, en huise. Hulle was gevra of hulle veilig was op hierdie manier; maar hulle sê dat hulle wel veilig is so, siende dat geen familie jaloers is op `n ander nie, en wens ook nie om enigiets van enigiemand af te neem nie. Hulle was verontwaardig deur sulke vrae te vra, wat bly dat dit impliseer dat daar `n vyandig gesindheid tussen hulle was, of `n behoefte het vir beskerming teen rowers. Wat meer is nodig as om voedsel en klere te hê, sê hulle, en om so tevrede te woon en in stilte onder mekaar.

144. Oor `n verdere navra oor hulle aarde, sê hulle dat hulle weilande het, blomtuine, woude vol van vrugte, en ook mere met vis, en dat hulle voëls het van `n blou kleur met goue vlerke, en diere van verskillende grootes. Tussen die kleiner soort noem hulle een soort wat `n boggel op sy rug het, soos die kamele op ons aarde. Alhoewel, hulle eet nie die vleis van hierdie diere nie, maar slegs die vleis van visse en ook die vrugte van die bome en die peulgewasse van hulle aarde. Hulle sê ook dat hulle woon nie in geboude huise nie, maar in bome, waarin hulle `n skuiling vir hulle bou met die groen bedekking of blare teen die reën en die hitte van die son.

145. Hulle was gevra oor hulle son, wat gesien word as `n ster van ons aarde af, nie groter in sig as die van `n mens se kop nie. Ek was deur die engele vertel dat die ster wat hulle son is, is tussen die kleiner sterre, nie ver van die hemelse ewenaar nie.

146. Geeste was gesien, in `n soortgelyke voorkoms as wat hulle gehad het toe hulle mense was op hulle aarde. Hulle het gesigte nie baie anders as van die van mense op ons aarde nie, behalwe dat die oë en neus kleiner was. Dit kom vir my voor as ietwat misvormd, maar hulle sê vir hulle is klein oë en `n klein neus `n teken van skoonheid. `n Vrou was gesien, geklee in `n tabbert waarop daar rose van verskillende kleure was. Ek doen navraag oor wat die materiaal was waarmee hulle hul klere maak op daardie aarde. Hulle antwoord dat dit van plante was wat hulle vergader en wat hulle kan weef in gare of drade, en dan lê hulle die drade langs mekaar in dubbeles of drie-dubbele lae, en benat dit met `n klewerige vloeistof, en gee dit so digtheid, en kleur dit agterna met die sappe van kruie. Dit was ook getoon hoe hulle die drade voorberei; hulle sit en leun agteroor in `n stoel, en draai die drade met die tone, en wanneer dit gedraai is, trek hy dit nader na hom toe, en maak dit met sy hande klaar.

147. Hulle sê ook dat op daardie aarde het die man net een vrou, en nie meer nie, en dat hulle tien tot vyftien kinders het. Hulle sê dat hoere ook daar gevind word, maar dat na die lewe van die liggaam, wanneer hulle geeste word, word hulle hekse en towenaars, en word in die hel gewerp.

148. **`n Derde Aarde in die Sterrehemel, sy geeste en inwoners.** Sommige geeste verskyn in die verte wat nie gewillig is om nader te kom nie. Die rede was dat hulle nie met die geeste van ons aarde kan wees, wat toe rondom my was nie, en dat hulle van `n ander aarde was, en agterna was ek vertel dat hulle van `n sekere aarde was in die universum; maar waar daardie aarde was, was ek nie oor ingelig nie. Hierdie geeste was heeltemal onwillig om aan hul liggame te dink, en inderdaad van enigiets wêrels of stoflik, verskillend van die geeste van ons aarde. Dit was waarom hulle nie gewillig was om nader te kom nie. Maar tog, na die verwydering van sommige van die geeste van ons aarde, kom hulle nader en praat met my. Maar dan word daar spanning en onrus aangevoel, wat opwel vanaf die botsing van sfere, want geestelike sfere omvat alle geeste en gemeenskappe van geeste; en omdat hulle voortvloei van die lewe van die emosies en van die denke daarvan, sal daar botsings wees as daar opponerende emosies teenwoordig is, en dan die spanning en onrus. Die geeste van ons aarde sê dat hulle dit nie durf waag om hulle te nader nie, want as hulle dit doen, word hulle nie net bevange van onrus nie, maar kom vir hulleself voor asof hulle hande en voete gebind is met slange, waarvan

hulle nie kan loskom tensy hulle hulself onttrek nie. Die verskynsel het sy oorsprong uit korrespondensie want die geeste van ons aarde het `n verhouding in die Groot Kosmiese Mens met die eksterne sinne, dus met die liggaamlike-stoflike en sensuele sinne of sintuie, en hierdie sensuele word deur slange in die ander lewe verteenwoordig. 148.1

149. Omdat die natuur van die geeste van daardie aarde so is, verskyn hulle voor die oë van ander geeste, nie soos ander, in `n gemanifesteerde menslike vorm nie, maar soos wolke, en vir die grootste deel soos `n donker wolk waarin daar gemeng is iets soos `n helder menslike voorkoms. Maar hulle sê dat hulle aan die binnekant wit is, en dat wanneer hulle engele word, verander die donker kleur in `n pragtige blou, wat ook aan my getoon is. Ek vra of hulle so `n idee van hulle liggaam gehad het toe hulle in die wêreld gelewe het. Hulle sê dat die mense van hulle aarde maak geen ophef van hulle liggame nie, maar slegs van die gees van die liggaam, want hulle weet dat dit sal lewe tot in ewigheid, maar die liggaam sal vergaan. Hulle sê ook dat baie op hulle aarde glo dat die gees van die liggaan is van die ewigheid, en was ingegiet in die liggaam by die verwekking. Maar hulle voeg by dat hulle nou weet dat dit nie so is nie, en hulle berou het deurdat hulle in so `n valse idee was.

96 Toe ek hulle vra of hulle wens om iets op ons aarde te sien, en sê dit kan gedoen word deur my oë (sien bo n. 135), antwoord hulle eers dat hulle nie kan nie, en dan dat hulle dit nie verkies nie, siende dat hulle slegs aardse en materieële dinge sal sien, waarvan af hulle hul denke verwyder so ver as wat dit moontlik is. Maar tog word daar voor hulle die pragtigste paleise vertoon, soos die van prinde en konings op ons aarde, want sulke dinge kan voor geeste vertoon word, en wanneer dit aangebied word, kom dit voor asof hulle daar is. Maar die geeste van daardie aarde plaas geen waarde daarop nie, en noem dit marmer beelde, en dan sê hulle dat hulle meer manjefieke eenhede het, wat hulle heiligdomme is, nie van klip nie, maar van hout. Toe dit aan hulle gesê word dat dit steeds aards is, antwoord hulle dat dit nie so is nie, maar hemels, omdat, wanneer hulle daarna kyk, het hulle nie `n aardse, maar hemelse idee, en glo dat hulle ook soortgelyke paleise sien in die hemel na die dood.

Voetnotas

60.2. Invloei is geestelik, en nie fisies of natuurlik nie, gevolglik is invloei van die geestelike wêreld in die van die natuurlike, en nie van die natuurlike na die geestelike nie. (n. 3219, 5119, 5359, 5427, 5428, 5477, 6322). Dit kom voor dat invloei van die uiterlikes is in die mens se innerlikes, maar dit is `n dwaalbegrip. (n. 3721).

101. Van die natuurlike lig alleen is niks bekend van die Meester, van die Hemel en die Hel, van die lewe van die mens na die dood, en van Goddelike waarhede nie, waardeur die mens `n geestelike en ewige lewe het (n. 8944, 10318-10320). Dit kom voor hieruit, dat baie, en tussen hulle die geleerdes, nie hierdie dinge glo nie, alhoewel hulle gebore is waar die Woord is, en waar daar

onderrig is deur die Woord aangaande hierdie dinge (n. 10319). Daarom was dit nodig dat daar `n openbaring gegee word vanaf die hemel, omdat die mens gebore is vir die hemel. (n. 1775).

61.2 Die heidene in die ander lewe word onderrig deur engele, en hulle wat goed gelewe het in ooreenstemming met hul godsdienstige beginsels, ontvang die waarhede van die geloof, en erken die Meester. (n. 2049, 2595, 2598, 2600, 2601, 2603, 2661, 2863, 3263).

119.1 Die Woord word in die hemele anders verstaan van wat verstaan word deur die mens op die aardes, en dat die innerlike of geestelike sin is vir die engele, maar die eksterne of natuurlike sin is vir die mens (n. 1769-1772, 1887, 2143, 2333, 2396, 2540, 2541, 2545, 2552). Die Woord is `n verbinding met die hemel en die aarde (n. 2310, 2495, 9212, 9216, 9357, 10357). Daarom is die Woord in korrespondensie geskryf (n. 1404, 1408, 1409, 1540, 1519, 1659, 1709, 1783, 8615, 10687). In die mees innerlike sin van die Woord word slegs die Meester en Sy koninkryk behandel (n. 1873, 2249, 2523, 7014, 9357).

122.1 Die Woord in die letterlike sin is natuurlik (n. 8783). Die gronde van wat natuurlik is, is die finale of die einde, waarin die geestelike en die hemelse dinge toemaak, en waarop hulle bestaan asof op `n fondasie, andersins dat die innerlike of geestelike sin van die Woord sonder die eksterne of natuurlike sin, sal wees soos `n huis sonder `n fondasie (n. 9430, 9433, 9824, 10044, 10136).

122.2 Die Woord is die Meester ten opsigte van die Goddelike waarheid, dus die Goddelike waarheid van die Meester (n. 2859, 4692, 5075, 9987) Deur die Goddelike waarheid was alle dinge geskep en gemaak (n. 2803, 2884, 5272, 7835).

52.3 Beweging, voorentoe gaan, en veandering van plek in die ander lewe is veranderinge van die staat van die innerlikes van die lewe, en steeds kom dit vir engele en geeste voor as `n werklike verandering van plek (n. 1273-1277, 1377, 3356, 5605, 10734).

54. Die mens na sy dood behou sy geheue van al sy dinge in die wêreld (n. 2476-2486).

54.2 Die ligte in die hemele is groot (n. 1117, 1521, 1522, 1533, 1619-1632, 4527. 5400, 8644) Al die in die hemel is van die Meester as die son aldaar. (n. 1053, 1521, 3195, 3341, 3636, 4415, 9548, 9684, 10809). Die Goddelike waarheid wat van die Meester afkomstig is, vertoon in die hemele as ligte (n. 3195, 3222, 5400, 8644, 9399, 9548, 9684). Die lig verlig beide die sig en die intelligensie van die mens. (n. 1524, 3138. 3167, 4408, 6608, 8707, 9128, 9399, 10569).

67. Die mens se eksterne sensuele word in die geestelike wêreld verteenwoordig deur slange, omdat dit van die laagste dinge is, en in vergelyking met die innerlikes van die mens, lê op die grond asof dit kruipende dinge is; en dat dit

dan slange genoem word, wat uit daardie sensuele argumenteer. (n. 195-197, 6398, 6949).

oooooooooooooooooooOOOOOOOOOOOOOOOOooooooooooooooooooo

Ander Aardes in die Universum 151-200 (Afr)

Emanuel Swedenborg 1688-1772.

Arcana Coelestia – geheime van die hemele

151. Hulle vertoon dan hulle woonplekke voor die geeste van ons aarde, wat sê dat hulle nog nooit so-iets pragtigs gesien het nie, en ek het dit ook gesien. Daarom kan ek dit beskryf. Hulle is gebou uit bome, maar nie neergekap nie, maar groei in hulle natuurlike aarde. Hulle sê dat op hulle aarde was daar bome met `n wonderbaarlike groei en hoogte. En dit rangskik hulle vanaf die begin in sy orde, sodat dit kan dien as `n oordekte suilegang en wandelgange, en deur die takke te sny en te snoei wanneer hulle nog jonk is, dan pas hulle en berei hulle dit so voor dat terwyl hulle nog groei kan hulle dit vleg en in `n eenheid bewerk om die basis van die vloer van die huis te maak, en die kante word opgelig, en bo gebuig in `n gewelf vir die dak. Deur hierdie metode rig hulle die woning op met bewonderingswaardige kunstigheid, opgelig hoog bokant die aarde, en hulle berei ook `n oploop daarin deur opeenvolgende takke van die boom wat uitsteek en word stewig aan mekaar geheg. Bowendien versier hulle die woning van buite en van binne op verskillende maniere, deur die beblaarde takke te buig op verskillende maniere en vorms. So bou hulle volledige boomhuise. Maar wat en hoe hierdie wonings van binne was, was ek nie toegelaat om te sien nie. Dit was slegs aan my vertel dat die lig van hulle son ingelaat word deur openinge tussen die takke, en is hier en daar oorgebring deur kristalle, waardeur die lig op die mure val en kleure veroorsaak soos die van `n reënboog, veral die kleure blou en oranje, waarvan hulle meer hou as die res. So is hulle argitektuur, wat hulle verkies bokant die pragtigste paleise van ons aarde.

152. Hulle sê verder, dat die inwoners lewe nie in die hoë plekke nie, maar op die aarde in lae kothuise, vir die rede dat die hoë plekke vir die Meester is, wat in die hemel woon, en die lae plekke is vir die mens, wat op die aarde is. Hulle kothuise was ook aan my getoon. Hulle was langwerpig, en het binne langs die mure `n onafgebroke rusbank, waarop hulle lê, die een na die ander. Op die kant, teenoor die deur is `n semisirkel uitholling, waar in die voorkant `n tafel is, en agter dit `n vuurmaakplek, waardeur die hele kamer verlig is. In die vuurmaakplek is daar nie `n brandende vuur nie, maar liggewende hout wat net soveel lig afgee soos `n vlam van `n houtvuur. Hulle sê dat daardie stukke hout vertoon in die aand soos `n vuur van brandende steenkool.
153. Hulle sê hulle leef nie in gemeenskappe nie, maar elke huis op sy eie, en dat hulle gemeenskap is as hulle byeen kom vir aanbidding, en daardie wat onderrig, loop onderkant die heiligdom, en die res in die suilegang teen die kante, en dat hulle in daardie byeenkomste hulle innerlike genietinge het, uit die aansig van die heiligdom en uit die aanbidding daarin.

154. Wat betref Goddelike aanbidding, sê hulle dat hulle God aanbid in die Menslike vorm, dus ons Meester; want wie ookal die God van die universum onder die Menslike vorm erken, word aanvaar deur die Meester en word deur Hom gelei. Die res kan nie gelei word nie, omdat hulle dink sonder `n vorm. Hulle voeg by dat die inwoners van hulle aarde word onderrig in die dinge van die hemel deur `n soort onmiddelike interaksie met engele en geeste, waarin hulle meer gemakliker gelei kan word deur die Meester as die ander, omdat hulle dit wat liggaamlik is uit hulle denke en emosies verwerp. Ek vra wat word van hulle wat tussen hulle is wat boos is. Hulle sê op hulle aarde word dit nie toegelaat om boos te wees nie; maar as enigeen boos dink of boosheid doen, word hy getug deur `n sekere gees wat hom met die dood dreig as hy volhou om so te doen; en wanneer hy volhard in boosheid, sterf hy in `n aanval van pyn, en op hierdie manier word die mense van daardie aarde bewaar teen die besoedeling van die bose. Een so `n gees was na my toe gestuur en met my gepraat soos wat hy doen met sy eie mense. Meer nog, hy het pyn saamgebring in die omgewing van my buik, en sê dat hy so doen aan hulle wat boosheid dink en doen, en bedreig hulle met die dood, as hulle volhou daarmee. Hy sê dat hulle wat heilige dinge besoedel en ontheilig, word ongenadiglik gestraf, en voordat die strafengel kom, verskyn daar aan hom `n visioen van die kake van `n leeu, wyd geopen, met `n doodsbleek kleur, wat blyk asof hy hulle koppe wil insluk, en wat dit van die liggaam wil afskeur, waardeur hulle met angs en bewing bevange raak. Hulle noem die strafengel die duiwel.

155. Toe hulle begeer om te weet hoe dit gesteld is met die openbaring op ons aarde, sê ek dat dit plaasvind deur die geskrewe woord en die prediking uit die Woord, en nie deur onmiddelike interaksie deur geeste en engele nie; en dit wat geskrywe word kan gedruk en gepubliseer word, en kan gelees en verstaan word deur totale gemeenskappe, en so kan hulle hul lewe aanpas en reggestel word. Hulle is baie verwonderd dat so `n kuns, totaal onbekend elders, hier kan bestaan. Maar hulle verstaan dat op hierdie aarde, waar liggaamlike en aardse dinge so gelief word, die Goddelike dinge van die hemel nie kan invloei en op `n ander manier ontvang kan word as so nie, en dat dit gevaarlik is vir die mens om met engele te spreek.

156. Die geeste van daardie aarde verskyn bokant in die plek van die kop, nader aan die regterkant. Alle geeste word onderskei deur hulle verhouding ten opsigte van die liggaam, en vir die rede dat die gehele hemel korrespondeer met alle dinge van die mens 156.1 Hierdie geeste hou hulleself op daardie plek en op `n afstand omdat hulle korrespondensie nie met die eksterne van die mens is nie, maar met die innerlikes. Hulle aksie is in die linker knie, bokant en `n bietjie ondertoe, met `n sekere sensitiewe vibrasie; wat `n teken is dat hulle korrespondeer met die samevoeging van die natuurlike en hemelse dinge.

62 **`n Vierdie aarde in die sterbelaaide hemel; sy geeste en inwoners**. Ek was verder vervoer na nog `n ander aarde in die universum anderkant ons sonnestelsel, wat geraak word deur die veranderinge van die status van die denke, en dus ten opsigte van die gees. Want, soos alreeds voorheen gesê, die gees word vervoer van plek tot plek op geen ander manier as op die verandering van die staat van die innerlikes, waarvan die veranderinge voorkom asof dit beweging is van plek tot plek, of soos reise van een plek tot

die ander. Hierdie veranderinge duur voortdurend vir ongeveer tien ure, voordat die staat van my lewe aankom by die staat van hulle lewe, dus voordat ek daar gebring was ten opsigte van my gees. Ek was gebring teenoor die ooste na die linkerkant, en dit blyk dat ek opgelig is bokant die vlak van die horison. En dit was ook aan my gegee om baie duidelik waar te neem die opstyging van die plek waar ek voorheen gewees het, tot op `n stadium dat ek hulle wat ek verlaat het, nie meer kan sien nie. Intussen spreek ek oor verskeie onderwerpe met die geeste wat saam met my gegaan het. `n Sekere gees was ook saam met ons wat, toe hy nog in die wêreld gelewe het, `n aartsbiskop en leraar was, en ook `n baie patetiese skrywer daarby. Uit my idee van hom was dat die geeste wat ons vergesel, veronderstel dat hy in die hart `n besondere Christen was. Want in die wêreld word `n idee ontvang en `n mening gevorm uit `n persoon se prediking en geskrifte, en nie uit sy lewe nie, tensy dit opvallend is, en as daar enigiets teenstrydig in sy lewe is, word dit nogtans oorgesien; want die idee, of die gedagte en waarneming aangaande enigeen, trek alles na sy eie kant.

158. Nadat ek ten opsigte van my gees, in die sterrehemel was, baie ver anderkant die wêreld van ons son, want dit kan waargeneem word in die veranderinge van die staat en van die klaarblyklike voortdurende vorentoe beweging, wat ongeveer tien ure geduur het, hoor ek ten einde laaste geeste wat praat naby `n sekere aarde, wat agterna ook deur my gesien is. Toe ek nader aan hulle kom, na `n geselsie, sê hulle dat besoekers somtyds van ander plekke hulle besoek, wat met hulle spreek oor God en hulle idee van denke verwar. Hulle wys ook die rigting aan vanwaar die geeste gekom het, waar dit waargeneem word dat dit geeste was van ons aarde. Toe hulle gevra word waarin word hulle denke verwar, antwoord hulle dat dit deur daardie geeste was dat hulle denke verwar word deur te sê dat hulle moet glo in die Goddelike as onderskeidelik in drie Persone, wat hulle steeds een God noem. En toe hulle die idees van hulle denke ondersoek, word dit aangebied as `n drie-enigheid wat nie deurlopend is nie, maar onderbroke; en met sommiges as twee wat tesame op een troon gesetel is, en weer met sommige `n derde wat na hulle luister, en dan van hulle af weggaan; alhoewel hulle elke Persoon God noem, en het `n verskillende idee van elkeen; en nog steeds noem hulle hom een God. Hulle kla uitermatig dat hulle hul verwar deur drie te dink en sê dat dit een is, want `n persoon behoort te dink soos wat hy spreek, en spreek wat hy dink. Die gees wat in die wêreld was as `n biskop en leraar, en wat met my was, was toe ondersoek ten opsigte van sy idee oor een god in drie Persone. Hy verteenwoordig drie gode, maar hierdie een deurlopend, maar hy bied hierdie drie-enigheid aan as onsigbaar omdat dit Goddelik is; en toe hy dit aanbied, was dit waargeneem dat hy slegs aan die Vader dink, en nie aan die Meester nie, en dat sy idee van die onsigbare God was niks anders as die natuur in die eerste stadium; waaruit die resultaat is dat vir hom is die innerlikes van die natuur sy Goddelikheid, en dus hieruit kan dit maklik lei om die natuur te erken as God. Dit moet geweet word dat in die ander lewe word die idee van enigeen, van enige onderwerp, sigbaar aangebied voor die aangesig, en deur hierdie metode word elkeen ondersoek ten opsigte van wat hy dink en waarneem aangaande dinge van die geloof; en dat die idee van die denke aangaande God die belangrikste van almal is; want daardeur, as dit waar en korrek is, word samevoeging bewerkstellig met die Goddelike, en daardeur met die hemel. Toe word

hulle gevra watter idee hulle van God het, en hulle antwoord dat hulle nie God ervaar as onsigbaar nie, maar as sigbaar onder Sy Menslike vorm; en dat hulle dit weet, nie net uit innerlike waarneming nie, maar ook omdat Hy aan hulle verskyn het as `n Man en as Mens; en voeg by, dat as, in ooreenstemming met die idee dat sommige besoekers hulle die Godheid as onsigbaar beskou, dus sonder enige vorm en kwaliteit, dan moet hulle gladnie aan God dink nie, siende dat dit wat onsigbaar is, nie in enige idee van die denke val nie. Toe ek dit hoor, was dit aan my gegee om aan hulle te sê dat hulle goed doen om aan God te dink in `n Menslike vorm; en dat baie van ons aarde op dieselfde manier dink, veral as hulle dink aan die Meester, en dat die antieke mense op geen ander manier gedink het nie. Ek vertel hulle toe van Abraham, Lot, Gideon, en Manoah en sy vrou, en wat in ons Woord oor hulle gesê word, naamlik, dat hulle God gesien het onder Sy Menslike vorm en Hom erken het as die Skepper van die universum, en noem Hom JHWH, en dit ook uit innerlike waarneming, maar dat op hierdie dag dat innerlike waarneming uitgesterf het onder die hedendaagse mense, en in die hele Christelike wêreld, en vertoef slegs met die eenvoudiges wat in die geloof is.

159. Voor dit gesê was, het hulle geglo dat ons geselskap ook van diegene was wat wens om hulle te verwar met die idee van drie aangaande die Godheid. Maar toe hulle die dinge hoor, was hulle vol van vreugde, en sê dat sommiges ook deur God gestuur is, wat hulle toe die Meester genoem het, wat hulle onderrig het aangaande Hom; en dat hulle nie meer gewillig is om besoekers toe te laat wat hulle omkrap, veral deur die idee van drie Persone in die Goddelikheid nie, siende dat hulle wéét dat God Een is, gevolglik dat die Goddelikheid een is, en nie `n totaal van drie nie, tensy hulle sou dink aan God as `n engel, in wie se innerlikes van sy lewe iets onsigbaars is, waaruit hy dink en wys is, en die uiterlike lewe wat sigbaar is onder die menslike vorm, waaruit hy sien en handel, en die voortkomende lewe wat die sfeer is van liefde en geloof van hom, want vanuit elke engel kom daar `n sfeer van lewe te voorskyn waardeur hy geken word al op `n afstand; en ten opsigte van die Meester, dat die voortkomende lewe van Hom is as die Goddelike Homself wat die hemele uitmaak, omdat dit voortvloei uit die Esse (Wese) van die lewe van liefde en geloof. Hulle sê dat op hierdie manier, en op geen ander wyse sou hulle `n Drie-enigheid en `n Een kon waarneem op dieselfde tyd. Toe ek dit hoor, was dit aan my gegee om te sê dat so `n idee van `n Dreienigheid en `n Een tesame ooreen kom met die engele se idee van die Meester; en dat dit van die Meester se eie leerstelling kom ten opsigte van Homself; want Hy leer dat die Vader en Hy Een is; dat die wat Hom sien, sien ook die Vader; en dat diegene wat in Hom glo, glo ook in die Vader en ken hom; ook dat die Trooster, waardeur bedoel word die voortgaande Goddelike, en wat Hy noem die Gees van Waarheid, so ook die Heilige Gees, vanuit Hom voortkom, en spreek nie uit Homself nie, maar uit Hom. Meer nog, dat die idee van `n Drie-enigheid en Een kom ooreen met die Esse en Existere (Wese en Bestaan) van die Meester se lewe self, toe Hy in die wêreld was. Die Esse van Sy lewe was die Goddelikheid self, want Hy is uit JHWH, en die Esse van elkeen se lewe is dit waarvandaan hy ontvang is, dus is die Existere (bestaan) van lewe van daardie Esse en dit is die Menslike vorm. Die esse van elke mens se lewe wat hy uit sy vader het, word genoem die siel; en die existere van lewe daaruit word genoem die liggaam. Die siel en die liggaam maak een mens uit. Die gelykenis tussen beide is soos dit wat `n kraginspanning en dit wat in `n handeling is daaruit, die handeling is die kraginspanning wat handel, en so is die twee dan een.

Kraginspanning in die mens word die wil genoem, en die kraginspanning wat handel, die aksie. Die liggaam is die instrument, waardeur die wil, wat die vernaamste is, dan handel; en die vernaamste en die instrument in handeling is een; dus is die siel en die liggaam; ook een. Die engele in die hemel het so `n idee aangaande die siel en die liggaam, en dus weet hulle dat die Meester Sy Liggaam Goddelik gemaak het vanuit die Goddelikheid in Homself, wat Hy as `n Siel uit Sy Vader verkry het. Hierdie geloof wat ook oral in die Christelike wêreld ontvang word, wyk nie hiervan af nie; want dit leer: "Alhoewel Christus God en Mens is, is Hy nie twee nie, maar Een in Christus, ja, Hy is een en dieselfde Persoon; want soos die liggaam en die siel een mens is, so ook is God en Mens Een in Christus." 159.1 Omdat daar so `n eenheid, of so `n Een in God was, het Hy, anders as die mens nie net ten opsigte van die siel nie, maar ook ten opsigte van die liggaam opgestaan, wat hy in die wêreld verheerlik het, waarvolgens Hy Sy dissipels ook genooi het deur te sê: "Voel aan My en kyk; want `n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.: (Lukas 24: 39). 159. 2 Hierdie dinge verstaan die geeste baie goed, want dit val op die vlak van hulle intelligensie. Dan voeg hulle by dat die Meester alleen krag het in die hemele, en dat die hemele Syne is. Waar dit aan my gegee is deur te antwoord dat die kerk op ons aarde dit ook weet, en dit vanuit die Mond van die Meester Self, voordat hy na die hemel opgevaar het; want hy het gesê: "Alle mag in die hemel en op aarde is aan My gegee."

160. Ek het agterna met daardie engele gespreek aangaande hulle aarde; want alle geeste weet dinge betreffende hulle aarde wanneer hulle natuurlike of eksterne geheue deur die Meester oopgemaak is; siende dat hulle dit uit die wêreld het, maar dit is nie geopen behalwe deur die goedgunstelikheid van die Meester nie. Die engele sê dan ten opsigte van hulle aarde waarvan hulle is, dat wanneer toestemming aan hulle verleen word, verskyn hulle aan die inwoners van hulle aarde, en spreek met hulle soos mense; en dit word gedoen deur hulle in hulle natuurlike of eksterne geheue in te laat, en dus in so `n denke waarin hulle was toe hulle in hulle wêreld gelewe het; en dat die inwoners dan hulle innerlike sig, of die sig van hulle gees, geopen kry, waardeur hulle hul dan kan sien. Die inwoners weet nie dat hulle nie mense van hulle aarde is nie, maar wel geeste, en word dit eers gewaar dat hulle nie mense was nie, wanneer hulle skielik weggeneem word uit hulle sig. Ek vertel hulle dat die geval ook so was op ons aarde, soos met Abraham, Sarah, Lot, die inwoners van Sodom, Manoah en sy vrou, Joshua, Maria, Elizabeth, en die Profete in die algemeen, en dat die Meester ook op hierdie manier verskyn, en hulle wat Hom gesien het, het nie geweet nie, maar dat Hy `n gewone mens was van die aarde, voordat Hy Homself geopenbaar het. Maar dit word skaars in hierdie dag gedoen, behalwe wanneer dit noodsaaklik is dat hulle glo; maar `n noodsaaklike geloof, soos een wat ingang vind deur wonderwerke, is nie standvastig nie, en is ook skadelik vir hulle by wie so `n geloof deur noodsaaklikheid deur die Woord ingeplant is, soos deur wonderwerke.

161. Die gees wat in die wêreld `n biskop en `n prediker was, het glad nie geglo dat daar enige ander aardes was behalwe ons eie nie, omdat hy in die wêreld geglo het dat die Meester slegs vir die aardse mense gebore is, en dat niemand anders redding kan hê sonder die Meester nie. Hy was toe 'teruggebring' na so `n staat waarin die geeste 'teruggebring' word wanneer hulle verskyn op hulle aarde as mense (sien hierbo) en was

toe na daardie aarde gestuur, om nie net alleen te sien nie, maar ook om met die inwoners te praat. Toe dit gedoen was, was kommunikasie klaar aan my toegestaan, sodat ek ook op dieselfde manier die inwoners kan sien, en sommige dinge op daardie aarde (sien bo, n. 135). Toe verskyn daar vier tipes van mense, maar die een tipe na die ander in opvolging. Eerste was mense gesien wat gekleed was; en tweedens mense wat naak was met die kleur van mensvleis; daarna mense wat ook naak was maar met hulle liggame wat ontsteek is; en laastens swart mense.

162. Toe die gees wat `n biskop en `n prediker was, met die mense is wat geklee was, verskyn daar `n vrou met `n pragtige gesig, geklee in eenvoudige klere, met `n tuniek wat sierlik agter haar en na vore oor die arms gebring was. Sy het `n pragtige hoofdeksel, in die vorm van `n kransie met blomme. Daardie biskop-gees was grootliks verheug by die sig van hierdie maagd, en praat met haar, en neem ook haar hand. Maar toe sy waarneem dat hy `n gees was, en nie van daardie aarde nie, haas sy haar daarvandaan weg. Daar verskyn toe aan hom aan die regterkant baie ander vrouens, wat omsien na skape en hulle lammers, wat hulle toe lei na `n watertrog wat voorsien is met water deur `n kleinerige grag uit `n meer. Hulle was dieselfde geklee, en hou herderstawwe in hulle hande, waardeur hulle die skape en lammers lei om te drink. Hulle sê dat die skape in die rigting gaan waarheen hulle met hulle stawwe wys. Die skape wat gesien is, is baie groot, met wollerige sterte, beide breed en lank. Die gesigte van die vroue, nader beskou, was vol en baie mooi. Die mans was ook gesien, en hulle gesigte was die kleur van mensvleis, soos op ons aarde, maar met die verskil, dat die laer deel van die gesig, in die plek van die baard, was swart, en die neus meer die kleur van sneeu as van vleis. Agterna was die gees hierbo genoem wat `n leraar was, verder gelei, maar onwillig, omdat sy gedagtes nog steeds by daardie vrou was waaroor hy so verheug was, wat duidelik geword het deur ietwat van `n skaduwee van hom wat steeds verskyn in die vorige plek. Toe kom hy by hulle wat nakend was, en wat gesien was dat hulle twee-twee loop, en is man en vrou omgord met `n bedekking om die lendene en `n sekere bedekking op die hoof. Die gees was toe gelei in die staat waarin hy in die wêreld was wanneer hy begeer het om te preek, en sê dat hy aan hulle die Meester se kruisiging sal preek. Maar hulle sê dat hulle nie so-iets wil hoor nie, omdat hulle nie weet wat dit beteken nie, maar hulle weet dat die Meester lewe. Hy verklaar toe dat hy wens om vir hulle te preek dat die Meester lewe. Maar dit weier hulle ook om aan te hoor, en sê dat hulle iets wat nie hemels is nie, by hom waarneem, omdat hy baie van homself dink, van sy bekendheid en sy eer, want hulle kan slegs uit die toon van sy stem hoor of dit uit die hart kom, of nie, en omdat hy so was, kon hy nie vir hulle preek nie. Hierop was hy stil, want in die wêreld het hy baie gevoelvolle krag gehad, sodat hy die hoorders sterk na heiligheid beweeg het, maar hierdie krag het hy verkry deur kuns, en dus is dit uit homself en die wêreld, en nie van die hemel nie.

163. Hulle sê verder dat hulle `n waarneming het of die huweliksliefde bestaan tussen diegene van hulle volk wat nakend is, en dit was aan my getoon dat hulle dit waarneem uit `n geestelike idee van die huwelik, wat aan my gekommunikeer was, tot die effek dat `n soortgelykheid van innerlikes gevorm word deur die samevoeging van die goeie en die waarheid, dus van liefde en geloof, en daaruit vloei die samevoeging tot in die liggaam en huweliksliefde bestaan. Want alle dinge van die denke word verteenwoordig in `n sekere

natuurlike verskyning in die liggaam, dus in die verskyning van huweliksliefde, wanneer die innerlikes van twee wedersyds mekaar liefhet, en uit daardie liefde is die begeerte om te wil en om te dink, die een soos die ander, en om so bymekaar te wees en om saamgevoeg te wees ten opsigte van die innerlikes wat van die denke is. Dus word geestelike emosie, wat van die denke is, die natuurlike emosie in die liggaam, en beklee dit met `n sin van huweliksliefde. Die geestelike emosie wat van hulle denke is, is die emosie van die goeie en die waarheid, en hulle samevoeging; want alle dinge van die denke, of van die gedagtes en die wil, het `n verhouding tot die waarheid en die goeie. Hulle sê ook wat gegee is tussen een man en verskeie vroue is glad nie huweliksliefde nie, siende dat die huwelik tussen die goeie en die waarheid, wat van die denke is, kan slegs aan twee gegee word.

164. Die hierbo bogenoemde gees kom by hulle wat nakend was, maar wie se liggame ontsteek is, en ten laaste by hulle wat swart was, waarvan sommiges nakend was, en sommiges geklee, maar hierdie verskillende mense bly in verskillende plekke op dieselfde aarde, want `n gees kan in `n oomblik gelei word na `n ver afgeleë plek van `n aarde, want hy is nie gebonde, soos wat die mens is, aan spasie nie, maar deur die verandering van die staat (sien bo, n. 125, 127). 164.1

165. Eindelik gesels ek met die geeste van daardie aarde oor die geloof van die inwoners van ons aarde aangaande die opstanding of opwekking van die mens, dat hulle nie kan verstaan of begryp hoe die mens in die ander lewe aankom onmiddelik na die dood nie, en dan voorkom soos `n mens ten opsigte van sy gesig, liggaam, arms, voete, en al die sintuie, beide intern en ekstern; en nog minder dat hulle geklee is met klere en het huise en woonplekke. En die rede is dat die meeste dink uit die sinlike dinge wat van die liggaam is, en glo daarom nie in die bestaan van wat hulle nie kan sien en voel nie. En baie min van hulle kan weggetrek word van die eksterne sinlike dinge na dit wat innerlik is, en om so verhoog te word in die lig van die hemel waarin sulke innerlike dinge waargeneem kan word. Daarom is dit, dat ten opsigte van hulle siel of gees kan hulle nie as `n mens `n idee vorm hoe die mens in die anderkant voorkom nie, maar dink dat dit `n wind is, of lug, of `n asem sonder enige vorm, waarin daar tog iets is wat lewe. Daarom glo hulle dat hulle eers sal opstaan aan die einde van die wêreld, wat hulle die "Laaste Oordeel" noem, waarin hulle glo dat die liggaam, alhoewel vervalle tot stof en verstrooi na al die winde, teruggebring sal word en weer verenig word met die siel en gees. Ek voeg by dat hulle toegelaat word om dit te glo, vir die rede dat hulle wat dink uit dit wat ekstern en sinlik is, soos gesê, nie enige idee kan vorm, as dat een se siel of gees slegs kan lewe as `n mens in die menslike vorm, as hy weer sy liggaam terugkry wat hy in die lewe gehad het in hierdie wêreld. En daarom, tensy jy sê dat dit weer sal opstaan, sal hulle dit verwerp in hulle harte, asook die doktrine van `n opstanding en `n ewige lewe, want dit is vir hulle onverstaanbaar. Maar nogtans het die gedagte oor die opstanding sy waarde in dit, dat hulle glo in `n lewe na die dood, waaruit die geloof volg dat wanneer hulle siek in die bed lê en nie soos voorheen dink uit wat wêreldlik en liggaamlik is, dus nie uit dinge wat sinlik is nie, dan glo hulle dat hulle sal lewe onmiddelik na die dood, en lê hulle doktrine van die "Laaste Oordeel" eenkant. Ek het hierdie geeste verder vertel, dat ek somtyds wonder dat hulle wat in die geloof is, praat van die lewe na die dood, en van hulle vriende wat sterwend is of wat alreeds dood is, en dink nie terselfdertyd aan die

"Laaste Oordeel" nie, dan glo hulle dat hulle onmiddelik na die dood sal lewe soos `n mens. Maar hierdie idee, so gou as wat die gedagte van die "Laaste Oordeel" binnevloei, word verander in `n materieële idee aangaande hulle aardse liggaam, dat dit weer saamgevoeg sal word met die siel. Want hulle weet nie dat elke mens `n gees is wat sy innerlikes betref, en dat dit die gees is wat lewe in die liggaam en in al sy dele, en nie die liggaam self nie; en dat dit van die gees van elkeen is dat die liggaam `n menslike vorm het, en dat dit die gees is wat hoofsaaklik die mens is, en in `n soortgelyke vorm, maar onsigbaar vir die oog van die liggaam, maar tog sigbaar vir die oë van die geeste. Daarom ook wanneer die sig van `n mens se gees geopen is, wat plaasvind deur die verwydering van die sig van die liggaam, verskyn engele soos `n mens. So het die engele aan die antieke mense verskyn, soos dit in die Woord voorkom. Ek het somtyds ook met geeste gespreek wat ek geken het toe hulle in die wêreld gelewe het, en ek het hulle gevra of hulle wens om weer beklee te wees met hulle aardse liggame, soos wat hulle eens gedink het. Toe hulle dit hoor, net by die idee van `n samevoeging met `n liggaam, vlug hulle weg, en word met verstomming geslaan dat hulle in die wêreld hierdie gedagte kon gehad het sonder om te verstaan.

166. Verder was hulle woonplekke deur my op daardie aarde gesien, en was lang huise, met vensters aan die kante in ooreenstemming met die hoeveelheid kamers waarin dit verdeel is. Die dak was met `n boog en daar was `n deur aan elke kant aan die einde. Hulle sê dit is gebou met grond en die dak uitgelê met sooie, en die vensters met drade van gras, so aanmekaar geweef dat die lig deurskyn. Kinders was ook daar gesien. En hulle sê dat hulle bure hulle ook besoek, veral ter wille van die kinders, dat hulle in die geselskap van ander kinders kan wees, onder die toesig van hulle ouers. Daar kom ook lande voor wat wit word met die naderende ryp word van die oes. Die sade of die graan van die oes was ook getoon, en dit was soos die graan van Chinese koring. Ons was ook brode getoon wat van die koring gemaak is, wat aan die klein kant was, en vierkantig in vorm. Daar is ook grasbegroeide pleine, met blomme daarin, en bome met vrugte soortgelyk aan granate; ook struike, wat nie druiweplante was nie, maar wat bessies dra waarvan wyn voorberei word.

167. Hulle son wat vir ons `n ster is, kom voor as ongeveer een-vierde so groot as ons eie son. In hulle jaar is daar ongeveer twee-honderd dae, en die dae van vyftien uur in lengte, soos vergelyk met ons dae op die aarde. Die aarde self is tussen die kleinstes in die sterrehemel, en is skaars vyf-honderd Duitse myl* in omtrek. Dit het ek geleer by die engele in vergelyking met sulke dinge as wat hulle in my sien, of in my geheue, in vergelyking met ons aarde. Hulle vorm hierdie gevolgtrekking deur engele idees, waardeur die mates van spasie en tyd onmiddelik bekend is, wat geestelik is, en gaan die menslike idee wat natuurlik is, ongelooflik hoog te bowe.

* Of twee-duisend Engelse geografiese myl.

168. **`n Vyfde Aarde in die sterrehemel, sy geeste en inwoners.** Ek was weer gelei na `n ander aarde wat in die universum is buite ons sonnestelsel, en dit ook met die verandering van staat, en het vir ongeveer twaalf ure geduur. Saam met my was daar verskeie engele en geeste van ons aarde, met wie ek gesels het oor die weg terwyl ons in

beweging was. Ek was met tye skuins opgeneem en somtyds skuins na onder, maar voortdurend na die regterkant, wat in die ander lewe na die suide is. Op slegs twee plekke het ek geeste gesien, en op een het ek met hulle gespreek. Op die weg en in die voortbeweging was ek in staat om die ongelooflike grootheid van die Meester se hemel te aanskou, wat vir die engele en geeste bedoel is, want uit die onbewoonde dele was ek gelei om tot die gevolgtrekking te kom dat dit so yslik groot is, dat as daar kwadriljoene van aardes is, en op elkeen miljarde van mense so groot soos ons s'n, sal daar nog plek wees vir verblyf tot in alle ewigheid, en dit sal ewig nooit opgevul word nie. Dit was ek in staat om op te som uit `n vergelyking gemaak met die omvang en uitgestrektheid van die hemel wat rondom ons aarde is en daarvoor bedoel is, waarvan die uitgestrektheid so klein is, dat dit nie eers een-honderste van `n miljoenste deel uitmaak van die uitgestrektheid van die onbewoonde deel nie.

169. Toe die engele geeste wat van daardie aarde was, in sig kom, groet hulle ons, en vra wie ons is, en wat wil ons hê. Ons sê ons kom ter wille van die reis, en dat ons hiernatoe verwys is, en dat hulle niks te vrees het van ons kant af nie; want hulle was bang dat ons van daardie was wat hulle kom omkrap ten opsigte van God, tot die geloof, en dinge met daardie strekking, op grond waarvan hulle hulself verwyder het tot daardie kwartier van hulle aarde, en vermy hulle soveel as moontlik. Ons vra op watter manier en waarin word hulle gepla. Hulle antwoord, deur die idee van drie, en deur die idee van die Goddelike sonder `n Menslike vorm, in God, wanneer hulle weet en waarneem dat God Een is, en dat Hy `n Mens is. En dit was toe waargeneem dat hulle wat hulle so omkrap, en wie hulle vermy, van ons aarde af kom. Dit was ook duidelik, dat daar van ons aarde af geeste is wat in die ander lewe rondswerf deur die liefde vir reis, wat hulle op die aarde aangeleer het; want op ander aardes is daar nie so `n gewoonte om rond te reis as soos by ons nie. Dit was toe ontdek dat hulle monnike was, wat op ons aarde rondgereis het met die begeerte om die heidene te bekeer; daarom het ons hulle vertel dat hulle goed gedoen het om hulle te vermy, omdat hulle bedoeling was om nie te onderrig nie, maar om winste te bekom en dan ook heerskappy; en dat hulle eers verskeie kunste bestudeer voordat hulle die denke van die mens gevange neem, maar agterna hulle onderdanig aan hulle maak soos slawe. Bowendien, dat hulle goed gedoen het dat daar nie inbreuk gemaak is op hulle idee van die Godheid nie. Hulle sê verder dat die genoemde geeste hulle verwar deur hulle te verseker dat hulle geloof behoort te hê en om die dinge wat hulle sê te glo, maar hulle het hulle geantwoord, dat hulle nie weet wat geloof is nie, en wat bedoel word deur te glo, siende dat hulle kan waarneem binne in hulself wanneer `n ding waar is of nie. Hulle was van die Meester se hemelse koningkryk, waar almal deur `n innerlike waarneming die waarhede weet wat by ons die waarheid van die geloof genoem word, want hulle is in verligting vanuit die Meester; maar dit is anders met hulle wat in die geestelike koninkryk is. Dat die engele geeste van daardie aarde van die Meester se hemelse koninkryk is, was dit aan my toegestaan om die vlammende lig te sien waaruit hulle idees voortkom, want die lig in die hemelse koninkryk is vlammend, en in die geestelike koninkryk is dit wit. Hulle wat van die hemelse koninkryk is, waar die gesprek gaan oor waarhede, sê hulle nie meer as ja, ja, en nee, nee, en sal nooit daaroor argumenteer of dit so is of nie. Dit is hulle waarvan die Meester spreek: "Maar laat julle woord wees: Ja, ja, nee, nee. Wat meer as dit is is uit die bose." (Mat. 5: 37). Daarom is dit dat daardie geeste gesê het dat hulle nie weet wat dit is om geloof te hê of om te glo

nie. Dit is soos een persoon wat vir sy metgesel sê dat hy huise en bome sien, en dat sy metgesel geloof moet hê dat dit so is, terwyl die metgesel self met sy eie oë die huise en bome kan sien. So is hulle wat van die Meester se hemelse koninkryk is. 169.1. Ons vertel hulle dat daar maar net `n paar is op ons aarde wat innerlike waarneming het, omdat die ander in hulle jeugjare waarhede geleer het, maar dit nie gedoen het nie. Want die mens het twee aanlegte of talente, wat genoem word die intelligensie en die wil; hulle wat die waarheid nie verder toelaat as die geheue nie, en daarom op `n baie klein graad in die intelligensie, en nie in die lewe nie, dit is, in die wil, is hulle wat in daardie mate nie in staat is tot enige verligting nie, of innerlike sig uit die Meester, en sê dat daardie waarhede geglo moet word, of dat hulle voorwerpe van geloof is, en argumenteer ook daaroor of dit die waarheid is of nie, ja, hulle is nie gewillig om waar te neem deur die innerlike sig, of enige verligting in die intelligensie nie. Hulle sê dit, omdat die waarheid by hulle sonder die lig van die hemel is, en vir hulle wat sien sonder lig vanuit die hemel, mag valsheid ook voorkom soos waarheid, en waarheid soos valshede, daarom het so `n groot blindheid so baie vasgevang, en alhoewel hulle nie die waarheid doen of daarvolgens lewe nie, sê hulle nog steeds dat hulle deur geloof alleen gered kan word, asof dit die kennis van die dinge van die geloof is wat die mens uitmaak, en nie die lewe in ooreenstemming met daardie kennis nie. Ons het agterna met hulle gesels oor die Meester, en oor wedergeboorte; en sê om die Meester lief te hê is om die gebooie lief te hê wat van Hom af is, en om dit te doen uit liefde uit. 169.2 Die liefde teenoor die naaste is om die goeie te wil en daarom goed te doen aan jou medeburger, aan jou land, aan jou kerk, en aan die Meester se koninkryk, maar nie ter wille van die self nie, om gesien te word, of om verdienste of meriete, maar uit die emosie van die goeie. 169.3 Wat betref die wedergeboorte het ons gesien of waargeneem, dat hulle wat deur die Meester wedergebore is, en waarhede onmiddelik aan die lewe doen, kom in `n innerlike waarneming betreffende dit; maar hulle wat waarhede eerste in die geheue ontvang, en om dit agterna te wil en te doen, is hulle wat in die geloof is, want hulle handel uit geloof, wat dan gewete genoem word. Hulle sê dat hulle die dinge waarneem dat dit so is, en neem dan ook waar wat geloof is. Ek het met hulle deur geestelike idees gesels, waardeur sulke dinge vertoon en verstaan kan word word in die lig.

170. Die geeste met wie ek nou gesels, is van die noordelike deel van hulle aarde. Ek was agterna gelei na ander wat van die westelike deel was. Hulle ook, wens om uit te vind wie en wat ek was, en sê onmiddelik dat daar niks in my was behalwe boosheid, en dink daaraan om my te verhoed om nader te kom. Dit was waargeneem dat dit hulle manier was van begroeting aan almal wat na hulle kom; maar dit is aan my toegestaan om hulle te antwoord dat ek dit weet dat dit so is, en dat ook met hulle daar niks is behalwe boosheid, oor die rede dat almal en elkeen in boosheid gebore is, en daarom, wat ookal kom van mens, gees en engel, is uit homself, of sy persoonlike individualiteit (proprium), en dit is niks anders as boosheid nie, sover so, dat alles wat goed is by elkeen, slegs net uit die Meester is. Daarom het hulle waargeneem dat ek in die waarheid is, en ek was toegelaat om met hulle te spreek. En toe wys hulle my hulle idee betreffende die boosheid met die mens, en ten opsigte van die goeie uit die Meester, hoe hulle afgeskei is van die ander. Hulle plaas een naby `n ander, maar digby, sodat die goeie die boosheid lei, en hou dit in toom, in sover dat dit nie toegelaat word om na willekeur te handel nie, en so buig die goeie die boosheid in watter rigting ookal begeer word, sonder dat die boosheid dit

weet. Op hierdie manier vertoon hulle die heerskappy van die goeie oor die boosheid, en terselfdertyd `n staat van vryheid. Hulle vra toe hoe die Meester aan die engele van ons aarde verskyn. Ek sê Hy verskyn in die son as `n Mens, omring daarbinne met sonvuur, waaruit die engele in die hemele al hulle lig het, en dat die hitte wat daaruit tevoorskyn kom, die Goddelike goeie is, en dat die lig wat daaruit tevoorskyn kom, die Goddelike waarheid is, en elkeen uit Goddelike liefde, wat die vuur is wat die Meester omring in daardie son. Alhoewel, daardie son verskyn slegs aan die engele in die hemel, en nie aan die engele wat daaronder is nie, siende dat hulle verder verwyderd is van die ontvangs van die goeie van die liefde en van die waarheid van geloof, as die engele wat in die hemele is (sien bo, n. 40). Dit was aan hulle toegestaan om navrae te doen aangaande die Meester, en aangaande Sy verskyning aan die engele van ons aarde, want dit het die Meester behaag om Homself aan te bied voor hulle, en om die dinge wat hulle omgekrap het, deur die bose geeste waaroor hulle gekla het, in hulle orde te verminder. Dit was ook die rede waarom ek daarheen gelei was, dat ek hierdie dinge mag sien.

171. Daar was nou `n donker wolk teenoor die ooste, wat afdaal vanaf hoog bokant, wat met sy afdaling helder blinkend voorkom, en ook in menslike vorm; en hierdie vorm verskyn dan ook as `n brandende, vlammende uitstraling, waar rondom daar klein sterretjies van dieselfde kleur is. Op hierdie manier bied die Meester Homself aan voor die geeste met wie ek gepraat het. Om hierdie Teenwoordigheid het al die geeste wat daar teenwoordig was, vergader van alle kante af, en soos wat hulle kom, was die goeies afgeskei van die boses, asof uit hulleself. En hulle aan die regterkant was georganiseer ooreenkomstig die kwaliteit van hulle goeie, en hulle aan die linkerkant ooreenkomstig die kwaliteit van hulle boosheid. Die goeie was toe gelos om `n hemelse gemeenskap te vorm tussen hulleself, maar die boses was in die hel gewerp. Ek het agterna gesien dat hierdie glans redelik diep afdaal in die laer dele van daardie aarde, en dan verskyn dit, nou vlammend en grens aan skitterende helderheid, en daardie helderheid grens aan ondeursigtigheid, en nou heeltemal donker. En ek was deur die engele vertel dat die verskyning in ooreenstemming is met die ontvangs van die waarheid uit die goeie, en van valshede uit die bose, met hulle wat die laer dele van die aarde bewoon; en dat die vlamende skittering glad nie sulke variasies ondergaan het nie. Hulle sê ook dat die laer dele van daardie aarde bewoon word deur sowel die goeies as die boses, maar goed afgeskei van mekaar, ten einde dat die boosheid regeer kan word deur die goeie deur die Meester. Hulle voeg by dat die goeies met rukke opgeneem word na die hemel deur die Meester, en ander volg in hulle plekke, en so gaan dit voortdurend aan. In daardie afdaling was die goeie op dieselfde manier afgeskei van die boses, en alle dinge was in hulle orde gebring. Want die boses, deur verskeie kunste en listigheid, het hulleself ingedring in die woonplekke van die goeies, en hulle so besoedel, en dat dit die rede vir die besoek aan hulle in die onderste dele was. Daardie wolk, wat in sy afdaling gaandeweg blinkend voorgekom het, en ook in menslike vorm, en weer in `n vlamende uitstraling, was `n engele gemeenskap, waarbinne in die middel die Meester was, en uit dit was dit gegee om te weet wat bedoel word met die Meester se Woorde in die Evangelis, waar Hy praat van die “Laaste Oordeel,” dat Hy sal kom met die engele in die wolke van die hemel met groot glorie en krag: “En dan sal die teken van die Seun van die Mens in die hemel verskyn, en dan sal die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun

van die Mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid." (Matt. 24: 30).

172. Agterna was monnik-agtige geeste gesien, naamlik, hulle wat gereis het as monnik-sendelinge in die wêreld, en van wie hierbo gepraat is, en `n groep van geeste was ook gesien wat van daardie aarde was, die meeste van hulle boses, wat hulle verlei het na hulle kant toe. Hulle was aan die oostelike kwartier van daardie aarde gesien, waaruit hulle die goeies verdrywe het, wat hulleself na die noordelike kant van daardie aarde begewe het, en waarvan ons hierbo gepraat het. Die groep, tesame met hulle wat hulle verlei het, was bymekaar gemaak in een liggaam, tot die totaal van `n paar duisend, en was geskei toe die boses in die hel gewerp is. Ek was toegelaat om met `n gees te praat wat `n monnik was, en om te vra wat hy daar doen. Hy antwoord dat hy hulle onderrig oor die Meester. Ek vra, wat nog? Hy sê, aangaande die hemel en hel. Ek vra, wat nog verder? Hy sê, aangaande die krag om sondes kwyt te skeld, en om die hemel oop en toe te sluit. Hy was toe ondersoek oor wat hy van die Meester af weet, betreffende die waarheid van die geloof, aangaande die vergewing van sondes, aangaande die mens se redding, en aangaande die hemel en die hel, en dit was ontdek dat hy skaars iets weet, en dat hy in duisternis en valshede was oor alles en elkeen van hulle, en dat hy bevange was slegs met die idee en belustiging na wins en die regeer oor ander wat hy op aarde sy eie gemaak, en dit hierheen gebring het. Daarom was hy vertel, omdat hy so ver gereis het agter sy belustiging aan, en vir hom soos `n doktrine was, dat hy daardie geeste van daardie aarde berowe van hulle hemelse lig, en oor hulle die duisternis van die hel gebring het, en dus bring hy hulle onder die regering van die hel, en nie van die Meester nie. Bowendien was hy slu en listig in sy verleiding, maar onnosel oor die dinge wat van die hemel is. Omdat hy so was, was hy terstond in die hel gewerp. En so was die geeste van daardie aarde ontslae en verlos van hulle.

173. Die geeste van daardie aarde het ook, onder andere, genoem, dat daardie vreemdelinge, wat, soos reeds gesê, monnike geeste was, al hulle oorredingsvermoë gebruik het om hulle te oorreed om tesame in `n gemeenskap te lewe, en nie apart en in eensaamheid nie, want geeste en engele leef in assosiasie met mekaar soos in die wêreld, en hulle wat in gemeenskappe in die wêreld gelewe het, bly ook so in `n soortgelyke staat in die ander lewe. Hierdie geeste op hulle aarde, terwyl hulle daar geleef het as mense, het in `n aparte staat gelewe, in `n huis op huis, familie op familie en dus nasie en nasie as aparte families, en daarom weet hulle nie wat dit is om in `n gemeenskap te woon nie. Daarom, toe dit aan hulle vertel was dat daardie vreemdelinge gewens het om hulle oor te haal om in `n gemeenskap te bly, met die bedoeling dat hulle hul mag oorheers en te domineer en oor hulle te regeer, en dat hulle nie anders kan as om hulle onderdanig aan hulle te maak op so `n manier, en om slawe van hulle te maak nie, maar hulle antwoord dat hulle totaal onkundig is oor wat bedoel word deur regeer en heerskappy te voer. Dat hulle weggevlug het vir die idee van regeer, heerskappy en dominasie, was aan my duidelik gemaak, dat een van hulle, wat weer saam met ons teruggegaan het, ek aan hom die stad wys waarin ek woon, het hy met die eerste oogopslag weggevlug en was nie meer gesien nie.

174. Toe spreek ek met die engele wat saam met my was oor domminasie of heerskappy, en sê dat daar twee tipes van heerskappy is, een van liefde teenoor jou naaste, en die ander die liefde vir die self; en dat die heerskappy van die liefde teenoor die naaste tussen hulle is wat apart in huise bly, in families, en in nasies; waar die heerskappy van self-liefde tussen hulle is wat in gemeenskappe bly. Tussen hulle wat apart in huise, families en nasies bly, het die vader van daardie nasie die heerskappy, en onder hom die vader van die familie, en onder hom, die vader van elke huishouding. Hy word die vader van die nasie genoem omdat die families uit hom hul oorsprong het, en uit daardie families word die huise ontleen; maar al hierdie oefen heerskappy uit die liefde, soos dié van `n vader vir sy kinders, wat hulle leer oor hoe om te lewe, hy doen goed aan hulle, en so ver as wat hy kan, gee hy vir hulle van homself. Dit kom nooit in sy denke op om hulle onderdanig aan hom te maak, as onderdane of as slawe of bediendes nie, maar hy begeer dat hulle hom gehoorsaam moet wees soos seuns hulle vader gehoorsaam. En omdat sy liefde verhoog, soos bekend, handel die vader van die nasie daarom vanuit `n meer innerlike liefde as die vader waaruit die seuns afstam. So is ook die heerskappy in die hemele in sover as wat die Meester se heerskappy strek, want Sy heerskappy is uit die Goddelike liefde teenoor die hele menslike ras. Maar die heerskappy van die self liefde, wat die teenoorgestelde is van die heerskappy van liefde teenoor die naaste, begin wanneer die mens homself vervreem van die Meester; want in dieselfde verhouding as wat hy nie die Meester liefhet en aanbid nie, het hy in dieselfde verhouding homself en die wêreld lief. En uit die noodsaaklikheid om veilig te wees, vorm die nasies met hulle families en huise hulleself in een liggaam, en vestig regerings onder verskeie vorme. En in die verhouding soos wat die self-liefde vermeerder, in dieselfde verhouding vermeerder die boosheid in allerhande vorme, soos vyandskap, jaloesie, wraak, wreedheid en misleiding, en word uitgeoefen op almal wat hulle teenstaan. Want uit die persoonlike individualiteit van hulle wat in die self-liefde is, ontspring niks anders as boosheid nie, en is inderwaarheid die boosheid self, en omdat die persoonlike individualiteit so boos is, ontvang dit niks van die goeie uit die hemel nie. Daarom is die self-liefde, terwyl dit regeer, die vader van al sulke booshede. 174.1 En daardie tipe liefde is ook van so `n geaardheid, dat sover as wat die teuels skietgegee word, wens dit om heerskappy te voer oor ander in die wêreld. Ja, dit is selfs nie genoeg nie, maar hy wens om heerskappy oor die gehele hemele te hê, soos wat dit duidelik is uit die Babilon van vandag. Dit is dan die heerskappy van self-liefde, waarvan die heerskappy van die liefde vir die naaste verskil net soveel as wat die hemele van die helle verskil. Maar hoe groot so `n heerskappy vir die self-liefde in gemeenskappe is of in koninkryke en ander regerings, vind `n mens tog self ook die heerskappy van liefde teenoor die naaste tussen hulle wat wys is in liefde tot God, want hulle het hulle naaste ook lief. Dat hulle ook in die hemele woon onderskei in nasies, families, en huise, alhoewel tesame in gemeenskappe, maar in ooreenstemming met geestelike verwantskappe, sal deur die Goddelike genade van die Meester later verhaal word.

175. Agterna het ek daardie geeste ondervra oor verskeie dinge oor die aarde waarop hulle woon, en ten eerste oor hulle Goddelike aanbidding en openbaring. Ten opsigte van hulle aanbidding, sê hulle, dat die nasies met hulle families vergader op een plek elke dertien dae, en luister na die prediking; en dat die prediker dan, vanaf `n preekstoel wat bietjie hoër as die grond is, uit Goddelike waarhede preek, wat tot `n goeie lewe lei. Ten

opsigte van openbaringe, sê hulle, kom dit vroeg in die oggend, in `n staat in die middel van slaap en wakkerword, wanneer hulle in die innerlike lig is en nog nie onderbreek is deur wêreldse en liggaamlike sinlike dinge nie. Dan hoor hulle die engele spreek van Goddelike hemelse waarhede, en `n lewe in ooreenstemming daarmee; dat, wanneer hulle wakker word, verskyn `n engel in wit geklee aan hulle langs die bed, wat dan skielik verdwyn uit hulle sig, en hieruit weet hulle dan dat dit wat hulle gehoor het, wel van die hemel afkomstig is. Op hierdie manier word `n Goddelike visioen onderskei van `n visioen wat nie Goddelik is nie; want in `n visioen wat nie Goddelik is nie, verskyn daar nie `n engel nie. Hulle voeg by dat openbaringe op hierdie gemaak word aan hulle predikers, maar somtyds ook aan ander.

176. Op `n navraag betreffende hulle wonings, sê hulle dat hulle laag is, van hout gebou, met `n plat dak; en in die voorste gedeelte bly die man en sy vrou, en in die vertrek langsaan die kinders, en agter hulle die diensmeisies en manlike bediendes. Oor hulle voedsel sê hulle, dat hulle melk drink met water, en dat die melk van koeie kom, wat wollerig is soos skape. Oor hulle lewe sê hulle, dat hulle nakend loop, en dat vir hulle naaktheid nie `n oorsaak van skaamte is nie; ook dat hulle sosiale interaksie met hulle wat binne die familie woon, is.

177. Ten opsigte van die son van daardie aarde sê hulle dat dit vir die inwoners `n vlammende voorkoms het, dat die lengte van die jaar tweehonderd dae is, en dat `n dag gelykstaande is aan nege uur van ons tyd, waarvan hulle tot die slotsom kom van die lengte van dae van ons aarde wat hulle van my af gekry het. En verder dat hulle voortdurende lente en somer het, en gevolglik is die velde altyd groen, en die bome dra voordurend vrugte. Die rede daarvoor is dat die jaar so kort is, en is gelykstaande tot slegs vyf-en-sewentig dae van ons jaar, en wanneer die jaar so kort is, duur die koue nie lank in die winter, ook nie die hitte in die somer nie, en dus waarom die grond voortdurend grasbedek is.

102. Ten opsigte van verlowings en huwelike op daardie aarde, sê hulle dat `n dogter, wanneer sy op `n troubare ouderdom kom, by die huis gehou word, ook word sy nie toegelaat om die huis te verlaat totdat sy op trou staan, dan word sy na `n sekere huwelikstaat-huis geneem, waar daar nog baie ander meisies bymekaar gebring is wat die huweliks ouderdom bereik het, en daar word hulle agter `n skerm geplaas, wat opreik tot die middel van die liggaam, sodat hulle naak voorkom wat die bors en die gesig betref, en dan kom die jong manne en kies vir homself `n vrou. En wanneer `n jong man een sien wat hom pas, en waarheen sy denke hom trek, neem hy haar by die hand, en as sy hom volg, lei hy haar na `n huis wat alreeds voorberei is, en sy word sy vrou. Want hulle sien aan die gesig of hulle in denke ooreenstem, in sover dat elkeen se gesig `n indeks van die denke is, en in niks kan daar geveins of mislei word nie. Dat alle dinge behoorlik gedoen word en sonder wellustigheid, sit daar `n ou man net agter die maagde, en `n ou vrou aan die sy van hulle, om hulle waarnemings te maak. Daar is baie sulke plekke waar die jong meisies heen geneem word, en die tye word ook aangekondig wanneer die jong manne hulle keuses moet maak. Want as hulle nie `n meisie op een plek vind wat by hom pas nie, gaan hy na `n ander, en weer nie

op daardie stadium nie, gaan hy terug en wag vir `n toekomstige kans. Verder sê hulle `n man het net een vrou, en nooit meer as een nie, omdat dit teenstrydig is met die Goddelike Orde.

oooooooooooooooooooOOOOOOOOOOOOOOooooooooooooooooo

Voetnotas

52.4 Die hemel korrespondeer met die Meester, en die mens ten opsigte van elke en alle dinge korrespondeer met die hemel, en daarom is die hemel, voor die Meester, soos `n mens in `n groot afbeeldsel, en kan die "Grootste Mens" genoem word. (Die Kosmiese Mens) (n. 2996, 2998, 3624-3649, 3636-3643, 3741-3745, 4625). Wat betref die "Grootste Mens" wat die hemel is, in die algemeen, en uit ervaring (n. 3021, 3624-3649, 3741-3751, 3883-3896, 4039-4051, 4215-4228, 4318-4331, 4403-4421, 4527-4533, 4622-4633, 4652-4660, 4791-4805, 4931-4953, 5050-5061, 5171-5189, 5377-5396, 5552-5573, 5711-5727, 10,030).

159.1. Uit die belydenis van Athanasius

68. Die mens staan weer op slegs ten opsigte van sy gees onmiddelik na die dood, en hy is in `n menslike vorm, en ten opsigte van elke en alle besonderhede is hy `n mens (n. 4527, 5006, 5078, 8939, 8991, 10,594,10,597, 10,758) Die mens staan alleenlik op ten opsigte van sy gees, en nie ten opsigte van die liggaam nie (n. 10,593, 10,594). Die Meester alleen het weer opgestaan ten opsigte van Sy Liggaam. (n. 1729, 2083, 5078 10,825).

60.3. Bewegings, vordering, opklimming, afdaling, en veranderinge van plek in die ander lewe is veranderinge van die staat of status van die innerlikes van die lewe, en nogtans kom dit vir die engele en geeste voor soos werklike verandering van plek (n. 1273-1277, 1377, 3356, 5605, 10,734).

55. Die hemel word geonderskei tussen twee koninkryke, een wat genoem word die hemelse koninkryk, die ander die geestelike koninkryk (n. 3887, 4138). Die engele in die hemelse koninkryk weet ontelbare dinge en is ongelooflik meer wys as die engele in die geestelike koninkryk (n. 2718). Die hemelse engele dink en spreek nie uit geloof, soos die geestelike engele nie, maar uit `n innerlike waarneming dat `n ding wel so is (n. 202, 597, 607, 784, 1121, 1387, 1398, 1442, 1919, 7680, 7877, 8780). Die hemelse engele sê slegs ten opsigte van die waarheid, ja, ja, of nee, nee, maar die geestelike engele argumenteer of dit so is of nie. (n. 202, 337, 2715, 3246, 4448, 9196).

169.2 Om die Meester lief te hê is om te lewe volgens Sy Gebooie (n. 10,143, 10,153, 10,310, 10,578, 10,648).

169.3 Om die naaste lief te hê is om goed, reg en regverdigheid te doen in elke werk en in elke funksie, vanuit die emosie van wat goed, reg en regverdig is (n. 8120-8122, 10,310, 10,336). `n Lewe van liefde teenoor die naaste is `n lewe in ooreenstemming met die Meester se Gebooie (n. 3249).

174.1 Die mens se persoonlike individualiteit wat hy van sy ouers af oorge-erf het, is niks anders as verdigte boosheid nie (n. 210, 215, 731, 874, 876, 987, 1047, 2307, 2318, 3518, 3701, 3812, 8480, 8550, 10,283, 10,284, 10,286, 10,731). `n Mens se persoonlike individualiteit bestaan daaruit om homself lief te hê bokant die Meester, en die wêreld meer as die hemel, en kom sy naaste te na ten behoewe van homself, behalwe as dit hom sal pas, en dus uit motiewe van die self-liefde en die liefde vir die wêreld (n. 694, 731, 4317, 5660). Alle boosheid vloei uit die liefde vir die self en vir die wêreld, wanneer dit heerskappy het (n. 1307, 1308, 1321, 1594, 1691, 3413, 7255, 7376, 7480, 7488, 8318, 9335, 9348, 10,038, 10,742). Hierdie booshede is minagting vir ander, vyandskap, haat, wraak, wreedheid, en misleiding (n. 667, 7372-7374, 9348, 10,038, 10,742,) En uit hierdie booshede vloei alle valshede (n. 1047, 10,283, 10,284, 10,286).

ooooooooooooooooOOOOOOOOOOOOOOOooooooooooooooooo